Sarah: Jy moet baie mooi gaan sif dit is rêrigtig so. Ek bedoel obviously die Khan Academy en goeters is ook oulik. Daar is rerig oulike goed moet net verskriklik mooi gaan sif en baie mooi gaan kyk want ek al regig baie ure gesoek ek sê dit is skies ek val myself weer in die rede want ek dink ook nie mense besef oor die algemeen altyd watter voorbereiding daar is selfs as jy materiaal gaan soek ek het al ure op oggend gesit vir een spesifieke klas of onderwerp wat ek in die klas wou hanteer het dan het ek die hele liewe dag gesoek vir goeters so jy soek so baie jy kry so min wat werk uh dis navorsing amper op sy eie wat nerens wys nie maar goed ek het mysef nou in die rede geval. Ja uhm daar is baie benaderings in die video’s ook wat ek nie noodwending van hou nie want hulle sal juis doen wat ek nie wil hê hulle moet doen nie byvoorbeeld sê nou maar ek wil hê in ‘n ander klas nou van my van die intermediere studente ek wil hê hulle moet kan aflei waar kom die formule van die oppervlakte van ‘n sirkel vandaan. Ek wil nie vir hulle die formule gee nie en dink wiskunde bestaan uit formules uit nie so ek wil hê hulle moet dis aflei hoekom is daai formule so en hoekom lyk dit so dan gaan die youtube videojie juis daaroor ‘this is the formula’ sê nou maar ‘whatever’ uh C=2pieR so the value for pie is this if the radius is this you do this and this and this so dis verskriklik resepmatig die aanbieding so dit druis eintlik in teen wat jy in die klas wil hê moet gebeur daai leerervaring wat moet daar gebeur ja dit is goed vir partygoed seker vir samevatting en vaslegging en so aan maar ;n mens moet baie mooi gaan sif. So om jou vraag

te antwoord, ja, ek dink daar is ‘n moontlikheid en potentiaal mens moet net baie mooi gaan sif voor jy goeters nie alles is

Interviewer 2: So as mens studente na die internet toe stuur op hulle eie, uh is dit gevaarlik?

Sarah: Ek dink dit is nogal gevaarlik hoor ek sink dis baie keer want huis wat jy nie wil hê moet gebeur nie word daar vasgelê uh ja tensy jy voel ag dis nie so bad nie dit maak nie saak watse uh demontrasie hulle kry van die oppervlakte van ‘n sirkel nie ek noem nou sommer dit uh solank hulle iets kry dan is dit fine hoe hulle seining gebruik word. SO dit hang ook af dink ek uh die doel waamee mens of wat jy wil hê hulle moet bereik as dit nou outjies is wat jy weet gaan self wiskunde vir ‘n laerskool of vir graad whatever aanbied dan wil jy hulle eintlik juis van daai goed af weghou. Jy kan vir hulle sê gaan google dit maar uh ja soos ek sê ek sal versigtig wees as mens bepaalde uh ek wil sê verdighede wil bevorder.

Interviewer 2: Filter ja.

Interviewer 1: En tog wil mens hê hulle moet juis kan onderskei tussen wat is goeie inhoud en swak inhoud.

Sarah: Dis reg.

Interviewer 1: So dis moeilik.

Interviewer 2: As mens byvoorbeeld vir hulle sou uhm spesifiek daarop wys, dat daar is sulke tipe videos en wys vir hulle een en daar is ‘n beter tipe video en dat hulle byvoorbeeld kan inkoop in dat dit is die manier wat ons ons leerders ook eintlik moet leer. Kom ons kyk wie kan sulke tipes video’s gaan bring vir my.

Sarah: Dis verseker want jy kan nie eintlik beheer uitoefen oor als nie nê so soos jy gan jou eie kind moet onderskeidings vermoë leer dis goed en dis verkeerd moet hulle self kan besluit want hulle gaan binnekort in hulle klaskamers. dit is soos jy sê dat mens dit eerder dan gebruik as ‘n leer gelentheid.

Interviewer 2: Metakognisie.

Sarah: Ja, jy moet self besluit is hierdie vir jou goed spreek dit aan wat jy graag wil hê dit moet aanspreek bring vir my ‘n voorbeeld van ‘n swak video, maar bring vir my ‘n voorbeeld van wat jy met gemak sal weet uh na kyk of watokal ja dit is miskien ‘n baie goeie ding wat jy sê.

Interviewer 2: Hulle moet kan motiveer hoekom hulle dink dis ‘n goeie video

Sarah: En dit bespreek krities

Interviewer 2: En hoe dit metakognisie bevorder

Sarah: Dis reg ja, om hom krities te bepreek ek bedoel by all means dit kan ‘n mens nou versekerlik doen in ‘n hoofvak tipe van module wat ‘n bietjie didaktiek insluit nê, dit is ‘n baie goeie idee. Ja dat jy, dat hulle moet motiveer hoekom hulle so sê jy weet dis uhm.

Interviewer 2: Ek het gewonder of jy enige idee het, of dalk raad kan gee, as mens dalk ‘n tipe van ‘n sosiale media of dit nou whats app of efundi of facebook posting is, hoe mens miskien daardeur studente in groepe veral as dit nou groot groepe is kleiner groepe kon maak wat hulle vir mekaar bietjie challenge oor sekere aspekte van die module byvoorbeeld.

Sarah: Ja, weet jy ek het dit nog nie self gedoen nie, maar dit is ek weet daar is dosente wat dit doen. Weereens daar dink ek, ek wil amper sê die outjies wat ek nou spesfiek van praat wat nie vreeslik ‘n saak het met die wiskunde nie weet ek nie of hulle regtig êrens gaan maak daarmee nie. Ek weet die ouens wat ek weet Rudi hy doen nogal whats app groepe, maar wat hy self administreer, maar jy weet dan sal die studente tot 12uur die nag whats app en maar hulle sal vir mekaar wat baie help daar is as hulle ‘n vraag sou vra met die verwagting dat die dosent dit gaan antwoord is daar baie gou-gou ‘n ander een wat antwoord en sê kyk bietjie daarna en daarna so dit is wonderlik ek bedoel whats app groepe kan ideaal daarvoor gebruik word. Hulle doen dit alreeds, die studente weet ondermekaar, sodat jy dit nie eers self te administreer nie gaan jy kan wel dophou en sien wat daar gebeur, maar dit is soos jy sê as dit ‘n groot groep is kan kan hulle dalk met kleiner groepe, dit is ‘n baie goeie idee eintlik dat hulle mekaar dalk daar uitdaag of vra wat hulle onderling met ondermekaar kan uitsorteer as jy dan nou nie dadelik antwoord nie. Jy is daar om te antwoord, maar jy, hulle kan dit ook maar of as jy byvoorbeeld en ek doen dit baie keer met skool kinders het al baie vir my baie keer sal hulle vir my ‘n som vra watokal en dan neem ek maar skryf ek maar die oplossingkie dalk nou maar of so en neem nou maar ‘n fototjie en stuur terug. Maar dieselfde met studente ek bedoel hulle kan vir mekaar weet, want dis altyd moelik om te tik in terme van Wiskunde maar as jy dan nou ‘n oplossingkie het en jy verduidelik en watokal en jy kan ‘n fototjie neem en die hele groupie kan dit sien so onmiddelik is dit sommer dan ‘n buite geleentheid en nog ‘n manier hoe mens ‘n oplossing kan kry.

Interviewer 2: Net so bietjie vrae vra, maar hoekom het jy daai manier gebruik en nie hierdie manier

nie dit leer hulle ook hulle eie denkprosesse en gee vir hulle ook bietjie insae oor ander mense se

denkprosesse want ek is partymaal.

Sarah: Dis reg of 2 of 3 kan ook sê het dit so gedoen watter een dink julle en ondermekaar onmiddelik

is daar hierdie, dis maar ‘n community of practice op ‘n ander manier net weer net dit kan in die aand

gebeur hoef nie eers as ‘n groep bymekaar te wees nie. Dit gee die moontlikheid om eintlik enige tyd

vir mekaar te uh ja, soos ek sê ek het dit nog nooit, ek bly weg daarvan op hierdie stadium, want ek

wil net nie whats apps van studente in die middle van die nag hê, want ek weet Rudi doen dit nogal.

Interviewer 2: Administreer

Sarah: Ek wil nie, maar dit is ‘n baie ja.

Interviewer 2: Mens kan dit ondersoek ja.

Sarah: Absoluut ja. Nog ietsie?

Interviewer 1: Dr van my kant af is dit al, baie dankie ek waardeer dit verskriklik baie dat dr die tyd gevat het.

Sarah: Dis ‘n plesier. Skree maar as daar nog iets is, ek hoop jy kan sin maak uit al hierdie gebabbel.

Interviewer 1: Defnitief.

Sarah: En jou transkripsie op die ou end vir jou nie ‘n nagmerrie is nie.

Micro-cycle 2

Petra – current lecturer interview

Interviewer 1: Baie dankie mevrou Petra dat mevrou ons help en voordat ek die eerste vraag gaan vra wil ek net gou agtergrond gee net gou van die studie vinning en dan net oor metakognisie weer wat ons fokus is en goed uitlig waarna ons gaan kyk in mevrou se klas en met mevrou se student. So oor die studie, wil ons graag ‘n design-based research om nou die flipped classroom soos hy geïmplimenteer word dan deur middle van fokusgroepe studente te help agterkom watter efffek het dit, die flipped classroom, op hulle metakognisie of watter dele van die flipped classroom bevorder hulle metakognisie en hoe kan mens dit dan verder uitbyt as ek dit so kan stel. En dan te analiseer en dan te kyk hoe kan mens aanpassings maak in die implementering om dit dalk verder te bevorder, hulle metakognisie. So, dit is wat ons beplan en dan aan die einde half tipe van ‘n raamwerk te gee van of ‘guidelines’ om te gee so as jy ‘n flipped classroom wil implimenteer, vir wiskunde in ‘n soortgelyke konteks, hier is min of meer hoe jy te werk kan gaan. Ons het gevind dat hierdie metakognisie bevorder. So, dit is min of meer wat ons wil doen so ons fokus is metakognisie, en dan, so vir metakognisie waarvoor ons gaan uitkyk is: vat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie leer, kan hulle hulle eie leer dryf, weet hulle waar sukkel hulle, wat kry hulle reg, as hulle sukkel weet hulle hoe om dit reg te maak. Watter strategieë kan hulle toepas om ja, dan hulle leer te verbeter en hulle verstaan. Uhm, so dit is min of meer wat ons fokus gaan wees so nou wil ek graag by mevrou net eerstens hoor wat was mevrou se motivering om die flipped classroom te implimenteer?

Petra: Goed. As ek heeltemal eerlik is, in die begin van verlede jaar, onthou, het jy (Interviewer 2) gevra vir my, want jy het ‘n student wat belangstel om dit te doen. En ek is nogal oop vir iets nuuts, maar toe ek nou begin op die op kampus klas gee ook en toe dink ek ek gaan dit probeer doen en toe dit vir my lyk of dit so goed werk met hierdie student en aan die einde wat ek nog meer gevoel het dit het gewerk, is ek nou nogal begeestered om dit weer te doen. So dit is wat vir my in elk geval reg aan die begin, ek dink nie as julle dit nie opgehaal het vir my verlede jaar nie, sou ek nie noodwendig gedink het kom ek probeer dit doen nie. Ek sou maar gewoon traditioneel gaan klas gee het.

Interviewer 1: En toe Interviewer 2 vir mevrou aanbeveel, het mevrou bietjie daaroor gaan oplees, gaan kyk, is dit met kollegas bepreek? Hoe het mevrou te werk gegaan toe?

Petra: Ja, ek moet sê ek het bietjie daaroor opgelees, maar ek het eintlik ook baie wil ek amper sê, jy weet dis mos maar lees ‘n bietjie op en dan maak ek my eie opinie van hoe ek dit wou implimenteer. En ek het dit op my manier geimplimenteer verlede jaar sonder baie oplees en dit het vir my gewerk, ek voel dit het gewerk soos wat ek dit gedoen het, maar nou wat ek ook alweer verder opgelees het daaroor, is daar dinge wat ek verseker van verlede jaar net so wil doen, maar daar is ook ander goed wat ek sal bietjie ander goed bydoen of dit anders doen.

Interviewer 1: Sal mevrou dalk uitbrei wat sal verander en wat sal dieselfde bly?

Petra: Ja, ek sal. Wat dieselfde sal bly vir my, as ek nou sommer net dink aan die begin, ek dink dit het by my studente verseker ‘n rol gespeel, dat ek vir hulle voor die tyd presies vertel het ons gaan ‘n total ander ding volg, want daardie studente, onthou dis eerste jaar student, hulle het nou die eerste semester by iemand anders klas gehad. So, ek kom vat die tweede semester oor en hier kom ek met ‘n totaal ander strategie. So, ek gaan dit weer doen. Ek het reeds vir Dr Sara (previous lecturer), sy is by die eerste semester, vir haar gevra dat ek weer so by die laaste periode dan vat ek net so 10 tot 15 minute van hulle en dan vertel ek nou vir hulle, want onthou dit is die eerste keer wat hulle my sien en dis die eerste keer wat ek hulle sien. En dan sê ek vir hulle. Na die vakansie het hulle mos nou eers proeftyd ook weer so hulle begin nie eers al middel Julie nie, hulle kom eers basies middel Augustus hier aan. Dan vertel ek vir hulle, ek gee vir hulle al ‘n taak en dinge wat ons moet gee vir die tyd wat hulle weg is en dan sê ek vir hulle hoe ons gaan werk so ek vertel vir hulle so min of meer. So dit sal ek defnitief weer so hou, ek dink dit het gewerk en vir hulle so bietjie laat probeer inkoop in die ding en vir hulle sê dis ‘n ander manier en hierdie jaar gaan ek nou voel ek kan nou vir hulle sê, ek kan amper nou uit ondervinding sê dat ek het dit verlede jaar gedoen en dit het baie baie goed gewerk, jy weet verlede jaar. Ek het hulle ook motiveer om in te koop in die ding. So dit sal ek graag so hou. Wat ek anders gaan doen is ek dink my ‘power points’ en al daardie dinge sal ek baie so, want ek meen onthou dis enkele slides nou jy weet, ek dink daai tipe ding sal ek diesefde doen, maar wat ek anders gaan doen, is verlede jaar het ek vir hulle net *links* op efunde gesit, want dis mos ‘n egids en al daai dinge, waar ek gaan vir hulle hierdie jaar klasse opneem, want daar is basies 10 of 11 klasse as ek dit reg het. Dan en die verskillende konsepte in hierdie module is ook eintlik ingedeel in so 10 so ek gaan vir hulle vidoes maak voor die tyd en dit opsit. Oh en die ander ding ook, ek wil nou nie te breedvoerig alles nie, maar ek vertel maar en jy kan dan na alles kyk, wat ek ook sal verander, maar dit was omdat verlede jaar was die eerste keer, ek moes efundi leer en al daai goed, so ek het soos wat ons aangegaan het jy weet, met die eerste studie eenheid moes oplees het ek opgesit en dan het ek weer later, ek het al vir hulle klas gegee dan gaan ek weer aan op

efundi. Waar hierdie jaar wil ek graag, en veral ter wille van die afstandstudente, maar ek dink jy gaan konsentreer net op kontak student, ja, so ek wil dan vir die afstandstudente dat hulle ook al die klasse al van die begin af het. Weet so vir daai studente wat op sy eie wil werk, en wat ek dink wat veral baie goed vir metakognisie sal wees, jy weet, hulle sal jy weet dat dit moet daar wees, hulle moenie vir my moet wag nie, dis wat ek wil sê. Dit moenie klas vir klas gaan nie.

Interviewer 1: En dan mevrou, dit gaan in Afrikaans, gaan elke video dan in Afrikaans en in Engels moet wees?

Petra: Uh dit gaan ek nog oorweeg, jy weet. Maar ek glo ek sal moet, ek het al eintlik gedink dit moet ek ook vir hierdie studente vra, want die kontak klas kyk is Afrikaans, die afstand ouens is daar Afrikaans, maar daar is ook engelse kinders of student in.

Interviewer 1: Maar daar is ‘n tolk?

Petra: Daar is ‘n tolk, dis hoekom, jy sien.

Interviewer 1: Maar vir die video, gaan dit nou nê

Petra: Ja, dit gaan ‘n problem wees, maar ek is nou nog nie daar heeltemal nie. Maar, dit wil ek met hulle eintlik ook vra. Eintlik het ek gedink wat ek gaan doen en ek dink ek is amper seker dis wat ek gaan doen. As ek omtrent 10 videos maak, uh, jy weet, vir my gaan enige strategie wat ek volg wil ek hê en veral met hierdie tipe ding dit moet vir my, wat sê mens, wat is die woord nou mooi, maar uh, ek moet kan aanhou daarmee, jy weet.

Interviewer 1: Volhoubaar.

Petra: Volhoubaar wees, dis die ding. Ek moenie nou so ongelooflik baie insit dat volgende jaar, en dit werk alles baie goed, en volgende jaar ek weet net ek sal nie op die lange duur, want ek het ook nie net een klas nie. Want onthou die hele idee is mens wil kyk of jy dit na ander klasse ook kan vat. So, ek dink wat ek vir hulle en sommer daar waar ek hulle ontmoet, gaan ek klaar vir hulle sê, ek kan nie videos in altwee tale maak nie dis soveel kostes en ure en wat okal, seker nie kostes vreeslik as mens op efundi sit nie. Maar ek gaan ‘n klas in Engels en ‘n klas in Afrikaans. So, die Afrikaanse ouens moet nou maar bietjie verlief neem. Dit is vir almal goed dat hulle nou maar in altwee tale dit dan kry. Of ek moet die elke video heeltemal gemeng maak, maar ek dink nie so nie. Ek dink ek moet eerder een moet Afrikaans wees, een moet Engels een Afrikaans, so ek dink ek sal dit doen.

Interviewer 1: En as ek mevrou nou al reg verstaan het wat mevrou nou al gesê het, het die flipped classroom het defnitief mevrou se verwagting ‘gemeet’?

Petra: Absoluut.

Interviewer 1: Oortref selfs?

Petra: Weet jy rêrig, en uhm eintlik aan die einde het ek gevoel, want ek het daai 62 studente in daai klas gehad wat eksamen geskryf het, waarvan ‘n derde omtrent nie eers Wiskunde op skool gehad het nie, hulle het geletterdheid gehad. En dit is nie ‘n baie moeilke module nie, dit gaan mos oor 2 en 3 dimensionele voorwerpe en figure en goed. So, dis rêrig nie so moeilik nie, maar dit is moeilik vir studente wat nie daai goed verstaan nie en wat vir my op die ou einde was, was dat in die eerste geleentheid het net 3 studente nie geslaag nie. Verder het almal geslaag en selfs daai baie wat geletterdheid gehad het, en daai ander drietjies het met die tweede geleentheid geslaag. So, dit het vir my die as jy nou sê die verwagtinge oortref weet, dit het vir my absoluut verstom, rêrig.

Interviewer 1: So, dit was ‘n goeie slaagsyfer.

Petra: Baie. Ek meen ek het gedog dit was bitter goed.

Interviewer 1: Op watter ander manier dink mevrou het die studente gebaat by hierdie benadering?

Petra: Ek dink as hulle net kon, kom ons wees eerlik, wat is die eintlike ding van ‘n flipped classroom? Vir my, is dit die student kom voorbereid klas toe nê. Hy kom hoor nie by my vir die eerste keer iets nie. En ek dink daai ‘skill’ om dit te kan, of al is dit nie ‘n ‘skill’ nie, maar dit is eintik ‘n ‘skill’ as jy dit kan regkry. Maar daai, al is dit amper ‘n ‘attitude’ om so te wees. As ‘n student dink ek dit kan vir jou ongelooflik baat met alles wat jy doen.

Interviewer 1: Vorentoe in jou lewe, om nie net terug te sit nie.

Petra: Absoluut. En om te wag dat iemand iets vir jou moet verduidelik nie. En wiskunde is mos maar vir my, jy weet self, dis vir my daai as jy dit net al bietjie gehoor het en daai was nou vir jou moeilik, jy het nie lekker verstaan wat is daai nie. En môre as iemand dit dan sê, dan kliek jy, of dan kan jy ten minste vra hoor hier daai ding het ek nie vertstaan nie, maar ek het al so effense agtergrond.

Interviewer 1: So, het mevrou gevind dat hulle wel voorbereid klas toe gekom het?

Petra: Absoluut. Weet jy daar het studente vir my gekom, omdat ek net die links opgehad het, dan sal hulle vir my kom sê en die pragtigste goed uitgedruk dan sê hulle: mevrou hierdie het ons nou weer gekry. Want ek sê vir hulle op efundi hulle moet kyk vir nog ander *links*. Hulle bring vir my dan moet ek dit vir al die ander ook opsit en so. So hulle het defnitief.

Interviewer 1: So, baie het nog bronne gaan soek.

Interviewer 1: Ja, presies, presies. Daar sal altyd ouens wees wat glad nie iets doen nie. Ek meen dit weet mens jy weet. Maar ek het my uhm, wat ek raak gesien het was in elk geval en hulle het ongelooflik die klas bygewoon.

Petra: O, so die bywoning was ook goed?

Interviewer 1: Ja, ja. Bywoning was baie goed. Maar daar het ek nou miskien ‘n ander ding dit het dalk nou niks met die flip te doen nie, hoewel dit het dalk, want omdat ons nie vreeslik klas gegee het in die klas nie. Ek het absoluut net klas gegee as hulle vir my vra, maar hulle het darem elke keer iets gevra ook. Uhm so my een slide was spesifiek nadat ons mos nou gegroet en gewat alles het was gewees: enige vrae? Dis hoe ek die klas begin. Want hulle het mos nou klaar voorberei. En dan het hulle later agtergekom nee daar is goed wat hulle vir my wil vra en dan verduidelik ek bietjie op die bord en ons gaan aan. En dan het ons die grootste gedeelte van die klas het ons ‘n groepsopdrag gedoen en ek het dit ook met hulle, ek weet daar is ook seker maar ouens wat mens geboel het en so, maar ek het vir hulle, jy weet, ek is rêrig oop met hulle gewees en ek het vir hulle gesê hulle moet oop wees met my. Hulle sit in groepe en hulle werk en ons merk dit ook nog weer aan die einde van die klas en daardie gee hulle in, dit is hulle bywonings ding. Hulle kry nie ‘n ander punt daarvoor nie en vir die 10 klasse so dit was 10 punte klaar het hulle om by te gewoon het.

Interviewer 1: So, dit was vir hulle motivering so half?

Petra: Ja, dit het vir my gewerk.

Interviewer 1: Uh mevrou het nou genoem dat hulle ekstra *link*s, so ekstra bronne, na mevrou toe gebring het om vir die ander op te sit. Het mevrou gevind dat van hulle dalk agtergekom het: ons het hierdie bronne ook gekry maar dit was swak bronne. Kon hulle dalk onderskei tussen ‘n goeie bron en ‘n swak bron?

Petra: Ek kan nie onthou dat enige iemand vir my dit gesê het nie. Ek dink hulle sou net wat hulle dink wat oulik is vir my bring, jy weet. Hulle het dalk n paar ander ook gekyk, maar onthou ek het hulle maar net basies in die klas of na die klas gesien.

Interviewer 1: Okay. En dan watter, die Engels, ek weet nou nie wat is die Afrikaans, *concerns.* Soos watter bekommernisse was daar rondom die flipped classroom? Enige iets as mevrou nou moet sê. Van mevrou se kant af en van die studente se kant af.

Petra: Ek dink dit sal wees daai ouens wat nie voorbereid klas toe kom nie, want nou gaan hulle nie vreeslik in die klas kry nie en veral as hulle glad nie voorberei het nie, dan gaan hulle ook nie eintlik in die klas kom en sê verduidelik asseblief vir my daai stukkie, want dit het ek nie verstaan nie. Jy weet, toe ek gekyk het so hulle is nou half heeltemal *lost*. Dan dink ek uhm, dalk die feit dalk dat dit ‘n nuwe manier is dis rêrig iets om aan, of in te koop by, want anders gaan dit nie lekker werk nie.

Interviewer 1: Dis verandering.

Petra: Ja, dis verandering. [Pause] Uhm wat het vir my nog eintlik, ek kan nou nie. Dit sal seker, ek vat amper as ek die student aan die ander kant was, omdat ek nie so efundi gelettered was nie, dink ek dit sal moeilik wees om die goed te kry daar en natuurlik as jy nie internet of iets toegang het nie, dan gaan dit ook vir jou ‘n probleem wees.

Interviewer 1: En vir mevrou, om die efundi toe nou bietjie meer geskool te raak mee, was daar ondersteuning en hoe was dit?

Petra: Nee, kyk daar is altyd ondersteuning, maar ek meen ek het nou alweer alles vergeet ek het klaar gesê hulle sal my weer moet help. Maar nee wat, ek is seker daar is, jy gaan vra maar net iemand om jou te help. Ja, jy weet so.

Interviewer 1: En dan tydsgewys, as mevrou dit vergelyk het met ‘n meer traditionele benadering en nou hierdie. Het dit baie meer tyd gevat?

Petra: Dit het nie vir my verlede jaar noodwendig baie meer tyd gevat nie. Dit het aan die begin as ek dink aan daai Julie vakansie omdat hier in begin Julie moes die studie-eenheid een en dinge vir hulle opgelaai gewees het met hierdie eerste taak. So, dit het miskien bietjie tyd gevat en omdat ek nou nie met efundi lekker jy weet geken het nie, so daar moes ek baie ure insit en ek moes die *links* kry en jy weet en so. So ek moet sê dit het baie tyd gevat, maar toe ons eers aan die gang is, was dit nie vir my noodwendig meer tyd nie. Nee wat, glad nie. Want ek meen dan het ek die goed daar, ek het die take, ek gaan basies klas toe en ek het hulle ek dink drie toetse laat skryf deur die semester so ek het nog daarvoor tyd gehad, ja. So, daar was nie spesiefiek meer tyd nodig nie.

Interviewer 1: En dan nog van die bekomernisse, mevrou het nou genoem dat as jy nie voorberei het nie gaan jy klas toe kom en glad nie daarby baat nie nê, want almal is dan half

op die volgende trappe en jy gaan voel jy word agter gelaat. Maar jy moet dan kan besef: ek moet net gaan voorberei vir hierdie. Het mevrou ‘n voorstel hoe mens hierdie bekommernis kan aanspreek?

Petra: Kyk, ek het nog nie heeltemal die voorstel nie, maar ek het gedink hierdie jaar dis iets wat ek ook wil verander. Ek wil amper aan die begin van die klas vir hulle ‘n, nie ‘n werkkaartjie nie, maar amper ‘n vinnige *quiz* of ‘n ding gee om te kyk of hulle dit wel voorberei het. Weet om hulle so nie ook om te motiveer nie, dis amper meer ‘n *check* om te kyk, jy weet, want dat ‘n mens op die ou end kan sê weet daaruit behoort mens seker te kan sien ja, die ouens het bietjie voorberei deur na my klas te gaan kyk. Ek sal iets iewers iets in die klas dalk probeer inbou wat ek gee. Dat hulle dit wel gekyk het.

Interviewer 1: Sal mevrou oop wees daarvoor om dit ook op efundi te sit? Dat hulle na ‘n video daar op efundi iets kan invul wat mevrou ook toe sal toegang hê om te sien okay so hulle het, die quiz nou, en om te sien of het hulle dit gekyk?

Petra: Dalk is dit nou ‘n manier om dan moet hulle dit die aand voordat ons die klas het, moet hulle reeds. Dis seker ‘n moontlikheid op efundi, maar onthou ek is nou nog nie so skerp daarmee nie. Dit is miskien waar mens dit kan insit. Net ‘n twee of drie vraag dingetjie en kyk. Maklike goedjies, maar net om te sien hulle het dit wel gedoen. Maar met so iets, dit hang nou af kyk ek wil ook nie lang klasse opsit nie. Ek gaan 10-15 minute maksimum jy weet videotjies daar opsit wat daai dag se goed gaan oorgaan. En ek meen iemand kan maklik dalk veral as dit baie elementêr is, kan hulle in elk geval nie die video kyk nie en net gou daai goed doen. So, ek weet nie, jy weet. Ek is, eintlik is ek nie ‘n checker nie, jy weet. Ek wil hulle eintlik meer probeer motiveer, ek wil nie eers wonder nie en dis maar my tipe manier van praat met hulle ok in die klas dat ek vir hulle sê: ek check julle nie op nie, want jy is mos groot, jy kan doen wat jy wil, ek sê net vir jou ek dink dit gaan vir jou beter wees as jy hierdie goeters gaan kyk. En ek weet nie, dit het vir my verlede jaar gevoel net my gewone praat goed met hulle, vir meeste van die ouens het dit gewerk.

Interviewer 1: Hulle het ingekoop. En dan, mevrou verduidelik mevrou se rol in hierdie flipped classroom.

Petra: Oh ek dink dis baie belangrik nê. Uhm, wel voorbereiding en dan in daai mate se aanbieding van die klas nou maar. Dis mos nou maar heeltemal my verantwoordelikheid. Maar dis ook of my verantwoordelikheid is ook groot om om hulle spesifiek betrokke te kry jy weet. Ek meen, daai ding kan nie werk as die studente nie betrokke is nie, hy gaan rêrig waar en dan kan hulle nog steeds baie goed gedoen het maar ek sou nie dink dis as gevolg van

die flipped classroom nie. Hulle het dalk iets anders gaan doen. Videos of na die tyd gekyk, hulle het nie noodwendig dit in die klas optel nie.

Interviewer 1: Die betrokke, bedoel mevrou aktiewe leer?

Petra: Ja, ja, ja. Absoluut.

Interviewer 1: Okay. Dat hulle aktief betrokke is by die in-klas sessies, soos in die klas spesifiek?

Petra: Ja dit, en veral dit voor die tyd. Die in-klas sessie kan eintlik hulle, of hulle kan net daarby baat nou as hulle vooraf voorberei het. Want as ek nou nie vreeslik in die klas in detail weer verduidelik nie en hier kry hulle n klasopdrag om nou te doen in die klas, dan gaan hulle mos nie daarby baat as hulle nie voor die tyd nie. Maar wat jy gevra het my rol is defnitief, ek meen, ek dink die saamstel van die videos, die saamstel van die inhoud van die videos, want ek het al gedink ek wil eintlik my videotjies wil ek rêrig doen soos wat ek klas gee. Ek wil nie, dit moet nie soos ‘n ek wil amper sê ‘n formele video of *link* dink wees wat hulle nou na gaan kyk nie. Alhoewel daai ook nie formeel is nie, dis baie lekker ek meen gemaklik jy weet, inligting. Maar, ek wil vir hulle rêrig klas gee soos wat ek die klas sou gee oor daardie goed. En dit moet tot hulle beskiking wees. Dis maar al.

Interviewer 1: En

Petra: Die hele rede hoekom ek dit wil doen is, as dit weer vir my hierdie jaar so goed werk, dan wil ek my ander klasse ook so gee. Dis hoe ek dan wil klas gee, want dit werk vir my. So.

Interviewer 1: En dan mevrou se rol in die klas, soos vir die klas aktiwiteit as hulle nou kontaksessies het?

Petra: Kyk, dan het ek nou maar basies dit net aan die begin lei ek dit nou eers dat ek nou vra wat hulle het en ek het ook ‘n assisstent gehad in die klas so kom ons sê nou maar die laaste 40 minute minstens seker van die uur of wat, doen hulle nou die taak, die groepstaak, en dan loop ek maar tussen hulle rond ek meen ek help, ek is heeltyd daar bekikbaar vir as hulle vir my vra vrae. Want hulle sit in groepies van 4 of 5 en hulle werk saam en ek meen ek loop maar en kyk en vra.

Interviewer 1: Okay. Hoe het mevrou geweet of, of wanneer, die student geleer het wat mevrou wou gehad het hulle moet leer?

Petra: Goed. Ek het dit glad nie in die klas of so dink ek geweet nie. Ek het dit met die toetse sou ek dit agtergekom het, dink ek. Maar ek moet sê ek het veral in die eksamen dink ek agtergekom, na hulle eksamen geskryf het. Omdat hulle, kyk onthou hulle het nou nie 90% nie, maar ek meen om te kon slag het ek rêrig gedog weet hierdie ouens het geleer wat ek wou gehad het hulle moes leer in die klas. So, ek dink ek sou eers, want ek het niks anders in die klas gedoen nie. Want ek het nooit na daai groepstake gekyk nie, ons het dit mos, hulle het dit gedoen en ek het weer dit gemerk. ‘n Effense ietsie wat mens wat ek dalk sou agterkom, as ek nou met hulle deurloop die tipe vra wat hulle vir my vrae dan weet ek: hierdie ou het daai gekliek, maar hierdie nie. Jy weet, dis hoe, daai deurgans help. Maar ek sou nie toe dink, oh die ou het dit geleer of iets nie.

Interviewer 1: En dit is wat help met aktiewe leer as mens vir hulle die aktiwiteite gee in die klas dat die dosent nou juis daar is om hulle te kan ondersteun en te kan help wat hulle nou moeilike goed by die huis op hulle eie sou moes doen nê wat een van die flipped classroom, wat dit so voordeel van maak is dat hulle heeltyd iemand het wat heeltyd onmiddelik vir hulle kan terugvoer gee en nou vir hulle kan lei in wat hulle moet kry. Hulle is nogsteeds nie daar om die antwoorde te kry nie, maar net om vir hulle beter te lei. *Scaffolding* soos wat ons nou sê. En mevrou het gevind dat dit wel so was, dat dit het goed so gewerk?

Petra: Nee, absoluut. Ek dink die studente voel goed jy weet of dit was my ervaring. Hulle voel goed as hulle uit die klas uitgaan en presies soos daai huiswerk van vandag se goed is nou eintlik gedoen weet. Hulle huiswerk is mos nou moet hulle weer basies nuwe goed gaan kyk. Ek wil amper partykeer dink dis ‘n tipe van ‘n druk ook op hulle as hulle nou by die huis sit nou kan hulle nie die somme doen wat hulle vandag in die klas nog effens verstaan het, maar nou kon hulle dit nie doen nie, maar môre in die klas gaan die juffrou dit net merk en dan gaan sy alweer aan met nuwe goed, waar nou is die druk is vir my dalk moontlik van hulle af, want dit wat hulle nou by die huis gaan kyk, dis nuwe goed. Ek dink dis nie soveel druk nie. Dis nie dat hulle dit môre moet kom weergee nie. Hulle kan eintlik nou agterkom, maar as ek dit nie verstaan nie kan ek môre vra jy weet. Dis so half die tyd ding is so bietjie weet in ‘n ander volgorde.

Interviewer 1: En mevrou, die aktiwiteite wat hulle in die klas nou gedoen het, dis maar tipe aktiwiteite wat hulle in die verlede by die huis sou gedoen het nê?

Petra: Absoluut.

Interviewer 1: En die tipe vrae wat in toetse en eksamens is en so?

Petra: Ja.

Interviewer 1: Okay. En

Petra: En baie lekker *real life* goed, want hierdie module laat hom weet leen hom verskriklik daartoe.

Interviewer 1: Ja. En so wat, in mevrou se opinie, was die studente se houding teenoor hierdie benadering?

Petra: Ek het rêrig waar baie baie positiewe houding gekry by hulle.

Interviewer 1: Is dit?

Petra: Baie, ja. So ek sien eintlik uit dat ‘n mens kan half ‘n vraelys vir hulle vra, wat hulle daarvan gedink het, want ek het dit toe nou nooit gedoen nie. Maar die waarmee ek te doen gekry het en weet, hulle is baie oop ook in die klas en ek meen ek vra vir hulle van tyd tot tyd in die klas, ek het veral in die begin het ek vir hulle gevra ook. Elke week dan sê ek: onthou nou hierdie is ‘n heel nuwe benadering, sê vir my, julle moet vir my sê moet ons so aangaan of moet ons op die ou manier gaan en dan het hulle vir my gesê, die klas oorwegend, daar gaan een of vyf wees wat gesê het nee, maar ek meen oorwegend het hulle gesê nee ons moet so aangaan. So ek meen ek het hulle pertinent gevra.

Interviewer 1: Was daar een of twee klagtes oor iets spesifiek, of nie rêrig wat mevrou nou kan onthou nie?

Petra: Weet jy wat, ek het, ek gaan nie nou kan onthou nie, maar ek het want by op kampus het hulle mos daai evaluering vorms onthou ek nou en hulle het dit vir my gestuur dit is in my kantoor. Ek het tog gelees, maar daar was ook baie, alles was feitlik positief, ek moet bietjie weer gaan kyk wat het hulle gesê. Ek het dit nou verlede jaar gekry, maar daar sou wees jis ek onthou toe ek iets gelees het, maar ek kan glad nie onthou wat dit was nie. Ek sal bietjie lees voor hierdie jaar dat ek weet.

Interviewer 1: En dan, kan mevrou ook nou enige iets dalk wat na mevrou toe terugkom waar hulle wel hulle metakognisie moes gebruik het. Het mevrou êrens iets opgetel wat ‘n student ja, hulle metakognisie moes inspan. Of dan nou ook, watter dele van die flipped classroom kan dit moonlik bevorder?

Petra: Uhm, wel verseker as hulle nou nie vooraf verstaan het nie, sê nou maar kom ons sê dis ‘n bietjie van ‘n moeliker konsep en hulle het dit nie lekker verstaan op die video of iets nie, ek dink die feit om te kan weet ‘ek het hierdie nie verstaan nie, ek moet môre kan, ek moet nou mooi kyk wat ek moet vra’. Dis vir my metakognisie.

Interviewer 1: En hulle het dit gedoen?

Petra: Ja, jy weet, so ek dink daai dit kan vir hulle amper met die leer in die klas en die engagement in die klas kan dit vir hulle mee help dink ek wat metakognisie is. Ek dink as hulle bietjie verander. Die hele feit om dalk te verander het van tradisioneel en hulle hele houding om in te gekoop het in hierdie ding, is ook ‘n metakognitiewe *skill* wat hulle dink ek, want ek meen veral as hulle agtergekom het dit werk vir hulle of iets anders en hierdie werk beter en hulle het nou verander en nou gaan ek dit so probeer doen. Sou ek dalk dink.

Interviewer 1: En hoe sal mevrou dink, waar, watter aspekte van die flipped classroom kan mens dalk, ja kan dit bevorder, watter dele in die klas kan mens miskien implementeer of inwerk om metakonisie te bevorder en dalk selfs, ek probeer nou dink as mens op efundi ‘n quiz sit na die tyd om te kyk of hulle dit gedoen het byvoorbeeld daar kan mens ‘n leidende vraag vra om metakognisie uit te lok dalk?

Petra: Jy bedoel na die klas?

Interviewer 1: Ja, na die video.

Petra: Na die video, voordat hulle klas toe kom?

Interviewer 1: In ‘n *quiz* kan mens dalk iets inbring. Ek weet nie wat mevrou dink daarvan. Of hoe in die klas kan mens dalk nog verder hulle kry om te dink oor wat hulle besig is om te leer.

Petra: Ja, mens kan bietjie dink wat mens kan ekstra doen, maar soos ek sê ek wil net, wat okal ek doen wil ek hê moet ek môre weer kan doen en volgende jaar weer kan doen weet, as dit werk. Anders sal mens maar soos mens gaan maar kyk. Ek sal bietjie dink in hierdie jaar wat kan mens doen.

Interviewer 1: Want hierdie vraag sluit nou eintlik daarby aan, maar in die klas het mevrou gevind dat in vergelyking met die tradisionele benadering dat mens meer toegang het tot wat studente dink?

Petra: Moontlik omdat jy weet, ek het kom ek sê traditioneel in ‘n wiskunde klas as ek nou dink ek waar ek skool gehou het en as ek nou hier is. Eintlik teach ek die hele tyd want daar is so baie om vir hulle te, oor te gee of deur te gee en omdat as ek nou dink aan my ander klasse, my ander studente en so, dit voel vir my altyd waar hulle is, het hulle nie mense om hulle met die wiskunde te help nie, so ek wil vir hulle die wiskunde verduidelik nê. So, jy het min kans om agter te kom hoe leer hulle en wat het hulle geleer en wat dink hulle. Waar met

hierdie was nou vir my ‘n totaal ander ding van die afstandsonderrig omdat ek nou vir hulle baie gesien het. Ek meen ek sien hulle elke week vir ‘n uur en ‘n kwart of iets. En die feit dat mens nou in die klas, dat hulle sit en werk en ek deur hulle kon stap en alles, ek dink tog daar kan ek op ‘n manier agter kom wat hulle leer en hoe hulle leer en steeds daar is een of so in ‘n groep wat ek weet: daai ou is glad nie by nie, sit miskien sommer iets anders en doen jy weet of wat okal. Maar, nee ek dink dis maar die enigste manier.

Interviewer 1: So, daar is defnitief daai ruimte in die klas om toegang te kry tot wat hulle dink?

Petra: Ek glo so ja. As n mens spesifiek jy weet dink of ek kan dit doen en ek meen jy gaan nie elke keer by alle groepe nie, maar ek meen by ‘n groep of 2 weet om spesifiek bietjie te kyk wat gesels ‘n ou daar. Dis amper dat een van die studente hierdie wanneer ons nou die groepstaak merk, dat ‘n groep blykbaar ag byvoorbeeld vir ons kom verduidelik jy weet. Ek dink dit kan ook as jy dan op ‘n student of twee sit dat hulle kan sien.

Interviewer 1: En dan, het mevrou gevind dat die studente wel self-gereguleerd was en kan mevrou dalk voorbeelde gee?

Petra: Ek, weet jy hoekom dink ek, ek kan nou maklik sê ja nê ‘n rede hoekom ek nogal sal sê is as ‘n student veronderstel is om hierdie 4 of 5 *links* wat ek daar op gesit het deur te gaan, voor klas en dan kom ‘n student by my in die klas eintlik opgewonde en sê jinne ek het nog hierdie oulike goed gekry mevrou, van die goeters dan voel ek daai ou het nogal self-gereguleerd gewerk. Ek meen hy het bietjie *beyond* gegaan, hy het bietjie iets ekstra gedoen dit sê vir my, maar niemand gaan vir hom bevoor of benadeel as hy dit doen nie. So iets is vir my nogal bewys van dat ouens gaan. Ander manier ek weet nie vir my voel praat, van studente wat met my praat, oor die werk of jy weet wat in my kantoor in *hop* en iets kom vra, dis vir my ook ‘n bewys van hierdie rêrig, hy het in ‘n mate metakognitiewe *skills* of self-gereguleerdheid dat hy vir my kom dinge vra jy weet. Ek meen hy weet: jinne hierdie kry ek nou nie lekker by nie, ek is nie lekker by nie dit kos my een trippie na die vrou se kantoor toe en ek vra vir haar jy weet. So, ek weet nie dis maar wat ek sien wat ek sou dink. Daai ou lyk vir my of hy self-gereguleerd is.

Interviewer 1: En van die 62 studente as mevrou nou moet sê, was dit meeste van die studente wat darem sulke gedrag getoon het meeste van die tyd?

Petra: Ja, nou nie almal, wel daar was baie altyd by my in die kantoor, maar nie almal sal goed bring nie. Die positiwiteit of watokal wat ek in die klas gevoel het moet ek sê was by meeste, rêrig waar. Ja, dit het vir my so gevoel.

Interviewer 1: So, hulle het ook hulle verantwoordelikheid aanvaar as self-gereguleerde leerders?

Petra: Ek dink so. Ja, miskien was dit net vir hulle nie so abstrakte wiskunde module nie, jy weet, meen daai *link* so lekker met *real life*. Hoewel hulle sukkel, hulle weet nie altyd die verskil tussen ‘n volume en ‘n oppervlake nie of so, maar ten mniste dink ek as hulle ietsie verstaan kan dit vir hulle sin maak. Ons in nie met sinx of x tot die mag dit of jy weet daai wat hulle lekker nie verstaan nie, want daai is vir hulle abstrak. Want ek moet sê, die eerste semester module wat hulle doen, hierdie selfde klas wat ek dan nou oorvat, is baie abstrak eintlik weer en dis vir hulle ‘n moeiliker module dink ek jy weet en ek weet nie of mens so tipe of sulke tipe inhoud baie suksesvol met ‘n flip sal doen nie, maar ek het al gedink ek sal dit graag probeer as ek so tipe module doen.

Interviewer 1: Kan mevrou dink aan nog voordele wat ons nog nie aangeraak het nie van die flipped classroom dalk?

Petra: Weet jy ‘n ander voordeel is verseker soos ek sê, ek het nou vir hulle in die klas die toetsie, nie toetsie nie die take, saam laat doen en dit was hulle bywonings ding gewees maar as ‘n ou nou nie in die klas kan wees nie, dink ek dis een van die groot voordele van ‘n flipped classroom weet. Okay, hier by my het hulle nou ‘n punt verloor jy weet, omdat hulle nou nie klas bygewoon gehad het nie, maar ek meen dit gaan nou nie op die ou end so vreeslik daaroor nie, dit gaan oor jy kan nog steeds daai werk gaan kry, waar anders as jy nie in daai klas was nie en dis nêrens waar jy dit kan kry nie dan moet jy jou eie goed gaan soek maar nou kry jy basies presies wat die ander ouens in die klas gehad het. Jy weet so dis vir my ‘n groot voordeel.

Interviewer 1: Dis defnitief ‘n groot voordeel.

Petra: En ook die ding van, ek weet nie, ek glo maar as jy nie vandag so lekker is nie of daar het iets in jou lewe gebeur en jy is nie lekker by nie, al sit jy in die klas is jy eintlik nie daar nie en nou kan jy dit gaan doen of jy dit gaan doen of nie gaan doen hang nou van jou af maar jy kan, jy weet, dit is daar. En dis dieselfde goed wat daai ouens geleer het. En ek dink ook, ek weet nie, ek het jare terug toe hulle so met die groepwerk ingekom het, was ek nie baie *keen* op die groepwerk in wiskunde nie, maar seker modules leen hulle daartoe en hierdie flipped classroom ek dink tog jy weet hulle baat deur in die groep te sit en veral nou het hulle die geleentheid. Jy doen eintlik saam huiswerk, dis wat jy doen. En ek dink dit help die swakker ouens verseker, maar dit help die sterker ouens ook, want as hulle die leiding vat en nou kry

hulle die geleentheid om vir hierdie ouens te verduidelik jy weet. Ek weet nie, ek dink sulke goeters is verseker voordele.

Interviewer 1: Defnitief.

Petra: En dis daar of dit altyd gebeur, is dalk nou nie, dit gebeur dalk nou nie by elke tafel en elke keer nie, maar dit, die omgewing is reg daarvoor.

Interviewer 1: Interviewer 2, het dr enige vrae?

Interviewer 2: Ek het eintlik ‘n opmerking, ek het besef, want ek ken haar en haar entoesiasme en die flipped classroom gaan baie afhang van die dosent se ingesteldheid. En ek dink as ‘n dosent so entoesiasties is gaan jy defnitief dalk ander resultate kry as met ‘n dosent wat half verplig word om dit te doen. Of wat nie oop is vir nuwe maniere nie of wat net wil jy weet dit moet nou gebeur. Ek dink in elk geval dit gaan, die navorsing gaan baie beteken vir die afstand, want dit gaan die afstand en op kampus op dieselfde vlak kan sit. Kyk, jy gaan nie voel jy skeep die afstand af nie, want hulle het dieslfde geleentheid, hulle moet net nog meer self-gereguleerd werk. Ek het net gewonder as, ons het nou gevra, dink jy daar is ‘n ander manier wat mens kan kry om hulle byvoorbeeld meer sê nou maar soos sosiale media, whats app groepies sê nou maar een kry ‘n *link* en hy wil dit *share* op daai whatsapp, dink jy dit sal hulle help om bietjie meer...?

Petra: Ek dink dit sou ja. Nou ek het nogal gehoor, by uh op efundi kan ‘n mens amper soos jy nou noem ‘n *chat* groep of ‘n ding hê. Nou onthou ek is nou nog nie gevorderd tot daar nie en uh ek het ook gedink dat toe iemand nou dit sê toe dink ek, maar ek wil nie daar gaan nie, want ek kan nog nie daai goed ook run nie, en ek meen ek kan dit nou met hierdie klas probeer, maar ek gaan dit nie volgende jar met meer klasse of so kan doen nie.

Interviewer 1: Dit moet volhoubaar wees.

Petra: Daars hy. Toe is die ding spesifiek, toe sê hulle dis juis die ding, jy hoef eintlik nie daarby betrokke te wees nie, hulle het hierdie *chat* groepe en so hulle kan mekaar dan eintlik nog uit die klasse jy weet, mekaar ook help. So ek weet nie, ek gaan dit verseker ondersoek, jy weet maar soos ek sê as dit vir my en dit gaan nie oor tyd nie, maar dit gaan eintlik in effek oor tyd jy weet, as ek moet die verantwoordelikheid vat van daai ding en nou moet ek dit vir hulle run en wat okal, dit gaan ek nie doen nie. As ek, as dit kan so geskep word en ek sal met die mense by efundi of wat okal praat. As dit so geskep kan word dat hulle amper in een groot groep of die engelse outjies saam en die afrikaanse outjie saam of hoe okal hulle sou

wou. Maar ek meen as dit 60 is, 60 kan maar saam wees dan leer almal van almal daar, jy weet. En dan kan dit net nog n verdere pluspunt wees.

Interviewer 2: Ek het nou gewonder sê nou maar daar is die wat nou nie belangstel nie, wat nou miskien minder weet leiding neem of minder deelneem. Sou mens as mens nou wil ‘n klein groupie hê en jy sê maar met ‘n assisstent en jy vra vir ‘n assisstent om nou daai goed bietjie te bestuur en dit elke week moet iemand anders byvoorbeeld terugvoer gee op wat op die groep gebeur het. Dat hulle moet roteer, hulle moet ander woorde betrokke bly. Ek dink aan maniere om hulle bietjie meer weet *continuously* ondersteuning.

Petra: Ons kan bietjie dink. Daai gaan ek natuurlik nou nie by afstand kan doen nie jy weet.

Interviewer 2: Dink jy so?

Petra: Nee, kyk ek gaan byvoorbeed met hierdie selfde klas wat ek elf klasse van ‘n uur en ‘n kwart het, het ek twee 45min klasse by afstand so ek moet. So die terugvoer, die whatsapp groepe sal dalk werk en hulle met mekaar, maar ek meen niemand kan terugkom nie. Maar dat hulle dan almal saam net soos op efundi en ek het dit mos nou verlede jaar mos gewerk daar is ‘n afstand groep, ek het een vak maar ‘n afstand groep op efundi en ‘n kontak groep en weet hulle sien nie mekaar se goed nie maar uh nou gaan die videos goed wat ek wil doen, die videos wat gaan opwees is op die groot *site*, sê dan nou maar vir almal, maar uh dan kan mens die groepies. Maar eintlik dalk kan, hoekom is hulle nie almal een groep dan nie? Die afstand ouens kan mos in die ander groep wees, mens kan dit ook eintlik ondersoek, dat almal saam in een groep is. Maar dit kan dalk baie groot raak, ek weet nie, kom ons sê nou net daar is 100 altesaam, 100 is te veel dink ek want ek meen daai ding gaan so besig wees. Maar ek weet nie.

Interviewer 2: Ek wonder, ek het nou miskien so uh amper in effek soos *buddies* dat jy selfs op en afstand groepeer en dat hulle amper almal NWU studente almal saam leer, of dit ‘n manier is of nie.

Petra: En dink jy dalk dan 100 kan mens sê, maar kyk ek kan nie voorsien dat daar in my klas meer as 100 gaan wees nie.

Interviewer 2: Dan doen jy 10 in ‘n groep? Want om 100 mense se posting te lees.

Petra: Dis te veel.

Interviewer 2: As jy 10 mense in ‘n groep het en jou assisstent dit vir jou kan *manage* en daai person kan daai mense nogal uitbring. En help groepe stig.

Petra: Ek sal dit bietjie ondersoek. Maar dit is vir my nogal waar ek nou is en verlede jaar dit was nie vir my uhm ‘n hoof fokus nie.

Interviewer 2: Ja, ek dink nou maar sommer aan moontlikhede en goed wat mens nou aan kan dink ek het gewonder hoe dink jy sou ‘n mens in die flipped classroom meer metakognisie kan assesseer maw kan hulle bietjie dink oor hulle eie leer, kan hulle weet, kan hulle dink oor hoe hulle die beste leer, wat het die beste gewerk, kan die flipped classroom iewers metakognisie assesseer?

Petra: Ja, kyk vir ‘n, ek weet nie. Daar is seker een of ander vraelys wat ‘n mens vir hulle kan gee om te meet van die begin na die einde, maar uh en jy kan ook seker as jy dit spesfiek wil weet, wil meet wil ek amper sê kan jy dalk maar aan die einde van ‘n klas maar altyd of aan die eide van elke 2de klas of iets bv ‘n tipe van ‘n vraelysie gee.

Interviewer 1: Refelksie vorm.

Petra: So ietsie. Dat hulle net vir jou bietjie refelekteer, want dit is vir my nie, dit het nie met die klas te doen nie, die effek van die flipped classroom te doen, maar dis.

Interviewer 2: Maar ook hulle dink oor hoe hulle wiskunde die beste leer. Hoe, jy weet watter strategie moet ek toepas om dit beter te verstaan. Moet mens miskien, ek het gewonder moet mens dalk voor die tyd dit met hulle kon bespreek: ons in hierdie journey wat ons het gaan ons ons eie leer ook bietjie ondersoek. Hoe verstaan ons wiskunde, want dan sal dit die kinders ook beter kan help om hulle eie leer te verstaan so miskien.

Petra: Ons kan bietjie daaraan dink. Ek sal tog net weer gaan kyk soos ek sê daai evaluasie vorms van laas jaar sal ek net kyk wat het hulle daar geskryf. Ek kan nou rêrig nie nie meer onthou nie, maar ek weet dit was interresant. Ek meen, ek is oop daarvoor. Dan as mens bv einde van elke klas of elke 2de klas of so vir hulle uhm ‘n vormpie uitgee of miskien ook op ‘n plek op efundi waar hulle kan jy weet dat mens daar amper ‘n onderdoek doen en vra hulle moet.

Interviewer 2: Jy gee nou die lesing en jy gee *links* ook nog.

Petra: Ja, ek gaan basies maar wat ek gehad het jy weet, sit ek maar weer daarop.

Interviewer 2: As mens miskien sou kon sê okay goed hier is verskillende tipe maniere en hulle moet dit gaan kyk dan kan hulle terugkom en sê: watter manier het julle die beste verstaan? Watter verduideliking of benadering, wat het die beste vir julle gewwerk?

Petra: Dit is miskien ‘n baie goeie idee, want omdat ek dan nou oor elke konsep basies ‘n klassie het jy weet, my klas oor gaan gee en hierdie ander goed wat hulle kyk is ook maar klasse of jy weet inligting dat hulle sê ja wat dink hulle.

Interviewer 2: En dan forseer dit hulle ook verder om te gaan kyk, want hulle moet dit beoordeel. En daaroor gaan dink.

Petra: Ja, dis miskien dat hulle spesifiek sê en dan kan ‘n mens gaan. Dan moet ‘n mens amper vir elke klas, ek wonder nou skielik of ‘n mens dit nie in die begin van die klas dan kan gee nie weet want hulle moet aan die begin die ding beoordeel, want dan sê ek vir hulle. Want soos ek sê ek glo absoluut hulle moet weet wat ek doen en hoekom dit of so doen so as ek vir hulle sê ook weer en ek meen ek sal hulle rêrig sê as jy nou die keer nie voorberei het nie jy gaan elke keer in die klas gaan jy vir my ‘n vormpie moet invul van hoe jy dit gevind het die goed en dan sit ek daar bv ‘n vraag of ding by maar net soos wat ek vir hulle gesê het moenie as jou maatjie vandag nie hier is sy naam op die lys skryf nie. As hy rêrig nie hier kon wees nie, sê vir my want ek wil nie vir jou uitvang op dit nie jy weet dit gaan oor eerlikheid ook. So ek is mos maar eintlik jy weet dit moet oor die algemeen gaan. Want ek sê vir hulle jy wil nie hê ‘n kind in jou klas moet eendag vir jou lieg nie jy weet. So as n mens in hierdie dingetjie skryf, ek sê vir hulle ook weet as jy nou glad nie hierdie keer iets gaan kyk het nie, of dalk gaan kyk jy nooit nie, moet dan net die die ding invul nie, moet dan nie vir my nonsense skryf nie jy weet jy moet as jy daar skryf en jy beoordeel daai paar goedjies, dan wil ek weet dit is hoe jy dit ervaar het. So ek kan dit vir hulle ook, want ek *trust* nogal op dit jy weet as ek vir hulle vra.

Interviewer 2: Dit kom eintlik alles neer op *self-directedness, self-directed learning* speel ‘n verskriklike groot rol. En ek dink die dosent se motivering om *self-directed* te wees en die, jy half sê, ek vertrou jou om self-gereguleerd en self-gerig te wees en omdat hulle jou nie wil teleurstel nie gaan hulle dit doen so dis goed.

Petra: My ervaring verlede jaar was rêrig so. Ek dink nie hulle het vir my gejok nie, daar was dalk een of twee of vyf soos ek sê daar was enetjie een keer sy’t gesit en met haar rekenaar ander goed gedoen dit was ‘n taak wat sy moes doen. Dan het dit gebeur, ek het dit ook al gedoen jy weet so.

Interviewer 1: Ek het ook nou sommer ‘n gedagte gehad wat mevrou nou sê die idee vir voor die klas. Ek dink ook as mens net na ‘n video as jy vir hulle vra uhm het jy iets uit die video uit geleer dan kan hulle net sê ja of nee en dan net hoekom vrae te vra. Het jy van die video gehou. Nee, hoekom nie? Ook om so, dit sal ook goeie metakognisie net half uitlok dat hulle

begin kan agterkom maar hoekom het ek hiervan gehou of hoekom nie. Ek dink dit is baie interessant.

Interviewer 2: Die oomblik wat jy daai ahha oomblik gehad het, in hierdie video, watse oomblik het jou laat snap en hoekom dink jy het jy dit op daai oomblik gesnap? Maar dan gaan dit sommer uiteindelik na hulle onderigstrategieë toe ook deursyfer eendag as hulle vir ‘n kind moet dit verduidelik.

Interviewer 1: Presies. Dis goeie refleksie vermöe da nook hopelik dat hulle in dei toekoms beter in staat sal wees om goeie inhoud van slegte inhoud sal kan onerskei wanneer hule eendag onderwysers is.

Interviewer 2: En die strategieë wat jy moet volg om iemand te laat snap, soos sy nou gesê het in wiskunde is maar ‘n snap en as jy nie weet, jy weet by daai ahha oomblik uitkom nie, dan leer jy die reëls dan verloor jy die kinders as hulle net later reëls leer. So, as mens daai ding kan kry. En ek het gewonder as jy nou bv vra aan die begin en hulle vrae vra sal jy vir die ander studente vra is daar iemand wat dit wil antwoord, dat jy dit nie self antwoord nie?

Petra: Ja, dit sal ‘n goeie plan wees. Ek het dit nooit gedoen nie, maar ek sou dit kon doen.

Interviewer 1: En as iemand dan in die klas nou vir mevrou ‘n vraag vra wat mevrou voor mevrou se siel weet was in daai video, hierdie persoon het die tien teen een nie gekyk nie, gaan mevrou die vraag ignoreer?

Petra: Nee. Ek sal nooit dit ignoreer nie.

Interviewer 1: Is dit?

Petra: Ek verduidelik dit maar.

Interviewer 2: Jy moet net sê: Soos in daai video was. Sê vir hulle dit was daar.

Petra: Ja, miskien as ek nou goeters doen wat ek self die klas gaan gee het wat ek weet jy weet dan sal ek sê ek het dit mos daar gedoen, maar dit is so.

Interviewer 2: *Sorry*, kan ek jou nog vra, taal, dink jy taal het ‘n invloed op sê maar die Afrikaanse studente en die *links* is nou half Engels. Dink jy dit het ‘n invloed op hulle verstaan?

Petra: Ek glo so, dit kan verseker hê. Dis hoekom hulle sal dalk nogal vra in die klas, maar in die klas het ek mos nou in Afrikaans. Uhm ja, ek sou dink dit moet ‘n probleem wees, want veral met sekere wiskunde goeters wat kyk, daai terme, hulle ken nie die Engelse goed

noodwendig nie, maar dit is maar waar hulle dan moet optel ons kan nie, wel ek is seker dit sal ‘n invloed hê.

Interviewer 1: Nog enige vrae Dr (Interviewer 2)? Mevrou (Petra) enige laaste aanmerkings?

Petra: Ek moet sê dit was vir my julle wat my nou geken het verlede jaar, dit was vir my die hoogte punt van die week. Dit was baie lekker om daai klas aantebied, rêrig waar weet. Ek het dit baie geniet en net rêrig vir my die *cherry* op die koek op die einde toe almal deurkom. Afstand hoewel het nie almal deurgekom nie, daar was so ek dink 17 of ietsie ek dit toe geskryf en ek dink 14 het deurgekom. So, hulle 2de geleentheid kom mos nou eers nou. So, ek hoop dat hulle nou gaan deurkom. Maar die afstand, ek dink eintlik die idee kan vir hulle baie help weet. Want hulle was nooit een keer, verlede jaar het ek hulle 5 keer gesien. Daar was nie een keer van die 5 keer iemand in die klas terwyl ek dit gegee het nie. Niemand. Maar hulle was redelike goeie studente, take was goed soos ek sê 14 van die 17 het deurgekom.

Interviewer 2: Hulle kan nou natuurlik die videos gaan kyk op die internet so hulle hoef nie eers in die klas te wees nie hulle kan dit *live stream* ook as hulle wil. So, dis nie te sê hulle, maar dink jy nie tog die oogkontak en die wees in die klas in die flipped classroom proses maak ook ‘n verskil nie?

Petra: Verseker, maar hierdie ouens is nou afstand en nou gaan hulle net baie meer dieselfde kry wat die op-kampus kry, of hulle kan met die flipped classroom meer dieselfde kry waar ek hulle verlede jaar glad nie ‘n flipped gedoen het nie, maar ek wil hulle hierdie jaar ook nou so doen jy weet. Nee, want hulle ja, want selfs die take en als jy weet wil ek nou vir hulle ook opsit. So inelkgeval, dis dit.

Interviewer 1: Okay, dis goed. Dankie.

Petra: Dis ‘n plesier.

Micro-cycle 3

Focus-group interview 1

Interviewer: Okay. Eerstens, kom ons begin sommer by Vera hierdie kant. Vera, hoe oud is jy?

Vera: Ek is nou 19.

Interviewer: Okay 19, so jy is eerste jaar akademies en in ouderdom dan. Huistaal Afrikaans?

Vera: Ja.

Interviewer: Kan jy nog tale praat?

Vera: Engels.

Interviewer: Verstaan jy dit goed en jy praat dit goed?

Vera: Ja.

Interviewer: Okay waar was jy op skool?

Vera: Hoërskool Linden in Johannesburg.

Interviewer: Okay, dis ‘n Afrikaanse skool so jy het sover nog net in Afrikaans geleer?

Vera: Yes, net Afrikaans.

Interviewer: Goeie toegang tot tegnologie op skool?

Vera: Ja.

Interviewer: So jy het baie met rekenaars gewerk, jy sal sê jy is rekenaarvaardig?

Vera: Ja.

Interviewer: En jy het toegang gehad?

Vera: Ja, en ek het CAT ook gehad op skool so dit het my baie gehelp.

Interviewer: En dit was die volgende vraag so jy is rekenaarvaardig. Het jy behalwe CAT nog iets bygehad, rekenaar iets?

Vera: Nee, nie rêrig nie. Ons is net nou besig met IGO doen ons ook op rekenaars ons tekeninge so dis dalk iets wat ek nou by het.

Interviewer: Okay, het iemand jou geleer om bietjie met Efundi te werk toe jy op kampus gekom het?

Vera: Nee.

Interviewer: Okay so was daar geleentheid jy het net nie gegaan nie?

Vera: Ek dink daar was geleentheid?

[Res van die groep sê nee, nie waarvan hulle weet nie]

Interviewer: Okay dankie Vera. En Rachelle, ouderdom?

Rachelle: 19.

Interviewer: Okay, Huistaal Afrikaans?

Rachelle: Afrikaans.

Interviewer: Hoe is jou Engels?

Rachelle: Goed, ek dink.

Interviewer: Okay, waar was jy op skool?

Rachelle: Pretoria, Overkruin.

Interviewer: Okay, het jy toegang gehad tot tegnologie, baie daarmee gewerk?

Rachelle: Ja, ek het ook CAT gehad as ‘n vak op skool.

Interviewer: Okay, so jy is dieselfde as Vera. En het jy geleer om bietjie met Efundi te werk of het jy jouself geleer?

Rachelle: Ja, self.

Interviewer: Okay en het jy al voorheen bietjie te doen gehad met die flipped classroom?

Rachelle: Nee.

Interviewer: Askies, Vera ek het dit nie vir jou gevra nie, het jy?

Vera: Nee.

Interviewer: Okay. Elise, ouderdom?

Elise: Ek is 19 maar ek word 20 in Oktober, ek weet nie of dit saak maak nie.

Vera: Ja, ek word ook 20 ek weet nie of maak dit saak nie.

Interviewer: Okay, so het julle iets anders voor hierdie jaar gedoen?

Vera: Nee, ek is net ‘n jaar terug gehou.

Elise: Ja, ek ook.

Interviewer: Okay, want dit sou saak gemaak het. Ek sou wou geweet het wat het julle dan gedoen. Afrikaans?

Elise: Ja.

Interviewer: Engels?

Elise: Ja.

Interviewer: Nog iets?

Elise: Baie min woorde van Sepedi en Seswati, maar baie min.

Interviewer: Okay, Hoërskool?

Elise: Pietersburg Hoërskool.

Interviewer: Okay, goeie toegang tot tegnologie?

Elise: Ja.

Interviewer: Jy het nie CAT gehad nie?

Elise: Nee, ek het nie CAT gehad nie.

Interviewer: Okay, maar jy is rekenaarvaardig?

Elise: Ja.

Interviewer: Enige ander kursusse in rekenaars soos enige excel kursus of enige iets anders?

Elise: Nee.

Interviewer: Niks. Efundi, het jy geleer hoe om met dit te werk toe jy hier aangekom het?

Elise: Ja, en mense het gesê hulle het dit uitgefigure so ons het mekaar gehelp.

Interviewer: So julle het mekaar gehelp. En dan het jy enige ervaring met die flipped classroom gehad voor hierdie module?

Elise: Nee, ons ander ons Wiskunde dosent Mr X het so bietjie aan dit geraak wat ons bietjie gehelp het.

Interviewer: Bedoel jy hy het daaraan geraak soos vir julle vertel daarvan of wou hy dit inbring?

Elise: Nee, hy het dit bietjie ingebring en bietjie geïmplementeer ook.

Interviewer: Hoe het hy dit gedoen?

Vera: Ek dink ons het dit nou opgetel nadat jy dit nou begin bepreek het, weet ons okay.

Interviewer: So dis wat hy gedoen het. Okay, so hy het nie vir julle gesê dis wat ek gaan doen nie.

[Almal sê nee]

Interviewer: Dink jy, of enige een van julle, dit is nogal belangrik om voor die tyd te sê dis wat ek gaan doen, dis hoekom ek dit gaan doen, dis hoe dit gaan werk of dink julle dis okay soos Mr X dit gedoen het, hoef jy nie eintlik te weet nie. Wat sal jy sê Elise?

Elise: Ek sal sê in ‘n mate is dit, want ek het nogal aan die begin toe dink ek wat is hierdie ek weet nie wat moet ek nou doen nie en al sulke goed, maar later toe besef ek okay hy wil ons leer om self te sukkel en so aan en toe ons nou, toe ons nou uitgevind het dat dit is wat hy wou doen het ek gesien mens kan baie daarby baat.

Interviewer: Okay, daar is wel ‘n verskil tussen sukkel om te weet wat gaan aan en sukkel met die inhoud. Maar jy het jou kop geskud Nina, wat dink jy?

Nina: Ja, vir my was dit net, hy het soos vir my baie daaraan geraak dis soos om vir ‘n student te sê jy gee nou môre klas. So hy het nie eintlik gesê die res van die klas gaan berei ook voor nie. Hy is net van jy gaan nou klas gee. Waar party van ons het ons eie inisiatief gevat en gaan kyk het wat is in die inhoud, wat gaan hulle doen, waar kan ons haar bietjie help as sy sukkel en so aan.

Interviewer: Ek verstaan so jy moes daai eie inisiateif neem. So sien julle die flipped classroom as ‘n element daarvan is dat hy, dat daai person die klas moes gegee het en ‘n nuwe konsep gebring het?

[Stilte]

Interviewer: Verstaan julle my vraag, skies. So julle sê nou dat Mr X julle, hy het een “gepick” en gesê jy gee nou môre klas of so, dink julle dit is deel van die flipped classroom om student te kry om nuwe konsepte aan te bied?

Elise: Ja, ek dink so.

Nina: Vir my, dis nie so erg nuwe konsepte nie, want ons het in altwee die vakke wat ons nou het, in Wiskunde, doen ons dieselfde basies en dis ook wat jy gedoen het op skool. So dis nog nie dat ons nuwe konsepte leer nie so, ek dink nie vir my voel dit nog nie of ek die flipped classroom gevoel gehad het nie, want ek het nooit gegaan en goeters op my eie gaan uitsort nie, dis net van ah ek het dit gedoen op skool, so ek verstaan wat hier aangaan.

Interviewer: Okay.

Michelle: Ek moet nogal sê ek het nogal te doen gehad met die flipped classroom in my Biologie klas, maar ek het ook nie besef dis flipped classroom nie.

Interviewer: Op hoërskool?

Michelle: Nee, nou eerste semester en tweede semester in eerste jaar. Ek het nie besef dis flipped classroom totdat ek blootgestel is aan die definisie van wat dit is nie. Maar ek het nou weer gevoel dit was nie vir ons nodig om te weet dat dit eintlik ‘n flipped classroom is nie, want soos sy het vir ons gesê wat ons moet voorberei vir die volgende dag. En as jy dit nie gedoen het nie, het jy die volgende klas, ek sou nie sê, jy het nie gesukkel met die aktiwiteite nie, maar jy sou beter gevaar het en jy sou meer vra kon

vra as jy wel self voorberei het. So, as jy nie voorberei het nie, het jy maar ‘n agterstand gehad. Jy sou nogsteeds geweet het wat in die klas aangaan en met die aktiwiteite en so, maar jy sou stadiger gewees het as die ander student wat al klaar weet.

Interviewer: Okay, Michelle en sal jy, was jou voorbereiding, was dit ‘n video of was dit leeswerk?

Michelle: Dit was eintlik van altwee. Jy moes in die handbook die hoofstuk gaan deur lees en dit begryp en sy het ook soos youtube videos gepost en ander webtuistes gepost wat jy kon na gaan kyk het. Maar toe ons haar vra of sien sy dit as ‘n flipped clasasroom toe sê sy nee. So, ek weet nie.

Interviewer: Okay, ja want baie mense sien dit as dit moet net ‘n video wees en van tegnologie gebruik maak om ‘n nuwe konsep oor te dra. Okay maar ons het anyway by jou opgehou, want ons het met Elise klaar gemaak. So Michelle, hoe oud is jy?

Michelle: 19.

Interviewer: Taal?

Michelle: Afrikaans en Engels.

Interviewer: Sou jy sê dis goed. Jou verstaan van die altwee is goed?

Michelle: Ja.

Interviewer: Skool?

Michelle: Fichardpark Hoërskool, Bloemfontein.

Interviewer: Okay. Goeie toegang tot tegnologie?

Michelle: Ja, maar ek het nie CAT gehad nie.

Interviewer: Jy het nie CAT gehad nie so jy het begin deur te huiwer toe jy gesê het ja.

Michelle: Ek kom reg met tegnologie, maar dis nie my sterkpunt nie.

Interviewer: Okay.

Elise: Ek wil ook bysê, askies, toe ons besig was met ALDA en goed, moes Zara my baie help om soos die bronnelys in te sit en sulke goed, want ek het nou nie dit geweet wat hulle blykbaar in CAT geleer het. So ek moet dit nou aanleer.

Interviewer: Okay.

Vera: Ek het dit ge-youtube.

Michelle: Ek is goed met rekenaars ek weet waar om MS Word te kry en daai tipe dinge, maar as jy nou vir my ‘n nuwe program gaan gee dan gaan ek dit nie sommer regkry nie.

Interviewer: Okay, jy het nou gedeel van jou vorige ervaring van Biologie. En Efundi, het jy jouself ook maar geleer om met dit te werk?

Michelle: Ons dosente was nogal oulik. Hulle het vir ons op hulle efundi blad opgegaan en dan gesê hierdie is waar jy dit kry, hierdie is waar jy dit kry.

Interviewer: Dink jy die dosent moet dit doen? Spesifiek vir elke vak?

Michelle: Ek glo so. Ek sou sê, soos as die formate min of meer dieselfde is, is dit nie nodig nie, want jy kom nogal vining agter waar jou dosent waar hulle dit post sal ek sê. Maar dit help nogal veral as jy eerste jaar is en als is nuut en jy is maar bietjie “geshake” oor alles so dan help dit as elke dosent net sê maar hierdie goeters gaan ek daar sit hierdie goed gaan ek daar sit, want elke dosent dink anders so hy gaan dit onder ander opskrifte sit.

Interviewer: Okay. Nina, ouderdom?

Nina: 19.

Interviewer: Taal?

Nina: Afrikaans, Engels en klein bietjie Sotho.

Interviewer: Okay. Skool?

Nina: Hoërskool Fichardtpark in Bloemfontein.

Interviewer: So, wat was jou ervaring van die toegant tot internet of tegnologie daar?

Nina: Ek het kursusse gaan doen in EGDE waar ek verder gaan uitbrei het oor turbocat. Dis ‘n tekenprogram en ek het CAT gehad op skool en ek het verdere kursusse ook gaan doen saam met my ma as sy gegaan het.

Interviewer: So jy is rekenaarvaardig, jouself geleer met Efundi dan?

Nina: Ons het ‘n inligtingsessie gehad by die koshuis in RNO, maar toe verder het ek myself gehelp.

Interviewer: Okay. En die flipped classroom, jy was in Mr X se klas wat hy bietjie van dit ingebring het. Zara, hoe oud is jy.

Zara: 19.

Interviewer: Taal?

Zara: Afrikaans en Engels.

Interviewer: Okay, skool?

Zara: Hoërskool Dinamieka, Alberton.

Interviewer: Okay. Jou toegang tot tegnologie by jou skool? CAT? Internet?

Zara: Nee ek het nie CAT gehad nie. Ons het internet gehad.

Interviewer: Het jy baie daarop gewerk, het jy dit gebruik, die tegnologie wat daar was?

Zara: Nee, nie rêrig nie, want ek het die nie rêrig nodig gehad met my vakke nie.

Interviewer: Ek hoor jou. Of die onderwysers het die nie van jou verlang nie nê?

Zara: Ja.

Interviewer: Was jy in Mr X se klas?

Zara: Ja.

Interviewer: Okay, enige ander ervaring met die flipped classroom, was jy dalk in die biologie klas?

Zara: Nee.

Interviewer: Okay, enige verdere kursusse om met rekenaars te werk?

Zara: Nee.

Interviewer: Het jy jouself geleer om met Efundi te werk?

Zara: Nee, ons het mekaar maar by die koshuis gehelp.

Interviewer: Okay, Lisa?

Lisa: Ek is 18.

Interviewer: 18. Taal(e)?

Lisa: Afrikaans en Engels. Ek ken ‘n paar Duitse woorde.

Interviewer: Okay, mooi. Skool?

Lisa: Hoërskool Seunda, in Secunda.

Interviewer: Okay, en hoe was jou toegang daar tot tegnologie?

Lisa: Baie goed, ja hulle was nogal, ons skool was erg op tegnologie hulle het baie, al ons onderwysers het net van smartboards gebruik gemaak en so aan so ons het ook geleer hoe om met dit te werk.

Interviewer: Okay. So tegnologie sien jy nie net as ‘n rekenaar nie?

Lisa: Nee.

Interviewer: So, wat is nog vir jou tegnologie?

Lisa: “Basically” alles wat jy gebruik om jou...soos en uhm....soos tegnologie is ook soos ja alles link aan rekenaars maar dit is nie net rekenaars nie. Ek weet nie hoe om dit te beskryf nie.

Interviewer: Okay. Jou smartboard. Hi Anet.

Anet: Jammer ek is laat.

Interviewer: Dis reg.

Lisa: Ek het ook CAT gehad op skool.

Interviewer: Okay, so jy het ook CAT gehad op skool. En die flipped classroom?

Lisa: Ek was maar net in Mr X se klas. Op skool was die onderwysers nie baie groot daarop nie. Ons het net in Biologie altyd soos het die meneer vir ons gesê soos ons moet soos byvoorbeeld veral met evolusie, want hy hou nie van evolusie nie, want hy glo dit is klomp bol. So toe het hy dat ons by die huis deur dit te gaan lees en dan het ons soos die volgende dag ‘n klastoets geskryf. En dan verduidelik hy vir ons.

Interviewer: Okay. In beginsel sal dit klink soos ‘n flipped classroom maar ‘n flipped classroom is nie veronderstel om iemand uit hulle verantwoordelikheid uit te kry om te “teach” nie. Die idea van die flipped classroom is dat mens hoër kognitiewe vlakke kan bereik so mens is geneig om iemand leer net vir jou iets nuut en as ek genoeg oefen gaan ek goed doen, dan kom jy op universiteit dan kan jy nie daai kennis toepas of in die praktyk nie, en dit is wat die flipped classroom probeer doen. Dat jy daai hoër vlakke om vir jouself te dink, om krities te dink om “actually” dit te kan regkry. Want jy is in die klas, met onderstuening jy kan die vra moeiliker maak, jy kan bietjie toepassing vra, jy kan bietjie saamwerk. Okay, in elk geval. Anet, hoe oud is jy?

Anet: 22.

Interviewer: Wat het jy gedoen voordat, want jy is nou eerstejaar akademies so wat het jy gedoen voor dan?

Anet: Ek het laasjaar ‘n gap jaar gevat en die vorige twee jaar het ek geswot.

Interviewer: Okay, wat het jy in jou gap jaar gedoen?

Anet: Gewerk.

Interviewer: Okay, bietjie werkservaring. Tale? Afrikaans en Engels magtig?

Anet: Altwee.

Interviewer: Nog iets?

Anet: Nee, dis al.

Interviewer: Okay, waar was jy op skool?

Anet: Ferdies.

Interviewer: Tegnologie gebruik, het jy toegang gehad, het jy dit gebruik? Was daar verwag van jou om dit te gebruik?

Anet: Ons het basies soos die smartboard gehad. Ons was nie videos gegee om by die huis te gaan kyk nie en so. Ons was net, die onderwysers het die tegnologie gebruik, ons het nooit.

Interviewer: Het jy toegang gehad tot die lab?

Anet: Ja, as ons gaan vra ja.

Interviewer: Het jy dit gebruik?

Anet: Waar dit nodig was ja, nie rêrig nie, nie ekstra navorsing nie.

Interviewer: Okay. Het jy enige ekstra kursusse gedoen in rekenaars, excel?

Anet: Nee.

Interviewer: Okay.

Anet: O, nee ek het ITRB gehad in die een jaar.

Interviewer: Is dit ‘n universiteitsvak?

Anet: Ja.

Interviewer: Okay, het jy jouself geleer om met efundi te werk of het iemand jou gehelp, kursus by gewoon of so?

Anet: Iemand het my gehelp, maar meer my sussie.

Interviewer: Okay. En dan het jy vorige ervaring met die flipped classroom?

Anet: Nee, nie rêrig nie.

Interviewer: Is daar iemand wat al bietjie gaan lees het oor die flipped classroom?

[Almal sê nee]

Interviewer: Ek vra sommer. Okay kom ons begin weer hier by Vera, jou gevoel teenoor Wiskunde?

Vera: Ek het ‘n goeie gevoel teenoor Wiskunde.

Interviewer: Hou jy daarvan?

Vera: Ek het dit baie op skool geniet. Ek moet sê van Graad 8 en 9 het my onderwysers tot die eerste kwartaal klas gegee dan skyf hulle skole of dit was baie so gewees en dit het baie groot invloed op my gehad en my punte, maar dis nie asof ek opgegee het op dit nie. Eers in Graad 10 – 12 het ek beter gedoen in Winskunde en ek voel ook my opinie van Wiskunde is dat baie kinders het nie ‘n goeie ervaring daarvan gekry nie en nou sê hulle hulle hou nie daarvan nie. Dis dalk die onderwyser wat dit swak aangebied

het en nou hou hulle nie daaravan nie. So, dis my opinie daaroor so ek voel dat almal wiskunde kan doen.

Interviewer: Okay, is daar iemand wat daar wil bylas? Verskil?

Michelle: Ek hou van Wiskunde, maar ek hou nie van wiskunde nie. In die sin van ek hou meer van die werk wat ons nou doen soos die oppervlakte en areas en trigonomtrie en daai wat jy die hoeke moet kry, meetkunde. En daai goed, algebra het ek nogal ‘n negatiewe ervaring daarvan, maar ek dink dis as gevolg van onderwysers.

Interviewer: Okay, brei bietjie uit daarop.

Michelle: Ek het net nie baie goed gedoen nie en die onderwyser wou gehad het ek moes die vak gelos het maar ek wou nie.

Interviewer: Hoekom het jy nie goed gedoen nie?

Michelle: Ek weet nie, dis nie dat ek nie geleer het of nie opgelet in die klas nie. Ek het net nie goed gedoen nie. Graad 8 en 9 was ek baie goed in Wiskunde en toe kom Graad 10 en toe doen ek net nie goed nie ek weer rêrig nie. En toe Graad 11 ek het maar baie hard gewerk om terug te kom, maar ek het darem nie gedruip nie en ek is deur. So ja, vraestel twee het my altyd deurgebring.

Interviewer: Ek wil by julle hoor. So wat beteken die flipped classroom vir julle, ek wil dit by julle hoor. Dink nou bietjie aan julle ervaring by die dosent (lecturer participant), as jy dit moet opsom, as jy iets daaroor moet sê? Positief? Negatief? Goed? Sleg?

Vera: Okay, uhm ek voel soos nou eerste jaar was dit nogal ‘n goeie ervaring gewees, want ek voel hier is iets wat ons wil swot ons wil onderwys gee so nou doen jy daai ekstra moeite as sy vir jou sê gaan doen hierdie by jou huis, berei voor vir die klas so jy gaan doen daai moeite. Maar ek voel by die skool as jy nie van wiskunde hou nie, hoekom gaan jy dan by die huis voorberei en hulle wil nie eers huiswerk doen nie so hulle gaan nie vir die klas voorberei nie. Maar my opinie is dis iets goeds so as mens dit by skole kan implementeer.

Interviewer: Maar dit klink, of vir my, jy dink dat motivering ‘n probleem gaan wees dat dit dalk nie gaan werk by ‘n skool, want as hulle nie huiswerk doen nie.

Vera: Ja, want hulle hou nie van die vak nie.

Interviewer: Is daar dalk iemand wat dink dit kan werk by ‘n hoërskool?

Elise: Ek dink dit kan werk as die kinders besef dit kan hulle help. As hulle nie dink nee hierdie juffrou praat nou tjol hoekom moet ons dit nou gaan doen nie en al sulke goed. Want ek dink as iemand dit vir my gesê het op hoërskool dit gaan beter werk as ure en ure spandeer om vraestelle na vraestelle na vraestelle uit te werk en te oefen, want dis wat ek gedoen het. Ek het my gat af gewerk om net iewers te kom in wiskunde. Dan sou ek dit defnitief eerder gedoen het, maar soos met my eerste proef dan het ons nuwe goedjies geleer dan is ons opgewonde om nuwe goed te probeer en al sulke goed. Toe het ek by my ou skool gaan proef en toe wou ek die nuwe goed probeer het en toe het my ou Wiskunde-onderwyseres, sy is departementshoof , toe sê sy daar is nie ‘n manier dat ons dit gan doen nie, want dit werk nie. So ek dink die gevoel van die ouer onderwysers is ook, hulle wil nie dit doen nie en dit gaan moeilik wees om verby hulle te kom omdat hulle departementshoofde en sulke goed is.

Interviewer: Ja.

Vera: Skies, en alles is met tyd. Periodes is baie kort, jy kan nie dit doen nie, want daar is nie tyd om dit te doen nie, dis altyd ‘n rede.

Interviewer: Ja, tyd is ‘n probleem vir als. Maar hierdie is veronderstel om te help met die tyd ding.

Elise: Ja, want dis wat hulle vir ons gesê het, daar is nie tyd vir sulke goeters nie.

Interviewer: Daar is nie tyd om nuwe goed te probeer nie, jy hou by wat werk.

Rachelle: As die leerders wel gemotiveerd is om dit te doen sal dit dalk werk, maar soos om hulle eers te kry om self te gaan studeer oor hulle werk wat die volgende periode gaan behandel word dan kan dit dalk nog werk, maar anders is die periodes baie kort.

Michelle: Ek dink nogal dit sal werk as jy byvoorbeeld nou in Wiskunde nou spesifiek en jy gee vir die kinders die Wiskunde somme vir huiswerk, maar van die nuwe werk wat jy nog nie verduidelik het nie. Hulle gaan nie weet dis nuwe, tensy jy nou oorgaan van algebra na meetkunde, maar soos dat hulle eers self gaan sukkel en dan die fout maak en dan in die klas dan nou merk en dan gaan die kinders nou sê okay, maar hoekom doen juffrou dit nie so nie, want ek het dit so gedoen wat doen ek verkeerd hoe moet ek redeneer. Ek dink dit sal werk as jy dit so doen.

Interviewer: Doen mense dit nie in elk geval tot ‘n mate nou so nie? En is dit nie wat maak dat mense baie moed verloor nie? Nou sit hulle alleen by die huis, weet nie eintlik wat om te doen nie?

Michelle: Dit is dalk so, ja maar ek dink nogal. Maar as jy soos sy nou gesê het, as jy vir ‘n hoërskool kind gaan sê berei voor vir môre se klas, jy gaan nie dit doen nie, jy gaan sê jy het dit gedoen al het jy nie.

Interviewer: Ja, so jy bring ‘n baie interessante punt nou op. Daar is al eintlik 2, 3 goed. Jy sê die motivering. Dink julle nie die feit dat dit ‘n video is gaan bietjie motivering wees nie? Jy moet net ‘n video gaan kyk, 15 minute video dink julle nie. Jy skud jou kop?

Lisa: Nee, ek dink nie dit is so nie, want kinders gaan nog altyd ‘n verskoning hê van ek het nie data gehad nie, daar moet nogsteeds in ag geneem word dat almal nie in die bevoorregte posisie is om internet te hê of selfs ‘n selfoon of iets te hê nie. En hulle gaan dan outomaties benadeel word as jy vir hulle sê okay gaan kyk die video.

Interviewer: Jy kan dit nie implementeer as al jou student nie toegang het nie. Jy gaan ‘n ander plan moet maak.

Michelle: Ek dink ook byvoorbeeld kinders wat baie lief is vir sport en so as jy laat by die huis kom na sport dan doen jy gewoonlik net die huiswerk wat die belangrikste is eerste so as jy gaan kom by ‘n video wat jy moet kyk vir 15 minute of jy kan 15 minute langer slaap, gaan jy verseker gaan slaap en dan gaan jy by iemand anders vinnig hoor wat het hulle gesê in die video.

Interviewer: So, nou maak ons ‘n ander “can of worms” oop oor die issue van sport, okay, maar kom ons los dit nou maar eers daar, ek kan nogal afgaan op ‘n “tangent” as dit daarby kom. Ek gaan nou vir jou vra Nina, ek probeer nou dink die laaste sin wat jy nou, Michelle, gesê het toe ek sê dis ‘n interessante punt toe ons terugkom na Vera toe, toe jy gesê het. Hoe gaan mens seker maak of iemand iets gekyk het, mens moet iets in plek stel en sê hoe kan ek gaan kyk of my studente dit gedoen het. Nie om hulle te versplig om te sê ek wil sien hoe het jy dit gedoen of iets soos dit nie, maar hoe kan mens dalk op ‘n ligter manier, selfs as mens nou dink aan julle vak wat julle het. Dink julle dit sal help as daar ‘n vorm is, gou-gou op efundi, as jy nou klaar gekyk het, om te sê wat het jy gedink van die video, wat het jy gedink is goed van die video, wat het jy gedink is sleg. Net so vinnige refleksie, net so vinnige...ja...nee. Dink julle dit sal help? Wie dink dit sal help?

Michelle: Ek dink dit sal help, want dan kan die kinders dadelik soos sê ek verstaan nie die deel van die video nie of ek het die person hierso verloor dan kan jy ook in die klas al dadelik weet, okay maar die kind wat die verste agter is in die klas hak al daar vas so

ek kan hierdie vinnig verduidelik en dan van daar af kan ek werk dat jy dan optimale tyd gebruik.

Interviewer: Dankie Michelle. Jy wou iets gesê het Nina, jy het jou hand op gehad askies.

Nina: Dit is nou heeltemal op ‘n ander punt as die.

Interviewer: Gaan jy hom onthou?

Nina: Ja.

Interviewer: Anet las jy hierby aan?

Anet: Ja, ek wil basies net sê hoekom, dis net ‘n voorstel, as jy nou soos ‘n video sou opstel jy persoonlik self en dan tussen in werk jy nou byvoorbeeld 3 somme wat vir ‘n taak ingegee moet word, maar op random tye ja verskillende tyd van elke video en dan as hulle vir jou die 3 somme kom wys van die verskillende afdelings dan kry hulle soos ‘n sweetie of so iets.

Interviewer: Dink jy dit gaan hulle motiveer?

Anet: Wel, sweeties kom nogal ‘n baie vêr pad.

Interviewer: Maar, verstaan ek jou reg dat jy voel die dosent moet self die video maak?

Anet: Dit hang af as daar sekere goed ingewerk is, dan ja.

Interviewer: Okay, gaan nou terugkom daarna toe.

Vera: Ek wil net bylas by die vorige punt wil ek net ietsie sê. Ek het nou geproef toe is ek by Graad 8 tegnologie toe sê meerderheid van die Graad 8’s hulle gaan nie my huiswerk doen nie. Toe het ek net baie meer entoesiasme gehad om te sê ag man asseblief doen hierdie. Die volgende dag was einlik almal happy om dit vir my te wys. So, ek dink dis ook hoe die juffrou dit aanbied. As sy ook meer entoesiasme dit aanbied en sê ek is so opgewonde ek wil julle goed môre sien dan dink ek wil hulle dit doen, want hulle moes prentjies gaan kry het, wie wil dit doen? Dis boring. Hulle het actually moeite gedoen om dit te kry om vir my nou dit te kom wys.

Interviewer: Dit het ‘n effek op student as hulle actually dink die juffrou hou van hulle.

Vera: En soos ek dink ook nog ‘n ding om hulle te motiveer om dit te gaan doen is soos sê nou maar ‘n vinnige aktiwiteit as jou klas nou begin. Soos ons het daai een keer in ALDA dan doen ons ‘n vinnige Kahoot dingetjie oor die eenheid. Dis fun dan doen ons gou vining ‘n kompetisie teenoor wie weet wat of so ietsie. Dis ook nogal oulik dink ek.

Interviewer: Okay, so om te toets of het mens die video gekyk?

Vera: Of ‘n word search of so ietsie so as jy nou voorberei het vir die volgende dag dan begin jy met ietsie fun oor daai eenheid wat jy nou gedoen het.

Interviewer: Dan gaan mens vining agterkom wie dit nie gedoen het nie.

Vera: Ja.

Interviewer: Okay.

Nina: My siening oor die flipped classroom is dis, ek gaan weer by dit kom dat die werk wat ons nou doen het ons al gedoen. Maar sê nou maar ons gaan terug na laas semester waar ons in Wiskunde induksie gedoen het, dis die eerste keer wat ek so iets gedoen het en as ek, as Mr X vir my gesê het gaan huis toe en kyk wat is wiskundige induksie en “try” somme, as ek die eerste som so gekyk het sou ek dit gelos het. Ek sou gesê het ek weet nie wat hier aangaan nie. So, vir my voel dit ek weet nie of dit gaan werk met moeilike of nuwe konsepte nie, want vir my voel dit ons het hierdie klaar gedoen ons het klaar die agtergrond so ons weet wat om te doen. Maar wat as dit kom by ‘n hele nuwe konsep, jy kyk daai ding so en jy het klaar ‘n blok want ek kry dit klaar nie reg nie.

Interviewer: Okay, as dit in ‘n video vorm was en iemand wys dalk vir jou interresant waar kom dit vandaan en doen dalk vir jou ‘n voorbeeld of twee, sal jy die video gaan kyk oor ‘n nuwe konsep?

Nina: Na 3 weke van Wiskundige indukdie sukkel ek nog steeds daarmee so....

Interviewer: Jy antwoord nie my vraag nie.

Nina: Ek sal videos gaan kyk oor wiskundige induksie, dit het nie rêrig gehelp nie.

Lisa: Dit bly sleg, want soos almal jy kan videos gaan kyk maar hulle doen dit heeltyd anders.

[Almal sê ja]

Interviewer: Op daai punt, wie van julle sal dit verkies as jou eie dosent die video maak?

[Meeste student sê ja]

Michelle: Ek dink dit sal help, maar die ding kom nou weer in dat Wiskunde is ‘n ding wat soveel antwoorde het. Almal gaan by die antwoord 8 uitkom, maar soos die manier hoe jy daarby uitkom is so verskillend. So as jou dosent self die video maak dan gaan dit help want dan gaan jy dit in die regte manier doen vir wat jy punte voor gaan kry, maar dit gaan jou nie help om hoër kognitiewe denke te hê om self dan die verskillende paadjies te volg om daar uit te kom nie. So dan voel dit vir my jy word half geleer hoe om te dink.

Interviewer: Ja, okay.

Nina: Okay, maar ek sien dit nou weer in die lig van hy kan sy eie video opsit en sê as jy nog verder inligting wil hê hierso is nog videos.

[Almal sê ja]

Interviewer: Want, is ek reg as ek sê dat die videos alles in Engels is?

[Ja]

Nina: Party.

Interviewer: Is party in Afrikaans?

Nina: Ja, toe ek in Wiskunde met die proeftydperk het ek baie Afrikaanse video’s gaan soek om vir die kinders te wys. So dit hang af van die konsepte en die eenhede.

Interviewer: Okay. So vir julle ‘Mathematic Module’?

Nina: Engels.

Interviewer: Alles Engels?

Nina: Ja.

Michelle: Ek het nog nie videos gekyk in ‘Mathematic Module’ nie.

Lisa: Ek ook nie.

Interviewer: Okay, wie het nog glad nie eers een video gekyk nie?

Michelle: Soos vir Wiskunde?

Elise: Vir enige wiskunde?

Interviewer: Vir ‘Mathematic Module’, vir hierdie module. Ek wil weet van ‘Mathematic Module’.

Interviewer: Michelle, Elise Vera, Anet, Lisa, Zara. Sorry ek sê julle name so, want ek moet weet as ek transkribeer. Okay sho dis interessant.

Rachelle: Kan ek ietsie sê oor ‘Mathematic Module’?

Interviewer: Ja.

Rachelle: Ek is jammer maar ek vind daai vak verskriklik vervelig.

[Almal stem saam]

Lisa: Ons doen dieselfde werk in module Y as in ‘Mathematic Module’ en so ek voel ons almal is nou al op ‘n hoër vlak as dit.

Vera: Dis oppervlakig.

Interviewer: Okay, Vera sê dis oppervlakig, Lisa sê julle is bietjie op ‘n hoër vlak.

Elise: Dis graad 10 werk.

Interviewer: Elise sê dis graag 10 werk. Okay.

Michelle: Ek persoonlik het nie Wiskunde as ‘n vak nie, ek het Skeinat en Biologie so ek doen dit nie dubble nie, maar soos ek voel ook dis half onnodig om klas toe te gaan. Dit klink verskriklik ek bedoel dit nie lelik nie.

Interviewer: Nee, sê jou sê.

Michelle: Ons kry nou vooraf ‘n aktiwitiet wat ons moet voorberei vir die klas en dan doen jy dit en jy verstaan wat daar aangaan en dan gaan jy klas toe dan word dieselfde werk behandel.

Interviewer: Wow, stop daar. Baie belangrik ek wil vir jou vra oor dit. Voel jy ek hoef dit nie te kyk nie, want die werk gaan in elk geval “reteach” word in die klas?

Michelle: Nee, so ons word nie videos voorgeskryf en gesê gaan kyk die video nie, soos ons word.

Interviewer: Ek praat van ‘Mathematic Module’.

Lisa: Ja. Ons kry nie videos nie. Kyk ek dink as jy seker gaan kyk dan gaan jy videos kry.

Elise: Daar is vidoes wat jy kan gaan kyk.

Interviewer: Een op ‘n slag, sorry julle. Lisa jy sê daar word nie eintlik vir jou gesê jy moet die videos gaan kyk nie?

Lisa: Nee.

Interviewer: Ja. Zara stem jy saam?

Zara: Ja. Daar is videos, ek het dit netnou raak gesien.

Lisa: Daar is videos, maar ons word nie gesê nie.

Michelle: Ek het nie geweet van die videos nie.

[Meeste student se hulle ook nie]

Interviewer: Elise, jy ook nie?

Elise: Nee.

Interviewer: Rachelle?

Rachelle: Ek ook nie.

Interviewer: Nina?

Nina: Okay, maar sy sê elke keer op haar slides wees geduldig ek weet nie hoe efundi werk nie. So, hoekom gaan ek die moeite gaan doen en gaan kyk op efundi as ek weet sy weet self nie wat daar aangaan nie?

Interviewer: Okay.

Nina: Voor ons toets vandag het sy blykbaar vandag op efundi gesê dat dit in ons toets gaan wees en toe skryf ek ons moes dit nie geleer het nie. Toe gaan kyk ek op efundi dieper in alles in toe sien ek hier staan dit, dit gaan in ons toets wees.

[Almal gesels onderlangs]

Michelle: Sy het in die klas gesê ons moet eenhgeid 1-3 leer vir vandag sê klastoets en ons het vandag in die klas eenheid 1.4 behandel en toe skryf ons ook oor eenheid 1.4 maar ek het glad nie soos ek het voorberei vir die klas, maar ek het nie dit gaan leer nie so. Ek was soos uhm…

[Ander stem saam]

Interviewer: Rachelle wat het jy gesê nou vir Vera, het sy gister eers opgesit?

Rachelle: Blykbaar het een meisie gesê dat sy eers soos die werkkaart, want ons kry nou werkkaarte wat ons voor die tyd kan gaan kyk na, soos vir voorbereiding. En dan in die klas kry ons ook ‘n groepsopdrag wat ons doen, maar sy het gister dit eers opgesit en daarby het sy eers gesê, daar het sy eers gesê dat ons moet daaroor ook toets skryf. Maar meerderheid het dit nie eers gesien nie.

Interviewer: Okay so wow. Ek wil net seker maak ek verstaan reg. Ek voel nou deurmekaar. So daar is ‘n werkkaart wat jy weet jy moet gaan kyk vir voorbereiding.

[Almal sê ja]

Interviewer: En as jy in die klas kom, doen jy ‘n werkkaart wat lyk soos daai werkkaart?

[Almal sê ja]

Michelle: Jy merk die werkkaart en dan vra sy gewoontlik het enige iemand enige vra en dan 80% van die tyd het niemand vra nie, want almal, dis half ou werk wat ons in skool behandel het.

Interviewer: Okay

Michelle: So, dan as niemand gevra het nie dan gee sy vir ons somme wat ons in die klas kan doen om te kyk of ons dan nou in groepswerk dan nou regkom daarmee. So, as jy dan nou vashaak kan jy vir iemand vra of wat okal.

Interviewer: Okay.

Michelle: Maar niemand haak rêrig vas nie.

Interviewer: Okay, so as dit nie ‘n flipped classroom was nie sou ‘n nuwe konsep vir jou in die klas gebring geword het so die dosent sou “geteach” het en geskryf het en

voorbeelde gedoen het en wat okal. En dan sou jy so tipe werkkaart by die huis gaan doen het nê, waar daar nie ondersteuning is nie. So die hele idee is dat daar ‘n video, so ‘n nuwe konsep moet gebring word by die huis in ‘n video en daar dalk bietjie dieper, meer kognitief uitdagend is in die klas waar jy saam met iemand kan werk en die dosent. Is daar iemand wat voel die werk is uitdagend wat julle in die klas doen?

[Almal sê nee]

Interviewer: Okay, is daar iemand wat voel dit is? Niemand.

Lisa: Ons het haar al gevra om dit moeliker te maak en sy sê sy het, maar dis nogsteeds dieselfde.

Interviewer: Wie dink mens kan dit moeiliker maak?

Zara: Ek doen.

Interviewer: Nina, Zara, Lisa, Michelle, almal, okay. Nina?

Nina: Okay ek nog ‘n ding, sy sukkel met die dissipline in die klas. Ek voel, ek weet nie hoe voel julle nie, dis vir ons, ons ken hierdie hoekom moet ons nou luister end dan praat ons onder mekaar.

Interviewer: Okay. Ek hoor jou.

Nina: Want ons het al baie keer gesê ons ken hierdie goed, want sy letterlik herhaal alles.

Interviewer: Okay. Okay, metakognisie. Enige iemand, “any takers”, wat beteken die woord metakognisie vir jou, as mens?

Elise: Ek weet kognitief is met die brein, maar dis al wat ek wees.

Lisa: Is dit nie die manier hoe jy dink nie, en ontwikkel nie?

Interviewer: Okay, die manier hoe jy dink en ontwikkel. Wie het nog nooit daai word gehoor nie? Anet Nina, Zara, Vera. Okay. Ek het nou hier ‘n vraag wat sê as jy na die video kyk is dit toegangklik, julle voel dis moelik om dit optespoor op efundi.

[Studente sê ja]

Interviewer: Okay, julle sê ja. Wat ek nou eintlik wou gevra het is, as jy nou ‘n video kyk, as daar iets is wat jy nie verstaan nie, gaan jy pause en okay. Nina sê ja.

Michelle: Okay ons het baie, en skeinat het ons videos gaan kyk, en as ons nie iets verstaan nie, het ek gepause en weer gekyk of as ek sê nou maar ‘n oulike manier van opsomming gebruik het dan het ek sommer gepause en afgeskryf.

Interviewer: ‘n Voordeel van as jy video’s by die huis gaan kyk is as jy siek was kan jy nogsteeds by bly met nuwe konsepte wat gedoen is en jy kan gaan pause as jy, jy het netnou gepraat van Integrasie en Calculus, is dit waarvan jy gepraat het, wat julle by Mr X gedoen het?

Lisa: Wiskundige induksie.

Interviewer: So, dan kan jy as jy sukkel kan jy pause en weer gan kyk wat jy nie noodwengid met ‘n dosent in die klas gaan doen ongelukkig nie. Okay, Nina?

Nina: Partykeer dan neem hulle ook aan jy weet dit, sê nou maar soos met wiskundige induksie, hy praat baie keer in Engels dan is ek van wag net gou. En as ek ‘n video kyk en ek hoor daai woord weer pause ek die video, gaan tik dit in op google kyk wat is dit in Afrikaans, gaan bietjie dieper in.

Interviewer: Okay. Vera?

Vera: Ons laaste klas het ons radiale mos gedoen, eers soos op die einde toe snap ek dit en hy het dit soos so hoog verduidelik, daai hele klas het hom eintlik aangeval omdat hulle nie gesnap het nie. So toe het ek na die tyd na hom toe gegaan, toe vra ek vir hom moes jy net eintlik dit gedoen het, toe sê hy vir my ja. Toe is hy soos jy moes lankal net gesê het jy verstaan nie dan het ek vir die klas verduidelik. Toe is ek soos maar...

Vera: Is dit nou by Mr X?

Vera: Ja, so ek voel partykeer dat hulle dalk op ‘n te hoë vlak dit probeer verduidelik en net soos bietjie moet afskuif en net by stap 1 moet begin.

Interviewer: Okay, en dis die hele idee van die flipped classroom dat stap 1 by die huis moet plaasvind dat ons saam daai hoër goed doen. Okay, elk geval. So voel julle nou dat, dit klink nie vir my, help my as ek verkeerd is. Die flipped classroom eintlik alles moet verander, als moet anders voel. Voel hierdie vir julle anders, want wat ek van julle verstaan is jy gaan doen ‘n werkkaart by die huis en jy doen ‘n werkaart in die klas.

[Almal bevestig dit]

Interviewer: Dit voel vir my niks is eintlik anders nie, die flipped classroom moet heeltemal anders wees. So hierdie voel nie vir julle anders nie?

Nina: Ek dink dis omdat ons die konsepte klaar verstaan.

[Die res sekondeer]

Interviewer: Ek dink jy is heeltemal reg.

Michelle: Ek dink tog as ons nuwe werk gaan behandel dank an ons eintlik sê hoor hier dit werk dit werk nie. Want huidiglik kom ons in die klas ons het nie rêrig vra nie, want ons het dit al behandel op skool.

Lisa: Al baie!

Michelle: Ons het dit al toegepas, jy het dalk net jou geheue verfris van hoe dit werk, maar dis al, jy't nie rêrig.

Interviewer: So, ek wonder nou Nina, want jy't gesê jy dink dit gaan moeilik wees om dit te doen met 'n nuwe konsep, maar dalk okay. In elk geval, okay. Ek wil net vir julle so vinnig vertel oor metakognisie so hulle sê metakognisie is 'n baie goeie bepaler van akademiese sukses. Dit is om te kan reflekteer, om te kan dink oor wat ek besig is om te dink. So as ek besig is om 'n som te doen of enige iets in die lewe kan jy agterkom, ek is nou besig om tyd te mors, ek moet nie nou hierdie doen nie. Of ek is nie besig om goed te doen in hierdie vak nie, ek moet my strategie verander, dit wat ek nou doen ek kan nie net harder werk nie ek moet eintlik my strategie verander. Om bewus te wees van jou denke en om anders te werk te gaan en eintlik kom dit maar neer op refleksie en weet ek wat werk, weet ek wat werk nie en om vir sekere goed uit te luister, julle wat ook eendag studente gaan hê, om uit te luister vir 'n student wat vir jou kan sê, daai wat by jou tafel gaan aankom en sê: ek verstaan niks. Strooi, wat verstaan jy nie? Toe ek dit en dit en dit gedoen het, het ek agtergekom hierdie is wat ek nie verstaan nie. Die rede hoekom ek dit en dit en dit nie verstaan nie. Dit is metakognisie. As jy vir die naweek vir 'n leierskapkamp was en iemand stop jou en vra vir jou: hoe was die kamp? "It was fine". My student doen dit met my. Weet jy wat, hierdie was vir my lekker, hierdie was nie vir my lekker nie, eintlik maar om vir jouself te kan dink op die ou end van die dag. Okay, is daar iets wat jou keer dat jy goed kan leer in hierdie module, 'Mathematic Module'?

624 Michelle: Soos goed kan leer soos nuwe goed of net effektief kan leer?

625 Interviewer: Net goed effektief kan leer. Zara, wat sal jy sê?

626 Zara: Ek weet nie.

627 Interviewer: Voel jy, jy kan goed leer?

628 Zara: Ja.

629 Interviewer: Is daar iets wat dit kan beter maak?

630 Zara: Nee, want soos ons al gesê het, dis goed wat jy reeds weet.

631 Interviewer: So, dis omdat dit iets is wat julle reeds weet.

632 Vera: Kan ek iets by dit las?

633 Interviewer: Ja, jy kan.

634 Vera: Ek voel sy moet vir ons meer leer hoe om dit meer beter aan te bied en soos klein
635 tegniekies te gee soos met die handleiding, gee vir my ‘n manier om dit vir ‘n kind
636 makliker te maak.

637 Interviewer: Stop gou. Is dit die doel van hierdie module? Is dit om julle te help om
638 hierdie inhoud beter vir…

639 Vera: Om te verstaan en te kan aanbied dis hoe ek dit het, dis goed wat ons eintlik weet.

640 [Paar student stem saam]

641 Interviewer: Okay, so jy voel nie hierdie is nou vir jou, want dit gaan jou nie na hoër vlak
642 wiskunde toe vat nie.

643 Vera: ‘Mathematic Module’ nee, module Y is defnitief ‘n hoër vlak.

644 Interviewer: Okay, dit maak sin. Wie voel die formaat van efundi is chaos en hulle kan
645 nie sin maak van ‘Mathematic Module’ se formaat van efundi nie?

646 Lisa: Ek dink nie die probleem is die format daarvan nie, dis redelik uiteengesit, dis net
647 daar is heeltyd sulke lang stuk wat ek moet lees en dan heel onder is die belangrike
648 goed en niemand wil deur die lang stuk lees nie.

649 Interviewer: Zara voel jy dieselfde? Lees jy nie daardeur nie?

Zara: Ek lees glad nie daardeur nie.

Nina: Dit is wat gebeur het met die toets, want daar was ‘n paragraaf en onder die paragraaf: ek gaan hierdie vra in die toets.

Lisa: Ja.

Interviewer: Okay, so mens moet als dan gaan lees om by die inligting uit te kom nê?

Michelle: En wat ook vir my sleg is, is soos die ander dosente sal byvoorbeeld as hulle iets post op resources dan kry jy ‘n notification wat sê daar is nuwe inligting opgesit of die “announcement” sê die “assignment” se datum dan weet jy daar is nou ‘n “assignment” ek moet gaan kyk. By ‘Mathematic Module’, jy weet nie wat daar aangaan nie, jy weet nie watter aktiwiteit is daar teenwoordig nie so as soos ja, jy is nou gereeld op efundi so jy sal nou maar daar gaan loer of iets, maar as jy net so vinig loer dan sien jy nie iets nuuts nie dan mis jy baie keer goed soos dit, want dan weet jy nie waar sy dit, onder wat sy dit gesit het, of waar sy dit gesit het of dis tussen ‘n klomp ander goed gesit so jy mis nuwe goed wat op is. Ek dink dis hoekom ons nie weet van video’s en daai goed nie.

Interviewer: Okay.

Vera: Ek voel weer of ons by ander wiskunde, by Mr X, ons ander dosent, hy sal byvoorbeeld in rooi noodbelangrik sulke hoofletters maak: onthou hierdie of hierdie gaan ook gevra word.

Interviewer: So dit het tog met die formaat te doen nê. Okay.

[Studente sê ja]

Interviewer: Askies Rachelle ek gaan nou vir jou vra.

Nina: En ek het. Skies. Vandag toe ek nou gaan rondsoek het vir waar sy gesê het van die toets, toe kom ek af dat sy soos 5 eenhede en in eenheid 1 is daar soos klomp, maar toe dink ek ons is nou al by eenheid 3 toe gaan ek by eenheid 3 in toe is daar klomp “hyperlinks”. Toe ek kliek op die hyperlinks toe werk nie een nie. So dit was rêrig, daar is soos niks.

Interviewer: So, jy probeer om die video’s te kyk, maar dit het nie gewerk nie.

Nina: Ja, maar staan net vir meer inligting kliek hier en as ek kliek daar dan werk niks.

679 Interviewer: Okay. Ja, okay dankie Nina.

680 Vera: En het het gesien by ‘Mathematic Module’ ek het gesien sy het so hele semester
681 beplanning ding vir ons gegee, so ons is eintlik eers by 1.4, “by the way”.

682 Interviewer: Julle begin nou “vent”, stop. Sho ek moet sê ek het nou nogal baie ander
683 inligting gekry as wat ek nogal gedink het, maar ons gaan nou begin klaar maak. So,
684 ek wil net by julle weet, enige nog gedagtes, nie “vent” nie.

685 Elise: Ek wou nou-nou al gesê het.

686 Interviewer: Elise, askies.

687 Elise: Wat vir my nogal baie opvallend was wat ek gedink het wow hierdie is nogal cool,
688 wat ek self sal wil gebruik, in ons module Y by Mr X, een vrydag het ons oor driehoeke
689 gewerk toe het hy vir ons klomp afmetings gegee van driehoeke se sye wat ons nou
690 moes gaan probeer het om die driehoek te trek met dit. Toe probeer ons toe is ek soos
691 jis hierdie ding werk glad nie uit nie, ek weet nie wat hier aangaan nie. En toe het hy vir
692 ons ‘n hele nuwe soos ‘n eienskap van ‘n driehoek gegee wat ek nog nooit eers geweet
693 het van nie, so dit was vir my baie cool. En ek dink ek gaan dit nou onthou, want ek het
694 gesukkel daarmee en dit was vir my baie nice. So, ek hou van daai wat hy ons bietjie
695 laat sukkel en dan op die ou einde help hy ons daarmee.

696 Interviewer: En dit kan jou help, want jy kan dit eendag met jou studente gaan doen.
697 Rachelle?

698 Rachelle: Ek wou net nou-nou bygevoeg het by Vera, wat sy gesê het oor die belangrike
699 inligting wat Mr X in rooi sit. Dalk moet hulle net soos die belangrike inligting eerste sit
700 en dan die goed wat volg. Sodat jy half weet waaroor dit gaan gaan en nie aan die
701 einde is dit dalk dat jy toets skryf oor iets en dan weet jy nie eintlik daarvan nie.

702 Lisa: Ja, en ek dink ook as jy actually die belangrike inligting eerste sien gaan jy half
703 wees van okay maar dalk moet ek net deur die res lees dalk moet ek net sien wat word
704 verwag want “I mean” as jy daai stuk van wat van jou verwag word is jy net soos
705 hoekom? Dan kom jy onder dan weet jy eers hoekom waar as jy dit eerste kry gaan jy
706 ten minste weet hoekom of jy moet aanhou lees.

707 Interviewer: Okay. Michelle?

708 Michelle: Ek dink wat die flipped classroom meer effektief sal maak in die huidige
709 ‘Mathematic Module’ sal wees soos sê nou maar as ons nogsteeds vooraf die aktiwiteit

kry om te doen dan voel ek dit werk lekker as jy in die klas kom en jy weet klaar of jy verstaan als of ek verstaan niks nie dat jy weet waar jy staan. Maar dan “even” al verstaan jy als moet sy vir jou kan sê okay die hele klas is op dieselfde vlak, almal verstaan als, maar kom ek wys vir julle iets interessants byvoorbeeld om herleiding makliker te maak of hier is ‘n interessante manier om dit te onthou. Of onthou hierdie en hierdie is dieselfde so as jy dit na hierdie moet herlei is dit ‘n korter pad om dit eers na hierdie toe te herlei of so iets.

Interviewer: So, jy sluit aan by wat Vera vroeër gesê het dat julle voel die vak kan aangebied word om jou te help hoe jy dit beter kan aanbied vir jou studente.

[Studente sê ja]

Michelle: Nie net dit nie, nie net die aanbieding nie, maar dit gaan jou ook self help. Deur dit beter te kan doen en beter te verstaan. Huidiglik, okay herleiding vat ek nou as ‘n voorbeeld almal van ons leer net uit ons koppe uit, of jy google dit, of jy leer dit uit jou kop uit soos ‘n pappagaai so niemand verstaan eintlik wat daar aangaan jy het eintlik net die inligting so ek voel as dit actually in ‘n manier aangebied kan word wat jy dit op ‘n manier kan verstaan dat jy dit nie soos ‘n pappagaai net gaan leer nie.

Interviewer: Okay, so voel dit vir julle ook dit, was dit anders vir julle op skool aangebied, was dit beter op skool aangebied?

Michelle: Ons het maar nog altyd net geleer, dis pappagaai werk.

Interviewer: Zara het jy die werk op skool presies op dieselfde manier geleer? Het jy ook werkkaarte gekry, uit jou kop uit geleer, hoe was dit vir jou?

Zara: Nee, nee. Die juffrou het voor die tyd vir jou eers voorbeelde gegee en dan doen jy bietjie op jou eie en dan huiswerk. Gewoonlik.

Interviewer: Maar selfs hoe dit aangebied is, soos wat Michelle nou van praat. Is daar dalk maniere van waar kom dit vandaan, het julle “nets” gehad wat julle oopgevou het 3 dimensioneel of is dit.

[Nee]

Interviewer: Is dit altyd maar nog net vir julle gewys maak so.

Lisa: Ek moet sê soos op skool het ek dit bietjie anders ervaar. Ek het Admaths gehad in Graad 8 en 9, en Graad 10-12 het ek Alpha Wiskunde gehad en ek het gewone

Wiskunde gehad. En in Admaths was ons juffrou baie daarop dat jy dit fisies sien en hoe dit gebeur en alles en sy het in diepte verduidelik en ook in Alpha Wiskunde was die juffrou ook baie erg daarop om vir jou konneksies te wys tussen die goeters en dit help soos nou met soos Wiskundige Induksies, ek weet almal sukkel daarmee, maar vir my is dit baie maklik, want die juffruo het vir my die konneksies gewys wat gemaak moet word. So dit.

Interviewer: Okay. So ons gaan klaar maak. Elise?

Elise: Ek wil net vinnig aanlas by die Admaths. Ek het ook AP gehad, maar ek was nou weer heeltemal anders. My juffrou het self gesukkel met AP so ons het almal nou maar net aangeploeter daarmee so ek het baie gesukkel met AP. So, ek het maar die goed soos ‘n pappagaai geleer en 180 vraestelle uitgewerk wat ek kon kry, video’s gekyk, maar ek ook maar net soos geleer, geleer, geleer. En nou soos met Mr X toe ons nou bietjie gesukkel het, hy het ons bietjie verwantskappe gewys toe kon ek dit baie beter verstaan. Ek weet nou actually wat daar aangaan. Maar ek dink dalk, weet nie of dit gehelp het dat ek eers gesukkel het nie, maar ja.

Interviewer: Nog enige gedagtes? Laastes? Okay, dankie.

Micro-cycle 3

Focus-group interview 2

Interviewer: Okay, dankie dat julle hier is. Eerstens… ek gaan sommer by jou begin, Hannah.

Hannah: Ek wil net weet hoe oud is jy?

Hannah: Ek is twintig.

Interviewer: Al twintig.

Hannah: Ja.

Interviewer: Akademies, eerste jaar?

Hannah: Eerstejaar, ja.

Interviewer: Het jy iets anders gedoen?

Hannah: Ek het 'n gap-jaar gevat, ja.

Interviewer: Wat het jy gedoen?

Hannah: Ek het atletiek geoefen in my gap-jaar.

Interviewer: O…Okay. Ek wil eintlik nou, maar ek gaan nie nou … ons kan nie nou daaroor praat nie.

[groep lag]

Interviewer: En jou taal - praat jy Afrikaans en Engels?

Hannah: Afrikaans ja. Engels ook, maar meestal Afrikaans.

Interviewer: Okay. Sal jy sê jy verstaan as jy onderrig moet word in Engels?

Hannah: Ja, ek verstaan.

Interviewer: Okay. En waar was jy op skool?

Hannah: In Hoërskool Stellenbosch.

Interviewer: Okay. En het julle goeie tegnologie gehad by die skool? Soos toegang tot tegnologie?

Hannah: Daar was projektors gewees, maar hulle het nie baie daarvan gebruik gemaak nie. So dit was meestal nog, hulle het maar op die bord geskryf as hulle verduidelik het.

Interviewer: Okay.

Hannah: En hulle het van slideshows ook gebruik gemaak.

Interviewer: Het jy toegang gehad tot 'n rekenaar daar?

Hannah: Uhm, daar was 'n rekenaarlokaal waar ons kon gaan werk as ons sou wou.

Interviewer: Sou jy sê jy is rekenaarvaardig?

Hannah: Jaaa, tot 'n mate. Ek is nie baie goed daarmee nie, maar ek kan die basiese goed doen.

Interviewer: Okay. Kom jy reg met eFundi?

Hannah: Ja… ja.

Interviewer: Kom ons gaan na Jade toe. Ouderdom?

Jade: Ek is negentien.

Interviewer: Okay. Taal of tale?

Jade: Taal… Afrikaans en Engels. Ek is vaardig in altwee. Ek was in 'n Engelse kleuteskool. So...

Interviewer: Okay. So, jy verstaan goed. Skool?

Jade: Ek was in Hoërskool Monument in Krugersdorp.

Interviewer: Okay. En tegnologie toegang. Het jy baie van tegnologie gebruik gemaak daar?

Jade: Daar was baie toegang tot tegnologie, maar ons het nou nie rêrig soveel gebruik gemaak daarvan nie. Hmm… meestal maar oorhoofse projektors, PowerPoint slides.

Interviewer: Okay.

Jade: Maar nou nie…ons het nie Smartboards of enigiets gehad nie. Meestal het die onderwysers maar net met die hand geskryf, want dit was makliker en vinnig. Ons het met harde kopieë gewerk.

Interviewer: So daar was ook nie van jou verwag om take elektronies te doen nie, of te e-pos... sulke goed nie?

Jade: Nee, glad nie… nooit nie.

Interviewer: Okay. En dan Ann. Jy is twintig?

Ann: Nee, negentien.

Interviewer: O, ek dog jy het vir my gesê jy is twintig.

Ann: Nee…

Interviewer: O…dis omdat ek gedink het jy is volwasse. Taal(e)?

Ann: Afrikaans huistaal… en Engels addisionele taal.

Interviewer: Okay. Skool?

Ann: Hoërskool Standerton.

Interviewer: Okay. En tegnologie by die skool? Het die onderwysers dit baie gebruik en jy ook?

Ann: Nee, hulle het dit nie baie gebruik nie. Al wanneer ons dit gebruik het, is, sê nou maar, wanneer ons antwoorde gemerk het, het hulle die memo half soos op die bord gegooi, maar verder was alles handgeskrewe gewees.

Interviewer: Okay. Dan....kom ons kom by Henda. Ouderdom?

Henda: Negentien.

Interviewer: Negentien. Taal?

Henda: Afrikaans is my eerste taal en Engels is addisionele taal.

Interviewer: Okay, sal jy sê jy verstaan Engels goed?

Henda: Ja.

Interviewer: As jy moet leer in Engels?

Henda: Dis heel okay.

Interviewer: Okay.Skool?

Henda: Ek was in Hoërskool John Vorster in Nigel gewees.

Interviewer: Okay. En jou tegnologiegebruik of toegang daartoe?

Henda: Ek voel ons het… ek was baie bevoorreg om op Smartboards klas te kry.

Interviewer: Okay. Skies, kan ek jou stop daar? Hoekom dink jy dit is so 'n voorreg?

Henda: Ek dink dit is 'n voorreg, omdat, veral met vakke soos in my vak het ek in Fisiese Wetenskappe dit gekry. En dit, en in Wiskunde, en dit gee aan onderwysers die vermoë om simulasies vir jou te wys, en om mooi sketse te teken en om vinnig vir jou iets te demonstreer sonder om dit met kryt of met 'n projektor te doen wat bietjie… Dit… dit werk nie so gerieflik soos wat smartboards werk nie.

Interviewer: En ja, goed kan lewendig gemaak word… nè?

Henda: Ja, defnitief.

Interviewer: Jy kan iets op 'n ander manier vir iemand aanbied, want as ek nou dink tegnologie, dan dink jy joe daar is soveel ongelooflike maniere wat 'n mens goed so visueel vir mense, spesifiek in Wiskunde kan wys deesdae. As jy dink aan iets eenvoudigs soos vierkantsvoltooiing. Almal wys vir jou dis 'n vergelyking. Hy lyk so. Dan doen jy dit, stap twee. Maar eintlik kan jy dit briljant gaan uitbeeld. Okay. Elk geval. Ek het nou vir jou als gevra wat ek wou. Ja.

Interviewer: Hannah, het jy vorige ervaring met die flipped classroom gehad voor ‘mathematics module’?

Hannah: Nee. Glad nie.

Interviewer: Henda?

Henda: Nee.

Interviewer: Ann?

Ann: Nee, glad nie.

Interviewer: Jade?

Jade: Glad nie.

Okay. Sê vir my… en in enige volgorde as jy iets daaroor wil sê. Wat is die flipped classroom vir jou?

Henda: Die flipped classroom vir my is dit meer gerig op selfstudie, en hmm… slegs die moeilike dinge, en die dinge waarmee mense rêrig sukkel, word dan in die klas behandel. So ja by die huis, onderwyser sê vir jou gaan berei hierdie voor vir die volgende les, alles opgelaai, gaan doen hierdie oefeninge, hmm… en berei voor vir die volgende les. Kom na my toe met vrae. Kom na my toe met probleme. Dan behandel ons dit in die klas.

Interviewer: Okay, en ek stem saam daar wat jy sê, want die idee van die flipped classroom is as jy basiese konsepte by die huis kan gaan leer, soos leer hierdie deel, of lees hieroor of gaan kyk 'n video daaroor. En dan om in die klas te kom dat 'n mens by die hoër kognitiewe vlakke uit te kom - by daai moeilike goed, want studente sê altyd: in die klas lyk dit so, en in 'n toets lyk dit so. En die rede daarvoor is, want die toepassing wat jyself moet gaan oefen, doen jy by die huis, dan het jy geen ondersteuning nie, dan sukkel jy, dan verloor jy motivering. En die hele idee met die flipped classroom is dat basiese konsepte vir jou by die huis in 'n video-vorm gewys word, dat jy kan klas toe kom en daar saam kan toepas wat jy... toepassings doen, wat jy ondersteuning het van jou maats en van jou dosent. So...

Ann: Wat vir my lekker is van dit is soos… sê nou maar jy het nie net een metode om iets te doen nie, maar met flipped classroom dan doen jy mos ietsie soos in klastyd, dan kry jy soos, okay, die persoon doen dit op hierdie manier, en daai een kyk nou weer uit hierdie oogpunt uit, en doen dit op hierdie metode. So, daar is nie net een metode wat gevolg word nie. Almal doen dit maar half anders.

Interviewer: So dit klink vir my of jy sê julle werk lekker saam in die klas.

Ann: Ja.

Interviewer: Okay. Ervaar die res van julle dit ook so?

[Ja]

Hannah: En om uit mekaar se foute uit te leer. Dan sê ek het ook daai fout gemaak of ek het so daaraan gedink soos sy sê.

Interviewer: Okay. Jade?

Jade: Dit werk as almal wil werk… by jou tafel… bygesê. So…sê nou as jou vriend 'n afdag het, en hy wil nie nou hierdie groepstaak doen nie, en dan word jy op die ou einde gelos om aan jou eie genade oorgelaat te word, om maar self hierdie ding uit te figure. Want ek het nou 'n slegte dag gehad. Ek het nou… ek is nie nou lus om hierdie te doen nie ... ek is nou nie lus om met julle te praat nie.

Interviewer: En daar is sulke mense. Okay.

Jade: Ek is sommige dae daai mens.

[Lag]

Henda: Ek wil net sê van die flipped classroom… wat ek beleef het, is soos wat daardie ander man laas keer met ons gepraat het, gesê het… jy leer of jy gee skool soos wat jy geleer is. Ek het al besef soos as 'n onderwyser vir my 'n spesifieke vak aanbied soos wat hy geleer is, dan reageer ek nie noodwendig dieselfde op hoe hy vir my verduidelik, en wat hy vir my sê nie, soos ek is dalk nou visueel meer as oudiotief, of wat ookal die woorde is. Maar ek het ervaar met die flipped classroom kry ek vir myself maniere om goed uit te “figure” en te verstaan. En as ek in die klas is, alhoewel die onderwyser of die fasiliteerder dit verduidelik soos wat hulle wil, verstaan ek dit, want ek het my eie manier, soos ek het my eie voorbereiding gaan doen om dit te kan verstaan. Want, as mens... as die onderwyser die hoofbron van inligting is, dan gaan dit veroorsaak dat jy as student nie altyd alles gaan verstaan nie, want hy gaan aanhou skoolgee soos wat hy skoolgee. En jy gaan aanhou nie verstaan wat hy sê nie.

Interviewer: En soos jy besef, luister maar ek moet self bronne gaan soek. Daar is verskriklik baie bronne wat vir my beskikbaar is op die Internet, ensovoorts. Ek kan nie altyd op ander mense staatmaak nie. Okay. Dan… het julle al van die woord gehoor metakognisie?

[Nee]

Interviewer: Nog glad nie gehoor nie? So… metakognisie…dit is eintlik nogal ‘n ingewikkelde konsep, maar waarop dit neerkom, is om bewus te wees van jou denke. So dink oor wat jy dink. Soos terwyl jy byvoorbeeld besig is met wiskunde-probleemoplossing, dan kan jy dalk dink maar sjoe, hierdie wat ek nou doen, maak nie eintlik sin nie. Ek moet gaan dink oor wat maak sin. Meeste mense kan glad nie daaroor dink nie. Hulle gaan net aan, het nie eintlik ‘n “clue” wat hulle doen nie. Hulle is nie bewus van hul strategieë nie. Hulle is nie bewus van wat hulle besig is om te doen nie. En dit is ‘n baie belangrike bepalende faktor vir akademiese sukses – is metakognisie. En dis soos byvoorbeeld om jou strategieë te verander. Sê nou maar jy doen nie goed in ‘n vak nie. Om dan te sê, okay so “obviously” hoe ek leer vir hierdie

vak of hoe ek te werk gaan, werk nie. Ek moet dit aanpas. Ek moet my strategieë verander, en om te reflekteer. Om te reflekteer sê maar ek wat ‘n juffrou is. Was hierdie ‘n goeie les? Was dit goed vir my leerders? Het hulle bereik wat ek wou gehad het hulle moet bereik, of sit hulle net daar soos papegaaitjies, en ek moet net vir hulle sê. So dit is om te reflekteer en om verbeteringe te maak op grond daarvan. So, is jy bewus van jou denke, weet jy wat jy dink, kan jy dit verteer en kan jy aanpassings maak op grond daarvan? So, die idee van my studie is ook om te kyk hoe die flipped classroom dalk kan help om metakognisie te bevorder. So, hou dit ook in gedagte.

Interviewer: Dan die videos. Ek het gister nogal... was ek nogals… ek moet sê ek het ‘n navorsingsfout gemaak. Almal waarsku jou altyd met navorsing, jy moenie sekere goed verwag nie. Jy moet oop wees. En ek het sekere goed verwag, en ek het nie gekry wat ek verwag het nie. So, die videos. Weet julle daar’s videos op eFundi wat julle moet gaan kyk?

[Onseker lag met “nee” tussenin]

Ann: Watse video’s?

Jade: Daar is nie. Ons het al gaan kyk na resources ook. Ek onthou, wat ek onthou… ek… dis hoekom ek spesifiek …want ek het dit gaan navors bietjie…ek het ‘n bietjie flipped classrooms gaan nagaan, en toe sê hulle… o daar is gewoonlik videos en toe is ek van?!

Interviewer: Okay, so sê jy nou, Jade, dat op ‘mathematics module’ se…op eFundi…dat daar is nie videos nie?

Jade: Nie wat ek gesien het soos videos van… nie wat ek gesien het nie.

Interviewer: Okay. Is daar in die klas vir julle gesê gaan kyk daar’s videos?

[Nee, dink nie so nie, nee]

Ann: Nee, sy het nie dit gesê nie.

Interviewer: Okay. En is die flipped classroom bietjie vir julle verduidelik?

Hannah: Ja, eintlik is die proses daarvan verduidelik.

Interviewer: Sal jy vir my verduidelik hoe jy dit dan nou verstaan op grond daarvan?

Hannah: Ja, sy het vir ons, soos sy vir ons verduidelik het…het sy vir ons gesê sy gaan nie die werk vir ons in die klas verduidelik nie. Ons moet self die werk gaan opsoek en self die

onderwerp gaan opsoek wat ons gaan behandel in die volgende klas. En dan…hmm… gaan sy, in die klas, gaan sy vir ons aktiwiteite gee, en ons moet vir haar vra oor die dele van die werk waarmee ons gesukkel het.

Interviewer: Okay. Dan…so as julle nie nou die video's gaan kyk het nie, hoe weet jy dan wat om in die klas te doen?

Jade: Jy volg maar net die moduleplan wat sy vir ons opgelaai het.

Interviewer: So jy het gaan voorberei?

Jade: Ja.

Hannah: Ja.

Interviewer: Wat gebruik julle dan om voor te berei?

Henda: Dis uiteengesit in die moduleplan. In hierdie les gaan ons hierdie onderwerp behandel. Hierso is die… wat jy moet gaan doen. Hierso is skakels wat jy kan volg.

Interviewer: Stop gou daar. Gaan jy na daardie skakels toe?

Henda: Ja. Gewoonlik. Dit is maar meestal goed soos Maths is fun, goed…hmm definisies weet…hmm…

Interviewer: G'n videos daar nie?

Henda: Nee, niks wat ek al gesien het nie.

Interviewer: Okay. So jy voel jy is voorbereid as jy klas toe gaan?

Henda: Ja, want dis maar… dis, ek gaan dit nou maar sê. Dit is maar elementêre Wiskunde soos Pythagoras, en dis Graad nege Meetkunde. So… dis redelik eenvoudig. Jy kan dit… jouself help as jy goed gedoen het op skool ook. So…

Interviewer: So, voel julle dat 'n mens dalk kan klas toe gaan in hierdie vak sonder om enigsins voor te berei?

Ann: Ek het al, ek het al baie klas toe gegaan sonder om voor te berei.

[Jade knik]

Interviewer: Henda, wat sê jy?

Henda: Ek het al… ek het al vir ‘mathematics module’ voorberei, en dan was daar goed wat ek nie geweet het nie, soos ek moet bieg… dan was daar ‘n spesifieke definisie of iets wat ek gemis het toe ek in die hoërskool was wat ek wel gekry het deur voorbereiding, maar ek het ook al ‘n paar keer klas toe gegaan sonder om my behoorlike voorbereiding te doen.

Interviewer: Okay, en is die werk in die klas uitdagend?

Ann: Nie rêrig nie. Dis rêrig maklike Wiskunde.

[Ander knik en stem saam]

Interviewer: Kan iemand dalk vir my gou die… soos jou gedagteproses verduidelik in die klas? Soos julle nou “face-to-face” is. Dis klastyd. So bietjie jou gedagteproses met die werk. Julle kan bietjie dink.

Ann: Soos in begin van klas of wanneer ‘n opdrag gegee word?

Interviewer: Enigiets.

Jade: Die begin van klasse is chaos gewoonlik. Dis maar studente. Hulle gesels mos maar. En hulle gaan aan, en dan weet ek… die dosent gaan weer raas en sê ons moet stilbly en ons respekteer haar nie... so ek wag vir dit om te kom. Dan… dit berei my half…dan maak ek myself half “mentally” negatief al klaar. Ek het hierdie gedoen op hoërskool. Hoekom moet ek hier wees, en alles. [Lag verleë]. Dis letterlik dis daai, en dit voel ek probeer met elke klas met ‘n positiewe houding ingaan. Vandag gaan ons iets nuuts leer, en dan doen ek dit nie…dan is ek teleurgesteeld.

Interviewer: So, jy voel daar kan meer uitdagende werk dalk wees in die klas?

Jade: Ek voel ‘mathematics module’… persoonlik voel ek ‘mathematics module’ kan net die dinge wat in ‘mathematics module’ behandel word, wat nie in ‘module Y’ behandel word nie, kan net so wel geïntegreer word by ‘module Y’, dat ons een minder module het. Jy hoef minder te betaal vir jou universiteitsfooie. Dan is daar nie… verstaan… dis nie ‘n onnodige module dan … want dis hoe jy voel…

Interviewer: Jy voel dis onnodig.

Interviewer: Dat dit baie oorvleuel.

Jade: Baie oorvleuel…dis al wat vir my, want basies, letterlik, as jy iets in ‘mathematics module’ in die week gedoen het, ag in ‘module Y’ gedoen het, dan doen jy dit weer in ‘mathematics module’.

Interviewer: Ek verstaan. Okay. Henda?

Henda: Ek voel ‘mathematics module’ is baie vir intermediêre fase-kinders, want dit is, ek dink dit frustreer ons want ons almal het Senior en VOO en ons verwag hierdie moeilike Wiskunde. Maar wat ‘mathematics module’ vir my verskriklik oulik maak, en ek het dit eers hierdie semester besef, was voor elke eenheid is daar ‘n aktiwiteit gegee wat jy saam met die kinders kan doen. Oulike goed, soos … daar was een wat hulle ‘n driehoekie moet vat, en dan moet hulle die driehoekie se hoekies afskeer, en die hoekies konstruktueer op ‘n reguit lyn, sodat die leerders kan waarneem dat die binnehoeke van ‘n driehoek is 180 grade. En ek voel sulke goed is belangrik om, selfs vir hoërskoolkinders te kan verduidelik dat hulle dit gemis het in laerskoolfase, want sulke goed is praktiese goed wat laerskoolkinders… jy kan nie net vir hulle sê dat die binnehoeke van ‘n driehoek is 180 nie. Jy moet sulke goedjies vir hulle wys, en die ander dingetjie was die konstruksie gewees en sulke goed. So daar is… daar’s tog interessante goed wat ek nie sal heeltemal wegvee van die module af nie.

Interviewer: Maar dit klink vir my dat wat jy sê, is die vak kan jou help om jou te leer hoe jy dit eendag vir jou kinders kan gaan verduidelik.

Henda: Ja, maar laerskoolkinders.

Jade: Ja, dit is nie rêrig baie van toepassing op hoërskoolkinders nie.

Interviewer: Okay. So, nou by die huis, as jy nou dink met ‘n ander module of ‘mathematics module’ wat julle in die eerste semester gehad het. Sou julle sê jy spandeer meer tyd daaraan by die huis nou met ‘n flipped classroom of nie?

Ann: Nie rêrig nie. Ek dink dit hang maar af soos die moeilikheidsgraad van die werk.

[Ja, ander stem in]

Ann: So dit is maar, ek sou sê, dieselfde.

Interviewer: Okay. So is daar enige manier wat julle dosent gebruik om te toets of het julle gaan voorberei?

Hannah: Ja, sy gee vir ons aan die begin van ‘n klas, gee sy vir ons ‘n aktiwiteit…dan moet ons dit invul en ingee. En dan… ja… merk sy dit en dan kyk sy watse punt het ons gekry.

Interviewer: Okay.

Hannah: Sy kyk dan of ons voorberei het. Sy sal dan kan sien of ons voorberei het of nie.

Henda: En sy kyk na ons werk… groepsopdragte. Maar ons hoef dit nie noodwendig in ‘n groep te doen nie. Want die hele aktiwiteit is waar ons die voorbereiding van die werk moes doen, maar dan… sy gee nie die… ek dink nie sy gee die memo van dit nie, maar as jy dan gesukkel het met iets, dan help sy jou of sy gee vir jou die memo verbaal. Maar sy merk nie daai goed nie. Dis maar net vir jou eie voorbereiding.

Interviewer: Okay. Lyk dit wat julle in die klas doen baie soos dit wat julle voorberei by die huis?

[Almal sê ja, dit stem ooreen]

Interviewer: Is dit? Okay. Sou julle sê in hierdie module is daar iets wat sal maak dat julle beter kan leer? Soos jy wat nou praat van daar is ander maniere om goed te verduidelik. En Wiskunde is eintlik baie so. Ons is almal gewoond daaraan dit word net vir jou gesê, en jy moet onthou en jy moet goed gaan leer, en jy dink as jy net oefen en oefen en oefen, dan gaan jy… So, al wat jy dan geoefen het, is om goed te memoriseer en om patrone raak te sien, en om heeltyd dieselfde ding oor te doen, maar het daar eintlik rêrig konsepte by jou gevorm? So, sal julle sê nuwe konsepte word by julle gevorm al is dit ouer werk?

Jade: Nie nuwe... nie noodwendig nuwe konsepte nie, maar nuwe maniere hoe ons dit kan gebruik vir aanbieding, veral… soos dit… my idee het baie verander oor hoe ek Wiskunde kan aanbied eendag as ‘n onderwyser. So, ‘mathematics module’ het in daai opsig baie gehelp, en Wiskunde ook. So, hmm... dit gee jou… dit gee jou half ‘n ander perspektief van die saak om dinge eenvoudiger te kan stel vir die leerders wat sukkel, maar tog nog steeds kan fokus op die moeiliker probleme vir die hoër presteerders in jou klas.

Interviewer: Nou my vraag vergeet. Ek het ‘n goeie een gehad. Hmm, okay, hoe selfgerig sal julle sê is julle?

Hannah: Ek berei baie voor vir my klasse, want dan voel dit vir my ek is meer in beheer, en dan sien ek, want as ek nie voorberei nie, mens weet ook nooit, want die dosente kan nie alles in die klas behandel nie. So, party goed gaan jy nie regtig weet jy mis dit nie. So, ek voel ek berei liewer voor, want dan weet ek wat ek als moet weet. So, dis vir my belangrik om….

Interviewer: Hoe berei jy voor? Watse bronne gebruik jy als?

Hannah: Ek sal… hmm… dit gaan google of ek sal in my handboek gaan kyk, en as ek nie verstaan wat in die handboek aangaan nie, dan sal ek dit gaan google. Ek sal eerstens my handboek en dan google gebruik.

Interviewer: Okay. Kyk jy videos?

Hannah: Ja. Ek kyk videos, ja, ja, ja op youtube.

Jade: Khan Academy help baie.

Hannah: Ja, Khan Academy.

Interviewer: Okay. En dan, Hannah, okay, so vind jy dat jy dit vir ‘mathematics module’ ook doen? Of vind jy vir jou meer vir vakke wat meer van ‘n uitdaging is?

Hannah: Ja, ek sal meer vir ‘module Y’ dit doen, en vir ‘mathematics module’… hmm… nie regtig nie, maar ek sal vir ‘module Y’ dit doen.

Interviewer: Okay. Henda, sou jy sê jy is selfgerig?

Henda: Ja, ek sal definitief sê ek is vir selfgerigte leer, want ekke probeer altyd… youtube is my ding wat ek gebruik. Ek kyk permanent youtube videos. Ek “worry” nie eers om op die skakels te druk van …as ek sien daar staan byvoorbeeld nou Pythagoras of Wiskundige induksie, dan tik ek op youtube in “Wiskundige induksie”, en ek kyk so sewe videos en ek kyk wat is gemiddeld omtrent dieselfde, en dan “figure” ek dit vir myself uit, want ek… ek het al gesien ook dat… soos die dosent is geneig om te aanvaar baie keer ‘n mens verstaan iets of jy verstaan nie altyd iets nie of hulle verwag jy moet dit al ken. So, dan het ek al klaar my voorbereiding in daai opsig gedoen deur te kyk hoe word dit gedoen en so…nou ja baie videos…ek kyk baie, baie videos.

Interviewer: Okay, en jy Ann?

Ann: Ek sal soos as met ‘mathematics module’ reg is, sit sy ‘n opdrag op wat nou jy as jou voorbereiding tel, wat jy moet doen. En as ek dit nie kan doen nie, dan sal ek eers google gebruik, maar as ek dit self kan doen, dan google ek nie of iets nie. Maar as ek nie iets nie verstaan nie, dan kyk ek in die… ons… wat is nou ons ‘mathematics module’-handboek?

[Mathematic Practices]

Ann: Ja, dan kyk in hom, want hy verduidelik baie goed.

[Die res stem in]

Interviewer: Is daar enige voorstelle wat julle het vir hierdie module?

[Stilte]

Jade: Soos ek gesê het, is… dalk moet die module geïntegreer word in Wiskunde, in met die konsepte wat oorbrug is en of dan dit net vir die intermediêre fase of vir die wetenskapleerders wat nou nie noodwendig vir... want die realiteit in Suid-Afrika is… jy gaan dalk nie aangestel word vir die vakke wat jy geswôt het nie. Hmm… en sê nou maar jy word aangestel … jy's 'n Senior en VOO –onderwyser en jy het Wetenskap gehad, dan neem hulle outomaties aan …maar as jy Wetenskap gehad het, is jy mos Wiskunde-vaardig ook. So kom ons gee my Graad 8 Wiskunde mense, want ons kort 'n Graad 8 Wiskunde-onderwyser ook. Dit was met my eerste proef het ek by so 'n onderwyser opgeland. Haar vakke was Biologie en Geografie, en nou is sy 'n Wiskunde-onderwyser. So vir daai mense kan dit baie help vir as jy nie 'module Y' het nie. Dan help dit veskriklik baie. Maar vir die van ons met 'module Y', vir my persoonlik, is dit 'n mors van my tyd.

Interviewer: Okay.

Ann: Ek dink dit is baie frustrerend, want as mens vang soos ons Matriek Wiskunde was eens rêrig soos geweet het wat in Wiskunde aangaan, en dit was redelik moeilik gewees, en van dit af het jy nou … okay, ek gaan nou universiteit toe… ons gaan dalk gaan moeliker Wiskunde… So jy het jouself "mentally" voorberei vir, okay, ek gaan moet op dit wees, want dit gaan moeilike Wiskunde wees. Dit is nie meer hoërskool Wiskunde nie. En nou vind ek dit 'n bietjie frustrerend, want dit voel of ek terug is in Graad 8.

Interviewer: Okay.

Hannah: Ek voel ook soos wat sy voel. Ek voel dit is 'n baie lang periode wat jy daar moet sit vir 'n uur en 'n half wat ons die heeltyd praat oor die stelling van Pythagoras. En dis vir my baie erg, want ons het dit al in Graad 8 onder die knie gekry. En nou verduidelik die dosent dit aan ons asof dit die eerste keer is wat ons dit doen, en dit is nie die eerste keer nie.

Interviewer: Stop gou daar. So word die werk wat julle dan moes voorberei, in die klas ge-"teach"?

[Ja – almal stem saam]

Henda: Nog steeds. Sy doen die hele uur en vyftien minute.

Jade: Ja, dis soos die vraag word beantwoord. As iemand ‘n vraag het, dan word die vraag beantwoord. Maar dit stop nie net daar nie. Dit gaan aan, en dit gaan aan.

Interviewer: Nou wanneer doen julle dan die groepstaak? Is daar genoeg tyd?

Hannah: Ja, aan die begin van die periode doen ons. Ons doen eers die groepstaak.

Interviewer: Hoe lank vat so ‘n groepstaak?

Hannah: Nie baie lank nie. Omtrent tien minute. Dis nie so moeilik nie.

Interviewer: En dan, Hannah, wat gebeur in die res van die periode as ‘n groep? Praat julle van die groepstaak? Is dit wat, toe ek netnou gevra het… gee sy vir julle iets om te kyk of het julle voorberei?

Hannah: Ja.

Interviewer: Het julle verwys na hierdie groepstaak?

Hannah: Nee, die groepstaak is ‘n… sy noem dit ‘n groepstaak, maar dis ‘n aktiwiteit wat nie punte tel nie, maar dit doen ons vir onsself. Dit tel nie punte of enigiets nie. Dan kom ons in die klas, dan kry ons soos ‘n toetsie tipe.

Henda: Ja, dis ook ‘n taak wat jy in groepe ook doen.

Henda: Maar ons kan nie altyd groepswerk toepas nie. Baie keer mag ons nie praat met mekaar nie.

Interviewer: Maar askies, wag, help my gou. Sorry, ek is nou onnosel. Julle… julle… julle doen iets ter voorbereiding, ‘n Werkkaart voordat jy klas toe gaan.

[Ja]

Hannah: Dis reg, dit is ‘n groepstaak, maar ons doen dit individueel.

Interviewer: Okay, en dan kom julle in die klas, en dan doen julle ‘n klein aktiwiteit van tien minute op julle eie.

[Ja]

Henda: Op ons eie of in ‘n groep…hang af.

Interviewer: Of in ‘n groep wat dan toets om te kyk wat is soortgelyk aan dit wat julle by die huis gedoen het. Okay, en dan, vir die res van die periode na daai tien minute?

Jade: Dan is daar… dan begin sy gewoonlik met ‘n slide show. Slides is gewoonlik so ses of sewe. Dan net die basiese inligting wat soos in rêrig belangrik is, vir as jy nou, soos ek soms sê .. jy het nie gaan voorberei nie, dan het jy nou al die belangrike inligting of wat ook al daar mag wees. Dan vra sy is daar enige vrae.

Interviewer: Met ander woorde, al het jy nie gaan voorberei nie, weet jy dit gaan vir jou ge-“teach” word in die klas.

[Ja]

Ann: Ja, basies.

Interviewer: Hannah, stem jy saam?

Hannah: Jaaa, ek dink so, want… dalk nie heeltemal alles in die voorbereiding nie, maar die meerderheid sal, ja… die meerderheid sal jy definitief kan verstaan in die klas, want na die slide is daar altyd weer ‘n aktiwiteit, nog ‘n klas-aktiwiteit ook. En dan merk ons hom ook. So, jy sal kan weet wat aangaan met die werk as jy nie voorberei het nie.

[Ja]

Interviewer: Okay. En dan enige raad oor eFundi... van die uitleg en wat daar moet wees en wat daar nie moet wees nie? Dit wat goed is.

Henda: Ek dink die videos sal help. Ek dink …

Interviewer: Hannah, stem jy saam? Dink jy, in plaas van jou wat jou eie te gaan soek, want ek sê net my bekommernis rondom dit. Ek sal niks daarvan hou nie, want ek wil hê my studente, en ek wil hulle nie beheer nie, maar daar is sekere goed wat ek wil hê hulle moet sien. Daar is sekere videos wat nie goed is nie. Hmm…wat… wat ek, ek sal wil hê… ek sal graag wil weet watter videos dit is wat my studente kyk… dat ons kan praat oor die video. Wat het julle gedink van daai video? Wat was vir jou goed van daai video. Wat was vir jou sleg van daai video. Hoe dink julle kan ons daai video verbeter byvoorbeeld. So, wat sê jy? Dink jy jy verkies nog steeds om jou eie te gaan soek, of sal jy hou van “ek wil hê julle moet hierdie video sien”?

Hannah: Ja, ek hou meer daarvan. Ek is oor die algemeen meer ‘n tipe persoon wat daarvan hou as iemand vir my sê presies wat ek moet doen. Dan voel ek ek weet wat aangaan. So, ek sal daarvan hou, en as ek nie dan die videos verstaan nie, dan sal ek net nog een gaan kyk, maar ek sal daarvan hou.

Interviewer: Okay, nog raad vir eFundi? Want eFundi is nou die hoofmiddel van leer hier voel dit vir my. Dit voel vir my eFundi kan dit maak of breek - ‘n flipped classroom, want eFundi is jou… moet die kanaal wees van waar jy jou basiese konsepte moet gaan weet… presies wat moet jy weet. Alles moet tot jou beskikking wees wat jy nodig het om sukses te kan behaal in die module, nè?

Henda: En dan is daar net, wat ek net gesien het, ek weet nie of dit dalk my laptop is, en of julle dit al ervaar het nie. Van die skakels, as jy op dit kliek, en dan is daar niks nie. So dis nou… (lag)…dan… dan kliek jy soos… dan gaan jy op die… dan is die studie-eenhede so hmm… opgestel uhh… pages, en dan kliek jy op die skakel soos van… vir meer inligting, klik hier, en dan …

Ann: Niks inligting nie.

Henda: Okay, so daar is nie meer inligting nie. Okay… kom ons gaan kyk of dit dalk onder is, of ek dalk mis…misgelees het, gaan kyk of daar onder skakels is. Gaan kyk maar na daai skakels. Hmm…en dit was net… nou die dag s’n, het onkant gevang… met die toets ook. Toe het sy… baie van ons het nie geweet dat ons oor omskakelings ook skryf nie, want sy het dit eers gelaai die vorige aand voor die toets opgelaai, en nie baie van ons het geweet nie.

[Onderbreking in opname]

Henda: En ek wil ook net sê ek… ek… dit gaan dalk negatief klink teenoor leer, en ek is nie negatief om te leer nie, maar ek voel die flipped classrooms gee die studente, soos die geleentheid om die werk op hulle eie te kry. So hulle hoef nie vir so lank klas toe te gaan nie. Want ek gaan beslis nie kans sien om op my eie te studeer, in my eie tyd te leer, en dan nog vir ‘n uur en vyftien minute klas toe te gaan nie.

Interviewer: Kan ek jou gou daar stop?

Hannah: Ja,

Interviewer: Wat van, as jy in die klas kom, en daar is vir ‘n uur en ‘n half ‘n baie uitdagende, stimulerende aktiwiteit?

Hannah: Ja, dan is dit die moeite werd.

[Ander sê ja]

Ann: Dis wat ons sê…dis wat ons eintlik wil hê.

Hannah: Maar ek wil nie op my eie werk, en gaan, en dieselfde les wat ek moes voorberei het, en self moes leer, nou weer hoor, omdat ander mense nie selfgerigte leer toegepas het nie.

Interviewer: Ek verstaan.

Ann: Ek dink sy kan, soos sê nou maar, net die basiese konsepte kan sy soos vir ons sê, okay, berei hierdie voor. En dan in die klas, dan… sy kan dalk twee minute gou-gou "recap"… okay dit en dit en dit, en dan…want almal het nou voorberei of moes, en dan kan ons eerder die werk wat, soos sê nou maar dis vlak een, nou die basiese konsepte, en dan kan ons opwerk na die hoër vlakke toe om dit half moeiliker te maak. Dan dink ek sal dit die moeite werd wees.

Interviewer: Okay. So, wat sien julle as julle rol in 'n flipped classroom? Julle kan bietjie dink.

[Stilte]

Ann: Ons is ons eie leerders en ons eie onderwysers basies by die huis ook. As jy basiese goed vir jouself eers kan uitpluis, voel ek jy leer beter as wat iemand net vir jou gaan sê.

Interviewer: So, jy dink dit is 'n goeie ding?

Jade: Dit is 'n goeie dink as dit reg toegepas word.

Interviewer: Wat van 'n meer uitdagende module? Kom ons sê ons pak nou een of ander "hectic", "advanced calculus". Dink julle dit gaan werk? Sê nou maar ek is julle calculus-dosent. En ek gee vir julle videos. Ek sê ek wil hê jy moet eerste hierdie video kyk, dan daai video, dan daai video. Dan wil ek hê julle moet vir my die refleksievorm invul dat ek kan sien of julle dit gedoen het. En dan, as ons in die klas kom, gaan ek niks vir jou "reteach" nie. Ek gaan vir julle 'n uitdagende aktwiteit, wat 'n toepassingsvraag sal wees, wat jy moontlik in 'n, jy weet, 'n level 4 tipe vraag in 'n toets sal kry. Kan julle saam dan werk of op jou eie.

Jade: En as jy dan vrae het...

Interviewer: En as jy dan vrae het, is jy daar vir ondersteuning. So, dink julle die flipped classroom kan werk? Dink julle, omdat hierdie ‘n maklike ding is, werk dit? Dink julle dit kan vir ‘n uitdagende vak werk? Henda?

Henda: Ek het dit definitief beleef… beleef, laas… laas semester, want ek het baie keer voor klas gaan kyk wat… wat doen ons, en dan, in moelike vakke, en dan het ek videos solank gaan kyk om seker te maak. En dan as ek in die klas stap, dan het die lektor, alhoewel hy bietjie vaagweg verduidelik het, het ek presies geweet wat hy van praat. Waar ander mense wat nie voorberei het nie, het daar gesit soos wat? … waarvan praat hy? Soo…dit het definitief gehelp.

Interviewer: Okay, Hannah, en jy?

Hannah: Ek voel persoonlik ‘n flipped classroom is bietjie moeilik vir, sê nou, kinders wat aandagafleibaar is, en so. Want hulle kan maklik voel dat daar nie orde in die klas is nie, want dit kan… dit kan moeilik raak vir hulle, maar vir kinders wat goed kan konsentreer en goed op hulle eie kan werk, kan dit voor werk. Maar kinders wat sukkel om te konsentreer, kan moeilik raak voor.

Interviewer: Ja, okay. En dan, skies nog terug na my eerste vraag. Ek het myself onderbreek… van jou rol in die flipped classroom. Enige iemand wat daar iets nog wil bylas?

Ann: Ek dink jou energie speel ‘n baie groot rol, want hmm…Mr X se klas is ook ‘n redelike flipped class vir my, en soos ek, ek “love” dit om in sy klas, want hy’s heeltyd… hy’s… sy energie… ‘n Mens kan sien hy is passievol oor wat hy doen. Soos ek het… ek gaan definitief… as ek ‘n onderwyser is, wil ek presies soos Mr X klasgee.

Interviewer: Okay.

Ann: Ek voel dit gaan dalk net soos, ja, jou energie, en hoe jy self teenoor die leerders is, speel ‘n baie groot rol.

Interviewer: Okay. Nog enigiets oor jou as student se rol in die flipped classroom?

Henda: Ja, ek voel net jy moet… jy moet rêrig baie verantwoordelikheid hê en selfdissipline, want jy het nie altyd die tyd om te gaan sit voor jou boeke nie, en as jy die tyd het, het jy nie die energie of die lus daarvoor nie. En ‘n mens moet net… ‘n mens moet gaan sit en ‘n mens moet dit doen om… want dit… die flipped classroom, voel ek, gaan nie ‘n sukses wees as ‘n student nie sy kant ook bring nie, want dis tog….

Interviewer: So, daar moet dalk tipe van maatstawwe wees om beter te gaan toets hoe berei hulle voor, sonder om hulle nou weer te forseer, sonder dat jy hulle nou weer … nou weer spoonfeed, en dat hulle nie leer om selfgerig te wees nie. Daar moet ‘n maatstaf of twee wees om te gaan kyk het hulle voorberei. En wat van die dosent se rol in die flipped class? Wat dink julle moet die dosent se rol wees vir ‘n suksesvolle implementering van ‘n flipped classroom?

Jade: Ek het beleef … in een van my ander vakke was daar… ons het elke week op eFundi ‘n toets geskryf oor daai week se werk, en dit het my gedwing om te leer, want ek het die helfte van die tyd in die klas het ek geslaap, want die vak het my bietjie verveel.

Interviewer: Kan ek jou gou stop? So, met ander woorde, eerder as om ‘n toetsie in die klas te skryf, sommer om op die internet ‘n toetsie te skryf?

[Almal stem saam]

Henda: Ja, soos byvoorbeeld, die Maandag was die sluitingsdatum. So, dan het jy die hele naweek gehad om daai week se werk wat behandel is, daai hoofstuk, moes jy voorberei en dan het hy begin met die toetsie. En dan was die toetsie se multiplechoice vrae uit die…daai hoofstuk se werk uit. En dit het my rêrig gedwing om te leer, want ek kon nie anders nie, want ek moes goed doen in die toetsie. So, alhoewel ek nie lus was om te leer of iets te doen nie, moes ek, want ek het ‘n toets geskryf daaroor.

Interviewer: Okay, so jy sien die rol van die dosent is dalk om op so ‘n manier seker te maak jou studente bly by en leer.

Henda: Ja. Dis nie lekker nie, maar dit gebeur. (Lag verleë)

Jade: Ek dink ‘n dosent moet ‘n fasiliteerder wees. Meer as ‘nchalk-en-dolker soos wat ons gewoond is. So, hy moet daar wees om te assisteer as jy op die verkeerde pad is, jou uit te daag om op nuwe maniere te dink, maar hy moet nie net die primêre bron van inligting wees nie. Jy moet, jy moet self gaan inligting doen en moet die agtergrond inligting doen, moet die basics ken. Jy kan nie dit weer in die klas… verduidelik… as jy nie…as jy nie lus was om voor te berei nie, want dan mors jy nie net jou eie tyd nie, maar jy mors die ander studente se tyd ook.

Interviewer: Ja. Hannah?

Hannah: Ekke dink die dosent se rol in so ‘n flipped classroom sal wees om, wanneer hy vir jou ‘n aktiwiteit gee, wanneer hy vir jou die aktiwiteit gaan gee om jou kennis te toets, dan

moet hy baie breed kyk na wat alles, wat hy als daar insluit, sodat jy ‘n goeie idee het van wat jy alles kan verwag. So ja…

Interviewer: Okay. So, verstaan ek jou reg as jy sê ‘n refleksievorm sal nogal goed werk voor die tyd om ‘n idee te gaan kry… oe, baie het daai gesê, baie het daai het gesê. So ons gaan dit aanspreek in die klas… nie als nie.

Hannah: Ja … Ja….

Interviewer: Okay. Nog iets vir die rol van die dosent vir ‘n suksevolle implementering?

[Stilte]

Ann: Ek weet nie.

Interviewer: Daai goed kan goed werk. Enige laaste… Henda, wil jy nog iets sê?

Henda: Ja, ek voel. Sorry ek het nou net daaraan gedink. Ons het dit in een van ons ander vakke geleer van die dosent… soos die onderwyser se energie en liefde vir die vak soos kom uit sy energie, en hulle moet my… soos hoekom wil ek leer wat ek leer. Ek verstaan ek moet leer, want ek moet deurkom. Maar wat maak dit nuttig vir my om… om te gaan sit en iets te verstaan. Hoekom wil ek dit verstaan sonder om net te dink ek moet goed doen daarin.

Interviewer: Te “worry” oor ‘n punt, nê?

Ann: Ja, in die tyd wat… want die dosent speel tog ‘n belangrike rol, want hulle… hulle… die rekenaar is nie dieselfde as die… as die persoon wat dit vir jou aanbied nie. En as hulle vir jou… hulle gaan vir jou ‘n rede gee hoekom jy daai werk moet leer, en hoekom dit lekker is, en hoekom dit interessant is, en wat sê hulle mos… in… hmm… jy kan nie die kinders lief maak vir die vak nie, maar hulle kan dit lief maak vir jou.

Interviewer: Ja.

Ann: Deur daai proses, ek voel in die tyd wat ons spandeer saam met die dosent, moet hulle ons ‘n rede gee hoekom hierdie ‘n “awesome” vak is, en hoekom ons wil gaan studeer, en hoekom dit “cool” is om dit te leer.

Interviewer: Ek dink nou sommer aan iets toe jy praat oor die videos. “Obviously” die videos wat julle self gaan google, is alles Engels. Is ek reg?

[Ja]

Interviewer: Okay. Pla dit een van julle? Sal julle verkies, as julle nou sê, jy wat sê, Hannah, jy hou daarvan as jy weet presies “scaffolding”… wat word van jou verwag, stap een, stap twee, stap drie, en dan is jy reg. Dink jy jy sal dit verkies dat die dosent self jou video maak of dink jy jy sal dit verkies dat die video eerder in Afrikaans moet wees, of voel jy “happy” met die bronne in Engels wat jy daar kry?

Hannah: Ek is gelukkig met die bronne in Engels, want ons handboeke is alles in Engels. So dan leer ek in elk geval die terme in Engels, en dan is dit eintlik makliker so.

Interviewer: Ek weet, jy kan seker nie praat namens ander mense nie, maar ‘n algemene gevoel van jou klasmaats? Dink jy hulle deel jou gevoel?

Hannah: Baie mense verkies eintlik om in Afrikaans te leer. Baie van my klasmaats waaraan ek kan dink.

Interviewer: So, jy dink hulle sal die video’s in Afrikaans verkies?

Hannah: Ja, ek dink die meerderheid sal dit wel in Afrikaans verkies. Jade, ek sien jy skud jou kop so. Dink jy…Afrikaans…

Jade: Ja, die Afrikaanssprekendes. Dit is…dit was vir my nuut. Ek het nou vir die eerste keer hierdie jaar, hmm… fisies klas gekry in Engels…Wiskunde gekry in Engels vir die eerste keer, maar ek het… my pa is ‘n Wiskunde-onderwyser. So ek het hom gehelp met die vertaling en alles. So ek ken die terme al van die hoërskool in Engels. So, dis net… dis vir my hartseer half nou dat ek, ek skryf nie meer net in Afrikaans of net in Engels nie. So, ek meng my taal verskriklik. En dis nie ‘n baie goeie eienskap vir ‘n onderwyser eendag nie, en jy kan nie jou tale meng nie. So dis… dis al wat my nou bietjie pla daaromtrent. Maar… ja, as ek… ek voel dat ek leer… ek leer in Afrikaans. Ek leer gewoonlik in Afrikaans. Ek gaan vertaal my handboeke. Maar as ek nou vining ‘n nota moet maak of ek kry daai aktiwiteite uit die handboek, en die handboek se aktiwiteite en die vrae is altyd in Engels, dan, voor ek myself kan kry, dan is ek klaar besig om te antwoord in Engels. Soos met die toets nou die dag. Voor ek myself kom kry, toe begin ek die Engelse kant lees, want die Afrikaanse kant was nie so informatief…toe begin ek die Engelse kant lees, en ek begin in Engels antwoord. So…

Interviewer: Dit gebeur. Wil jy iets sê Ann?

Ann: Ek voel ek verkies dat die video’s in Afrikaans is, want ek leer nog in Afrikaans, maar soos die definisies leer ek in Engels, want die handboek is Engels.

Interviewer: Ja. Okay. Ek wou nou vir julle een laaste ding gevra het. Hmm… voel nou vir my dit was belangrik. Okay. Enige laaste gedagtes? Okay. Dankie julle.

587

Micro-cycle 5

Petra – current lecturer semi-interview

Interviewer: Dankie mevrou, die klas is darem nou weer ‘n maand aan die gang so ek wil net vinnig terugvoer hê van hoe gaan dit sover?

Petra: Okay, ek dink die klas is vir my nog nie heeltemaal, ek wil nie sê hulle het nie ingekoop in die ding nie, want hulle het almal gesê jy weet hulle koop in in hierdie idee maar dis vir my asof hulle nie so verskriklik ‘involved’ is as wat ek sou wou hê. Ek wil die nie vergelyk met verlede jaar se klas nie, maar op hierdie stadium dink ek verlede jaar het die kinders baie meer, of die studente vir my baie meer wil ek amper sê, opgewonde oor die ding gewees. Daar sou studente wat sou gekom het en sou sê hierdie het ons nog ekstra gekry en so. Ek het dit nog nie hier gekry in hierdie klas nie. Maar ek dink nie dit gaan sleg nie en ek dink dalk het dit hulle al bietjie gehelp soos ek sê want ek het die manier van skryf en met die baie klas, ek wil dit amper nie ‘n toetsie noem nie, maar ons doen ‘n toetsie aan die begin van die periode mos dat dit eintlik ook my bywonings ding is en dan ook om te sien wat hulle voorberei het en ek dink dit wat hulle al daar gedoen het jy weet hulle leer tog om dit ten minste dan reg te skryf so ek dink nie dit gaan slegter nie, ek dink dit gaan beter.

Interiewer: Wat dink mevrou is dalk ‘n faktor dat hulle nie so ingekoop het soos laas jaar se groep nie?

Petra: Sjoe ek sal nie weet nie. As ek so van buite kyk sal ek rêrig dink dis wil nie sê dis ‘n tipe kind nie, want daar is nie ‘n tipe kind nie, of studente nie dit is ‘n groepsding dalk jy weet. Weet nie of dit, weet net soos jy by ‘n skool klas kry of by enige plek klas kry. Hierdie is hulle, is nogal reg om te leer en hulle wil dinge self ook doen waar hierdie vir my mos baie is dat hulle is daar want kyk ons skryf ‘n toetsie en dit tel ‘n punt elke keer maar hulle is baie ingestel om te weet tipiese eksamen goed. Hulle wil op die ou end die ding *pass* dis wat, dit voel dis presies, dit voel nie vir my of hulle voel ons moet nou hierdie goed rêrig goed verstaan nie miskien kan dit wees omdat dit eintlik redelik maklik is en hulle dink hulle verwag nie om sulke maklike goed, ‘n hele module te hê oor hierdie goed eintlik nie.

Interiewer: So, dit gaan nie vir hulle oor die leer op hierdie stadium nie, dit gaan net oor die punt.

Petra: Ja, ek dink so.

Interviewer: En dis eintlik hartseer. Want hulle kan die geleenthied aangryp om hulleself regtig op hierdie stadium te bemagtig oor hoe hulle hierdie gaan aanbied eendag vir hulle studente.

Petra: En al is dit so relatiewe maklike module wil ek amper sê, dis ‘n baie belangrike module, want baie goed gaan daar op bou. En hoe beter jy hierdie goed verstaan, want ons weet almal hier gaan hulle weet nou opperlakte van ‘n reghoek is lengte maal breedte en driehoek sin is dit en wat okal, maar op die ou end oor ‘n jaar as hulle iets moet doen en ‘n reghoek of van enige vorm al wat hulle onthou van opperlak is lengte maal breedte. Dan gaan hulle dit sommer vir ‘n sirkel ook sê. Ek meen ek het dit al gesien.

Interviewer: Defnitief.

Petra: Ek het dit gesien by ouens wat ‘n onderskeiding vir wiskunde in matriek gehad het, vra hom vier jaar later dan weet hy nie wat dit is nie.

Interviewer: Mevrou, maar julle fokus is nie didaktiek nie julle fokus nie en sê luister wat het vir jou gewerk, hoe sal jy hierdie vir die kinders dalk verduidelik. Dis nie julle fokus nie?

Petra: Nee, dis nie die fokus nie, maar dit is geïntegreer, dit moet daar in wees.

Interviewer: So, dit kom tog uit?

Petra: Ja, dit moet daar in wees.

Interviewer: En dan, hoe is deelname sover, kom hulle klas toe?

Petra: Absoluut ja.

Interiewer: En hulle is maar gemotiveerd ook oor klas toetsie en daar word punte daaraan gekoppel. Sal interessant wees as mens dit eintlik wegvat.

Petra: Ja, dit sal.

Interiewer: Enige terugvoer van hulle kant af, positief of negatief of albei.

Petra: Kyk, daai papiere wat ek elke week vir jou ingevul het, ek maar ‘n punt en vra vir hulle aan die einde, die laaste 10 minute vra ek vir hulle, vertel vir my, hoe ervaar julle die klas, wat is vir julle goed. Wat ek daar geskryf het is eintlik wat hulle maar sê, ek probeer dit elke keer so onthou, dit was hulle voorstel dat ek vir hulle op efundi reeds ‘n opdrag ook sit en nie net die *links* nie weet en toe nie die laaste twee drie keer dis nou die derde week wat ons dit het.

So, en hulle het vir my gesê dis vir hulle gaaf, maar ek moet sê, want die volgende week skryf ons toe toets dan sal hulle ook dit wat hulle eintlik wil weet, is daai nou tipies soos wat dit in die toets gaan gevra word, waar ek nou weer voel vir my maak dit nie eintlik saak wat ek, hoe dit in die toets gevra gaan word nie, ek is nie daar om hulle vas te vra nie, dit was nog nooit en ek dink nie dit behoort enige iemand, enige dosent se uitgangspunt te wees nie. So, ek wil hê jy moet, al is dit basies of al is dit maklik dit gaan eintlik vir my oor die *basics*. Ek wil eintlik hê jy moet die basis verstaan weet dis wat jy moet leer in hierdie klas. Sodat jy hierdie, weet ons praat nie van ‘n *toolbox* met die dinge nie, maar ek wil amper sê ons bou aan jou *toolboksie* sodat wat jy het en hoe meer goed jy het, hoe meer het jy om te gebruik. Wat jy okal gevra word.

Interiewer: Okay. En dan hoe verloop die klas. Algemene verloop van die klas van begin tot einde min of meer.

Petra: Okay. Onthou nou hulle het nou of is veronderstel om op efundi die links te kyk, en so dan begin die klas met eerste ding skryf ons daardie toetsie oor dit wat hulle voorberei het, maar baie baie direk en maklik ook daai. Rêrig waar dis nie moeilik daai nie, want daar is ouens wat vir wie dit moeilk was om voor die tyd die goed te gesien het so daai is dit tel op die ou end 1 punt maar, in elk geval net die idee so dit is die toetsie en dan as hulle klaar is, dit neem ek in en dan soort van bietjie admin reëlings bietjie praat jy weet of iets. En dan vra ek vir hulle of as ek nou sê die slide kom wat sê vandag se klas gaan dan nou oor byvoorbeeld oppervlak en omtrek van vlak figure dan sal ek vra want hulle het mos nou al die goed gaan kyk klaar dan sal ek sê wie het enige vraag oor enige iets wat jy nou in voorberei het of wat okal as daar enige iets oor ‘n omtrek of ‘n oppervlak is sê dan nou maar van veelhoeke is wat jy vir my wil vra, nou is die tyd en as hulle nie vra nie, die ideaal is darem iemand moet iets vra jy weet, maar goed. As hulle nie vra nie neem ek eintlik aan want dis hoe ek verstaan dis die hele idee van die flipped classroom, dan gaan ek hulle nou nie verveel om vir hulle te *reteach* nie, want hulle het mos nou daai deeltjie geleer dan gee ek nou vir hulle ‘n moeiliker opdrag in die klas en gee hulle dan so 10-15 minute afhangende van hoeveel dit is en in daai tyd stap ek deur en dan vra hulle my nogal jy weet en dan merk ons daai opdrag in die klas en dan gewoonlik praat ons oor die jy weet, hoe ervaar hulle die klas en daai dinge en dan is dit klaar.

Interiewer: En dan, so dit lyk of hulle darem bietjie voorbereid is en kan mens op ‘n manier dalk inbring wat mevrou nou al aan gedink het hoe mens kan monitor om te kyk of hulle dalk beter voorberei?

Petra: Nee ek weet nie, ek meen ek, die feit dat hulle die toetsie skryf dis my manier om te kyk of het hulle voorberei, want as ‘n ou nou glad nie voorberei nie en jy weet nie iets van wat ek daar vra nie, al is dit maklik dan gaan jy dit nie kan doen nie. Waar as jy ‘n ou kry wat nogtans hierdie goed kan doen en hy het glad nie voorberei nie dan het hy dalk nie nodig gehad om voor te berei nie so dit pla my nie einlik dan as hy nie voorberei het nie.

Interiewer: Ek hoor wat mevrou sê.

Petra: As hy inelk geval die goed kan doen, weet. Ek dink dis deel van self-gerigtheid, is dat mens moet, jy weet mos of jy daai goed ken. As hierdie ding gaan oor omtrekke en oppervlaktes van vierhoeke, of van veelhoeke ek weet man ek verstaan daai goed lankal ek kan vir die juffrou ‘n les gee daaroor, weet.

Interiewer: Dis waar, ek het nie so daaraan gedink nie.

Petra: Ja, dan hoef jy nie voor te berei nie.

Interiewer: So, sal mevrou sê op hierdie stadium is daar enige iets wat dui op self-gerigtheid op hierdie stadium kom dit darem so voor in die klas en voor die klas en met interaksie met hulle?

Petra: Ek dink so.

Interiewer: Is dit?

Petra: Ek meen die vra, dit wat hulle aan die einde van die klas wanneer ek nou vra vir refleksie as ons bietjie praat oor goed dan moet ek sê ek het nog eintlik opgetel by hulle wat vir hulle werk wat hulle van hou sê hulle vir my en dis wat ek in daai goed geskryf het is dat hulle jy kan daai toetsie wat hulle skryf byvoorbeeld meen dit gaan nou uit en uit oor wat hulle voorberei het. Hulle sal sê dit help hulle om te sien wat hulle toe ken en wat hulle toe nie ken nie en dan kan hulle in daai groep met hulle groepmaats nou ook as hulle nie iets verstaan nie by daai een hoor so, maar ek weet hulle het spesifiek gesê en dit kom amper elke keer uit dat dit help hulle om te weet wat hulle toe weet want ek dink eintlik hulle is op daai stadium en omdat dit ‘n bietjie dit is nie noodwendig ‘n maklike module nie, maklik bedoel ek almal gaan nie honderd present vir daai module kry nie weet, glad nie en die hulle weet hoe lyk ‘n vierhoek en hulle weet hoe lyk ‘n vierkant en daai goed maar daar is min van daai ouens as ‘n mens nou tipe wil ek amper sê ‘n kort vraag, ‘n *monkey puzzle* tipp van vraag dalk sê, want ek het dit in nou die dag se toets gedoen. Byvoorbeeld sê klassifiseer die volgende vierhoeke weet spesifiek en as ek dan nou sou sê byvoorbeeld ongelyke hoeklyne sny mekaar loodreg weet as jy dan nou mooi dink kan dit net ‘n vlieër wees. Ongelyke hoeklyne en hulle halfeer

mekaar ook nie. Want nou, daai goed is vir hulle so hulle moet dis nogsteeds onthou, ek het ‘n baie groot storie met lees met begrip. Ek dink nie hulle verstaan wat hulle lees nie en hulle kies sommer iets daar. So die groot amper skok gaan vir hulle nog kom as hulle nog daai tipe kort vra goed ook antwoord want dit dink ek toets daai insig ook goed.

Interiewer: Defnitief, want hulle assosieer wiskunde mos nou maar net met getalle en ‘n prentjie van ‘n vlieër en om in woorde te beskryf wat daai is, is ‘n groot problem. Dan, nog twee goedjies. Die een is, is daar nie klagtes nie, maar kommenataar oor bronne wat net hoofsaaklik in Engels is, is daar enige iets soos dit?

Petra: Niemand het nog vir my iets gesê nie.

Interiewer: Okay so.

Petra: Ek dink onthou ek gee in Afrikaans klas, daar dis nie soos by afstand wat in Engels is nie. Hulle het, goed, hulle is oorwegend Afrikaans in die klas so dis vir my miskien die ander ding waar ek wil hê die ou wat dit dan nie verstaan het nie moet dan vir my aan die begin van die klas vra. Ek doen wel, al is die tolk daar, ek kry myself, ek sê baie keer die engelse woord in elk geval vir hulle. Net soos ek in die afstand in Engels klas gee en ek weet daar sit Afrikaanse kinders, ek noem vir hulle die Afrikaanse terme. Want omdat ek weet die tolke nie altyd die term gebruik wat ek sou gebruik het nie jy weet.

Interiewer: Ja, dit is so.

Petra: So, ek doen dit.

Interiewer: En dan, so mevrou se tydsgebruik voel dit vir mevrou asof mevrou se tydgebruik dieselfde is as gewoonweg of gewoontlik in ‘n meer tradisionele klas of is dit min of meer dieselfde? Hoe beïnvloed die flipped classroom mevrou se tyd?

Petra: Kyk die feit dat ons nou elke klas ‘n toetsie skryf voor, nou goed ek het assisstente, maar ek laat hulle nie merk nie, want ek merk graag as ek dit kan hanteer, want dan kan ek presies sien waar hulle reg of verkeerd skryf en ek is konsekwent reg deur. So, dis hoekom ek verkies, so ek sal sê daar vat dit dalk nogal bietjie ekstra tyd maar dis nie vir my ondoenbaar en ek merk die dag as ek dit kry die volgende dag jy weet. Dit kan bietjie meer tyd vat en dan juis omdat onthou hierdie het ek nou die *links* en alles het ek nou al verlede jaar opgesit en ek is eerlik en omdat ek so hierdie jaar min tyd voor daai tyd gehad het, en self nou nog, het ek nie spesiefiek nuwe goed gaan soek nie. So, ek is dankbaar soos vir die nuwe goed wat jy nou gee weet.

Interiewer: So, mevrou sê dit is die tyd, dis nie die flipped classroom wat mevrou se tyd vat nie dit is mevrou se werkslading oor die algemene.

Petra: Ja ja, dis hoekom ek nie by die flipped classroom nou ek het hom mos eintlik wil ek amper sê hierdie klas is verlede jaar al voorberei en hy het baie goed gewerk verlede jaar. As hy nie vir my goed gewerk het nie, dan sou ek spesiefiek meer goeters gedoen het. Wat ek wou doen en wat ek nou al gedink het ek volgende jaar gaan doen in elk geval weet is ek wou mos vir elke klas ‘n video gemaak het self oor daai ding al was dit ‘n elementêre iets, ek wou soos wat ek ‘n klas daaroor sou gee wou ek ‘n 10 minuut video maak en dit oplaai vir hulle ook elke week vir hulle. Want spesifiek Sams en Bergman, die *founders* van die flipped classroom, hulle sê ook mos eintlik is dit die beste dat die dosent of die onderwyser self dit doen jy weet. So, dit is my plan vir volgende jaar, maar ek het ook gedink kyk ek sal nou ons gaan nog hier by die vlakke en die kante en goeters van 3d ligame met Euler se reël en dinge ek het gedink ek gaan dalk daarvan dalk ‘n video of iets maak maar dit kom so oor ‘n week of drie weet dan sal ek dit opsit. Want hierdie eerstes was vir my ook ek dink dis dalk maklik genoeg en daar is genoeg goed op die internet gewees wat hulle kon kyk.

Interiewer: Daar is baie goed op die internet, ja. Dit is so. Hulle sê, Bergman en Sams sê, van die videotjie self maak, dit is waar. Ek dink nou sommer wat ‘n *nice* manier is wat ek dink mens dalk kan inkorporeer wat ook sommer tipe van monitor of berei hulle voor, is mens sê sommer in daai video eerste ding as jy in die klas kom wil ek hê jy moet dit of in die klas gaan ons dit. So, dan gaan mens dadelik agterkom as mens in die video sê, weet hulle wat gaan in die klas aangaan en dis ook ‘n manier om te kyk of hulle die video gekyk het. Maar in elk geval. Okay baie dankie vir mevrou se tyd.

Petra: Plesier.

Micro-cycle 6

Focus-group interview 3

Interviewer: Dankie julle. Welkom. Hmmm … die eerste vraag. Enige een van julle kan gaan. Ek het in die vorige fokusgroep het ek agtergekom dat, dit voel vir my, baie van julle sien nie die nut om voor te berei nie. Verskeie redes van vorige kennis en hmmm… dat die werk nie eintlik uitdagend is wat julle in die klas doen nie. So, julle het nog sover reggekom deur nie eintlik te veel voor te berei van julle nie. So, ek wil net by julle hoor… van julle… hoekom berei jy steeds voor of doen jy nog steeds nie?

Michelle: Hmmm, ek berei voor, soos omdat ons dit so lank terug op skool gedoen het. Soos dis so half graad agt, nege, werk. So, dan berei ek half net voor om te kyk… soos, hoe doen ek dit nou weer, of net om vining weer te recap, maar jy berei nie eintlik voor, voor nie. Veral as jy, soos, gedruk is met jou ander akademiese goed, dan gaan jy nie twee ure daaraan spandeer om weer te kyk as jy.

Interviewer: Okay. Michelle, dink jy jy sou meer voorberei het as daar uitdagende inhoud in die klas was wat jy geweet het, sjoe, ek moet my storie ken, want dit wat ons in die klas doen, daag my nogal uit, en dit wat in die toets is, of so.

Michelle: Ek sou ja, ek sou verseker, want, soos byvoorbeeld, iets wat ek heeltemal van vergeet het, voorwaar ons moes voorberei het, het ek baie meer moeite gedoen om voor te berei, want die klas is so van, as jy nie voorberei het of as jy nie weet watter, as jy nie weet watter werk behandel word nie, dan, dan's jy nie by in die klas nie. En dan, as jy nou 'n toets skryf wat ook al, dan…

Interviewer: En het dit 'n rol gespeel, die feit dat dit half 'reteach' word in die klas?

Michelle: Partykeer het die gehelp, want dan besef jy, okay, soos dis, dis eintlik so of jy snap dit dan beter of so iets, maar ander kere, dan sit jy net daar. En ja…

Interviewer: Okay. Een van julle?

Anet: Omdat dit partykeer voel asof daar nou nie nuwe goed is nie, dan berei jy maar voor om te weet wat aangaan in die klas, maar tog, as jy in die klas kom, verduidelik sy net dieselfde werk oor. So dan let jy ook nie rêrig te veel op in die klas nie. So, jy berei maar voor om te

weet wat gaan gebeur, en jy doen nou maar die takie wat daar is vir ingeval sy dit as deelname gaan vat. Maar dit is ook.

Interviewer: So, op die ou end is dit half jou punt wat jou dryf … wat as ‘n deelname kan wees dan…

Anet: Ja, omdat dit ‘n basiese vlak is. Omdat dit klaar soos ‘prior knowledge’ is…

Michelle: En soos in klas presence, is dit half net of ‘n mens met ‘n halwe oor luister as sy werk verduidelik wat jy klaar verstaan het. En dan dalk, as sy iets noem wat nie in die video was, of in die opdrag nie, dan sal ek dalk nou weer luister… o okay… nou weet ek ook. Want dan sal ek gewoonlik iewers sal ons dit moet gaan toepas, so…

Vera: En ek dink as sy nie die hmmm… die werkskaart opgesit het nie, het ek nie voorberei nie…

Interviewer: Is dit? So, so begin jy? Dis eintlik my volgende vraag. So, Vera, hoe begin jy jou voorbereidingstyd? As jy nou besef, ‘mathematics module’, ek moet voorberei daarvoor. Wanneer begin jy, en hoe gaan jy te werk? Wat is jou gedagteproses?

Vera: Want soos ek voel… sy doen basies die werkkaart in die klas. So, as sy nie die werkkaart opgesit het nie, het ek dit nie gedoen nie, want soos die werkkaart doen ons, merk ons in elk geval in die klas, so dan kan ek nou maar… Maar as sy dit nie opgesit het nie, sou ek nie voorberei het nie, want sy doen basies presies dieselfde werk in die klas. So dan… is dit net soos ‘n herhaling eintlik.

Interviewer: Okay. Okay, so, hoe gaan jy te werk met jou voorbereidingstyd, en wanneer vind dit plaas?

Vera: Wel… gewoonlik… dit hang af nou wanneer sy die email stuur. En partykeer is dit baie laat in die aand, of sy vergeet daarvan. Soos nou, soos toe, as die kinders haar nie gister gaan vra het wat ons moet leer nie, het sy nie eers geweet ons skryf toets nie. Sy’t vergeet daarvan. So, toe is dit soos, okay, toe het ook sy nie ‘n werkkaart opgesit nie. Ek dink sy moes eintlik. (ander stemme beaam). Veral met buite-oppervlakte-formule.

Rachelle: Sy wou, en sy het nie.

Vera: Want ek dink dit kan nogal moeilik gevra word op sekere dinge, want ek het na die voorbeelde in die handboek gaan kyk. Dis nogal ingewikkeld (stemme beaam). So, ek dink dit

sou nogal nice gewees het as sy kon ‘n werksopdrag opsit vir die eksamengewys ook…vir voorbereiding.

Anet: Want ek weet nie van toe julle op skool was nie… daai oppervlak-area was baie vining gedoen (ander stemme beaam). Daar was nie so baie detail daaraan spandeer nie. So, ek voel daar kon op ‘n stadium baie detail daarop spandeer word.

Interviewer: Met ander woorde…hierdie kan tog nog nuwe kennis (stemme beaam) op ‘n manier gewees het. Dit kan interessant gewees het. Dit kan jou gehelp het om dan te verhoed wat met julle gebeur het…is dat op skool was dit vining vir julle en as ‘n afgematte topic aangebied wat dan nou kan verhoed dat jy dalk kan teruggaan skool toe en dit dalk heeltemal anders doen, want dis eintlik so ‘n lekker topic. Okay, ek wil nog by een van julle, Rachelle, sal ek ook nogal wil hoor … ek sal jou gedagteproses wil hoor. Soos, wanneer begin jy voorberei, hoe werk jou voorbereidingsproses? Hoe werk jou gedagtes? Okay.

Rachelle: Okay, so wanneer sy nou die werkkaart opsit, want al die ander vorige werkkaarte wat sy opgesit het, sal ek, as hy uitkom, dan sal ek hom dadelik doen, of as ek tyd het, dan sal ek hom dadelik doen. Anderste, dalk die Dinsdag as ons die Woensdag klas het. Maar ander kere doen ek hom as hy uitkom, sodat ek mooi voorbereid is. En… dan sal ek ook kyk na die… die lys wat sy gegee het van wat ons moet half voorberei wat volg op die klasse. En as ek nou dink ek weet wat aangaan, dan sal ek net vining na die werk kyk, en nie dit soos voorberei soos ek wat eintlik moet nie, omdat ek al baie weet van dit.

Interviewer: Waar begin jy? In jou handboek? Soek jy ‘n video? Gaan jy na eFundi toe om te kyk? Hoe gaan jy te werk?

Rachelle: Ek kyk maar eers in my handboek. So, en as ek dan nie daar regkom nie, dan sal ek videos gaan soek op Youtube, maar dit het nog nie gebeur nie.

Interviewer: Is dit? (Rachelle: Verleë lag). Okay. Interessant. Wil een van julle dalk iets daar bylas?

Michelle: Ekke begin soos gewoonlik met die aktiwiteit wat sy dan nou gee. En dan werk ek van daar af. Ek antwoord dit wat ek kan, en dan as ek by ‘n vraag kom…. Okay, so ek begin by die werkkaart wat sy dan nou … as sy dit betyds op eFundi sit. Hmmm… dan sal ek daar begin, en dan antwoord ek wat ek kan, en dan as ek by ‘n vraag kom wat ek nie verstaan nie, sal ek of in die handboek gaan soek of dan nou … ek sal eerste na die handboek toe gaan, want gewoonlik is dit dan daarin. En dan sal ek videos kyk en dan sal ek op eFundi lees. So, ja, maar ek het nog nie rêrig videos gekyk nie. Ek het nog nie die verplig … nie verplig te wees

nie, maar daai … hmmm… een keer het sy daai e-pos gestuur met video-les op, en toe ek het die een gekyk. En het hom begin kyk, en toe besef ek maar ek verstaan die werk, en toe skip ek aan en toe…nog nie rêrig nuut nie, toe skip ek ... en toe het ek hom eintlik nie gekyk nie. So, ja…

Interviewer: Okay, hmmm…

Vera: Kan ek iets sê? Ek voel soos daai videos sal gaaf wees, nie dat ek sê ek weet wat daar aangaan nie, of dis hoe dit werk nie, maar dit wat daarop is, is nogal… dit het my baie gehelp. Soos baie van dit is ‘n kort opsomminkie gewees. Dis cool.

Interviewer: Waar kry jy dit?

Vera: Op eFundi. Soos ek het ‘n hele boek wat ek opsom… Soos my boek is rêrig nogal op datum en alles. Hmmm… so ek gaan soos voor die tyd soos wat ek op datum is met my boek soos by eksamen hoef ek nie weer na die video te kyk… ek kan net in my boek leer, en vining net recap soos wat het ons gedoen. Soos daar op eFundi het sy soos ‘n kort opsomminkie wat ek dink nogal oulik is.

Interviewer: Waar kry jy dit op eFundi?

Vera: Onder … ek dink dis onder…

Rachelle: Dis onder die leereenhede.

Vera: Ja, die leereenhede, is dit daar. En as daar nie ‘n kort opsomming is nie, gee sy vir jou die hoofstukke wat jy in die handboek moet gaan kyk. Soos nou sin was daar hoofstukke gewees. So dit het my baie gehelp. Toe gaan ek net dadelik na die hoofstukke toe in die handboek, en som van daaraf op. Ja…

Interviewer: Hmmm… het een van julle, dit klink vir my of julle sê dat daar was nie ‘n werkkaart nou, en dat julle nie eintlik seker was oor die toets nie. (groep beaam). Hmmm… as daar nou nie ‘n werkkaart opkom nie, dan het julle haar ge-e-pos of haar gevra om dit vir julle op te sit, of los julle dit maar net, en hoop vir die beste?

Michelle: Hmmm… soos ‘n paar van die kere wat die werkkaart opgekom het, hmmm… was dit half soos … aan die begin het sy dit vroeg opgesit, soos sê nou maar, die naweek…hmmm… die Vrydag of die Saterdag. Ons het op Woensdae hmmm… ‘mathematics module’. Dan het jy genoeg tyd gehad om dit dan in jou skedule in te werk. Dan, om te beplan, en dan, hoe verder die semester aangegaan het, hoe korter het die tyd geraak. Soos, toe raak

dit Sondae, toe raak dit Maandae, toe raak dit Dinsdae, en dan raak dit Dinsdae-aande laat. So ons het half gewoond geraak dit kom nog… die… die werkkaart kom nog. So, ja... en dit was bietjie sleg, want dan het jy minder tyd om voor te berei. So… want… ja… dis hoe ek voel.

Vera: Ja… dit is so. Dit het met die toets gewys.

Vera: Ons het al opgelet of hoe sy half dit doen… dat die werk wat ons die dag behandel, gaan sy ook in die toets vra. (groep praat gelyk) …

Vera: Die heel eerste toets…

Michelle: Toe het ons nie dit geweet nie. Ja, toe, toe vang dit ons…

Vera : Toe't ons, sy doen nou dit. So elke keer… nou weet ons … soos nou vandag se toets… soos wat nou gebeur het … die goed wat ons vandag moet doen, gaan sy oor vra. En soos die vorige keer het sy ook al gesê sy gaan vra, maar baie van die… al die werk. So, dis ook hoekom ons nou maar net aangeneem het sy gaan al die werk vra en vandag se werk.

Rachelle: Ja, almal was onseker gewees…

Vera: Oor wat ons moet leer. Toe sê ons nou maar net kom ons leer net alles, want dis nie so moeilik nie… dat ons net als kan deurgaan.

Interviewer: Maar dan dit wat sy toe nou voor die tyd doen, is toe net in die toets eintlik.

Vera: Ja.

Interviewer: Okay, hmmm… en dan. So dit klink vir my julle begin soos die aand voor die tyd dalk… soos op 'n Dinsdagaand dan nou. Maar as dit byvoorbeeld nogal 'n meer 'demanding' vak was, julle sou mos vroeër begin het? (groep beaam) As, sê nou maar julle het hmmm… op 'n Maandag en 'n Vrydag 'n vak gehad byvoorbeeld, en jy weet, sjoe, ek moet nogal 'n effort hier insit. Sal julle sê julle is selfgereguleerd om dit dan te spasieer en te besef: okay, nee, ek kan nie die aand voor die tyd vir hierdie vak nie? (groep beaam).

Michelle: Ek sal omtrent so 'n week voor die tyd wil begin beplan het om te kyk hoeveel werk moet ek voorberei, en soos, hmmm… jy weet, al sê nou maar die Maandag wat nou kom, het jy nou klas, die vorige Maandag het jy nou half alreeds die les en die goed gekry wat jy nou vir die volgende klas moet voorberei. Dan sal ek daai dag al gaan kyk, okay, watter van die werk verstaan ek al, watter van die werk verstaan ek min of meer, en wat is totaal en al nuut. En dan sal ek van daar af half vinnig recap oor die werk wat ek klaar verstaan, en dan so

stelselmatig tyd aan dit spandeer, sodat ek liewers te vroeg klaar is, as wat ek die aand voor die tyd daar sit.

Interviewer: En julle strategieë en hoe julle voorberei het, het nie verander oor die semester nie, want dit het vir julle gewerk. Julle het nie nodig gehad om te sê: sjoe, dit wat ek nou doen en hoe ek voorberei, werk nie vir my nie. So, ek moet dit gaan aanpas en ‘n plan maak of meer beplan… Dit het maar dieselfde gebly, want dit was voldoende? (groep beaam)

Interviewer: Dan, hmmm… julle sê die goeters… okay, jy het dit eintlik al klaar, Michelle, geantwoord toe jy half gesê het dat wanneer goed opgelaai word, wat nou mos hoofsaaklik die werkkaart is, maar die videos en goeters was toe van die begin af eintlik daar. So alles was redelik van die begin af daar. Sou julle dit verkies het dalk dat hmmm… weekliks die bronne wat jy moet gaan leer vir jou opgesit word… dat als nie van die begin af heeltemal daar is nie? Of wat sou julle verkies het? Dink jy dat daar elke week vir jou ge-*highlight* word: vir volgende week gaan kyk hierdie video en hierdie video… dan is jy reg. Of dink jy die wat dalk vooruit wil werk, dat dit nice is, as alles van die begin af daar is?

Rachelle: Of sy kan dalk net byvoorbeeld hmmm… nou daar waar jy die werk gekry het, wat sy nou in die leereenhede sit, wat sy nou verduidelik en die opsomminkies gee, daar by die video sit, sodat dit als ook, want in plaas van dit net ‘n lys van videos sit, dit wat jy moet hê… vir daai gedeelde… dat die videos daarby is.

Interviewer: Is al die videos net in lêers?

Vera: Soos onder daai hoofstuk sit en sê hier is die oefening in die handboek as jy wil gaan oefen.

Interviewer: Dis ‘n goeie voorstel. Ek hou daarvan.

Vera: En byvoorbeeld. Sy’t ‘n email gestuur en toe sê sy ons moet ‘n… ‘n Google forms invul. Toe is daar daai een som wat sy nooit die antwoord gegee het nie. (groep beaam) So, toe vra sy… toe is ek soos… ons het nooit … sy het nooit die antwoord … (Groep lag senuagtig, en praat saam)

Vera: Ek weer nou nog nie hoe om die som uit te werk nie.

Interviewer: En dit was ‘n goeie vraag!

Vera: Dit was rêrig.

Michelle: Dit was nogals vir my sleg, want ons het nooit … Sy het gesê ons gaan … ons moet daarna gaan kyk, en volgende week terugkom daarna. En ek het weer gaan probeer, maar ek kon nie…ek, ek is bietjie dom … ek kon nie daai doen nie.

Interviewer: Die antwoord is 16.

Michelle: Hoe op aarde, maar okay, hmmm… verstaan… ons het nooit teruggegaan na dit en gesê okay, jy weet, wat, wat, hoe het jy, hoe't julle plan gemaak, hoe het julle gedink? Okay, dis hoe jy eintlik moet dink. Kyk hierso… die gee vir jou die. Moenie net vir 'n mens die antwoord gee nie. (Groep beaam en soek eerder variante). Gee vir my eerder, soos kyk, hmmm … jy kon dit so gevind het of hierdie groep het oulik… hulle het dit so gevind… hulle het hierdie gebruik.

Interviewer: Julle sou daarvan gehou het as dit so was.

(Groep beaam en is beswaard oor situasie – nie tyd om uit te werk nie)

Michelle: Ja, ek sou wou weet hoe om dit uit te werk, maar nou sit jy half en soos mmm…ons kan nie. En… soos ons het in groepe ook al bymekaar gekom, en dan is dit soos … nee ons weet nie.

Vera: Dis soos vandag se avo-ding. (groep giggel en beaam). Maar dit was eintlik half. Sy gee 'n avo-som. Sy sê soos sy weet nie hoe om dit uit te werk nie. Toe kom ons kyk of een van ons dit uitwerk. Toe werk een van die meisies dit uit. Ek weet nie eens wie dit was. Toe… wat het gebeur? Toe sê sy sy dink net dis die bewoording of iets… ek kan nie eens onthou wat sy gesê het nie. Toe het sy eintlik soos aanvallend vir my voorgekom (groep beaam) dat sy soos verkeerd is. Ek weet nie. Ek het dit opgetel.

Interviewer: Okay, kon julle die som regkry?

Anet: Omdat ons toets geskryf het, het ons nie rêrig tyd daaraan spandeer nie.

Michelle: Ons het die blaai gekry om daarna te kyk, maar ons het nie rêrig aandag daaraan soos in. Ons het half gekyk, o, okay dis wat jy gaan moet doen, maar ons het dit nie fisies gedoen nie. Omdat tyd beperk was, omdat ons nog moet toets skryf ook.

Interviewer: Is daar was… was daar vir julle gesê wanneer julle dit voor moet klaar hê… moet julle dit vir die volgende klas hê, as jy moet gaan op eFundi?

Anet: Sy het in elk geval gesê volgende week sou die laaste klas gewees het, maar sy gaan net in klas wees as 'n informele les vir daai wat nou goed het wat hulle nie verstaan nie.

Michelle: So, daar gaan nie eintlik klas wees nie.

Interviewer: Okay. Dink julle enige iemand gaan na daai klas toe gaan?

Michelle: Ek dink daar sal kinders gaan wat soos met iets sukkel, of wat hmmm…. wat ‘n punt het wat nie reg ingelees is nie. Maar ek dink nie andersins nie.

Interviewer: Okay. En dan… het dit vir julle gevoel asof die klas verander het oor die semester? So, enige iets van die semester… hoe dit was in die klas, hoe jou bronne op eFundi was, eFundi se formaat? Enige iets van ‘mathematics module’…van die begin van die semester tot die einde van die semester? Is daar enige iets wat verander het? Is daar enige voorstelle wat julle gemaak het wat gehoor is, of nie?

Rachelle: Daar was een klas wat tussenin gegee was oor… ek dink dit was area gewees of so ietsie, wat sy wel ‘n video op eFundi gelaai het. Dit was die enigste, soos basies naaste aan die Flipped Classroom-konsep-idee het wat sy gelewer het. Verder was dit maar net: hier’s jou taak, gaan doen dit, kom klas toe, bespreek dit, skryf toets as nodig en gaan huis toe, dis dit.

Michelle: Wat ek… wat ek ook daarvan gehou het… van daai spesifieke les, is hmmm…ons het half ‘n notification gekry dat hierso is die “links” en dat jy moet voorberei vir volgende week in plaas van soos… ek dink dit is ‘n goeie ding dat die videos vooruit opgesit word vir die kinders wat vinniger beweeg… verstaan. Hmmm… maar dit vir my was lekkerder om te weet… okay, hier is eintlik die videos wat vir volgende week op toepassing is. Want, soos jy het nie half altyd die tyd om elke liewe link te gaan oopmaak en te kyk, okay, waar is ek nou, wat moet gebeur, jy weet… so aan nie.

Interviewer: Goeie voorstel.

Michelle: En ook, soos byvoorbeeld die kinders wat nie WiFi of beperkte WiFi by die huis het, kan dan vroegtydig kampus toe kom en dit hier aflaai, en dan dit by die huis gaan kyk of so.

Interviewer: Dis ‘n goeie voorstel, en ek stem, ek stem saam met jou. Dit maak vir my sin.

Michelle: En, en ook dit herinner jou om soos voor te berei… en te weet… o okay, jy weet.

Interviewer: Want om selfgerig… om van jou verwag te word om selfgerig te wees, beteken nie jy moet heeltyd voel jy’s in die donker en jy weet nie wat gaan aan nie, né? (groep beaam)

Rachelle: En nou dink ek die leereenhede op eFundi moet ook soos op datum gehou word, want op ‘n stadium, ek weet nie of hulle nou al is nie… Ja, behalwe vir dit… daai, aan die kant

is daar mos die studiegidse vir leerinhoud. So, op die videos kan daar onder en die materiaal wat daar onder moet kom. Maar ek het so twee weke terug gekyk, en toe was daar nie… daar was van hulle wat nog moes ingevul word… die leereenhede wat ons klaar gedoen het. So, ek weet nie of dit nou nog so is nie.

Interviewer: Okay, so die formaat, so die formaat van eFundi… julle het nou goeie voorstelle gemaak vir dit. En verder… nog iemand wat iets wil sê oor die klasse. Het julle gevoel dit het verander, het dit presies dieselfde gebly? Het julle voorstelle gemaak wat, julle voel, nie gehoor was nie. Het julle nie voorstelle gemaak nie? Het julle maar net aangegaan, omdat julle gevoel het, wel, ek hou by, so…?

Michelle: Ons het voorstelle in die klas gemaak dat ons moeiliker vrae kry om te … om voor te berei en te doen. Toe kry ons daai som met die blokkie met die sirkel en die es… daai ene. Hmmm… so dit was nogals vir my lekker gewees dat sy eintlik geluister het en gesê het okay, maar kom ek gaan soek vir julle ‘n challenge en dit. Hmmm… dit was lekker, want soos dit het ook gevoel asof daar nie net in klas gesit word en so weer eens hoor wat ons klaar weet nie. Toe kon ons bietjie, actually, jy weet, uitredeneer en dink en praat en hoe gaan ons te werk gaan en so aan.

Interviewer: Maar iets wat ek daar opgelet het, is dat … so iets word vir jou gegee, en dan vyf minute en dan boem. Dit voel vir my vrae soos daai, moet jy sit en al vat dit ‘n uur om dit klaar te maak. En ek dink dis die ding van die classroom wat mens graag wil sien moet gebeur in die klas. Jy wil graag in die klas sien: ek reteach niks, ek sê niks, ek is die fasiliteerder. Daar’s jou ‘n moeilike vraag… daar gaan julle. Kom wys vir my, kom ons leer bymekaar. Dit…okay…so…ja…

Michelle: Soos hier nader aan die einde het dit vir my meer begin voel soos sy het meer begin reageer op vrae. Sy het nie… aan die begin het sy half soos dan het ons die videos en goed. Jy het al voorberei, geweet wat aangaan, en wat dit is. En dan het sy gekom en dieselfde goed verduidelik wat jy nou klaar voorberei het. En hier nader aan die einde het sy meer begin gaan op, hmmm… jy weet, okay, jy het nou klaar voorberei, wat verstaan jy nie. So, as jy nie voorberei het nie, het jy daar gesit en huuumm, want gaan nou gebeur, en as jy voorberei het, het jy gesê okay, ek verstaan die nie, of kom ons werk aan die, of okay, ons verstaan alles. So ons kan nou moeilker gaan, soos moeiliker vrae begin hanteer of wat ook al.

Interviewer: Ek…wat dink julle van hierdie? Ek hou van die idee om een of twee spesifieke videos vir studente voor te stel. Dalk die week voor die tyd, dat jy self kan besluit daai dag wil ek ‘n video kyk en die ander dag… dat jy nie op een dag nou dertig minute se videos moet

kyk of wat ook al nie. En… maar dan ‘n spesifieke video… dat die lektor in die klas vir jou kan vra: wat van daai videos verstaan jy nie, dat almal op dieselfde bladsy is. Want nou is daar ‘n magdom, the sky is the limit, van die hoeveelheid videos wat jy oor area kan kry. So, jy kan nie daai goed pinpoint nie. Juffrou het, toe hulle daai som gdoen het van die volume van die maan, het ek dit, en dit, en dit nie verstaan nie. (instemming deur stemme) So… ek dink spesifieke videos wat jy moet weet waarnatoe hierdie gaan, dink ek kan dit ook nogal bietjie beter maak dalk.

Michelle: Ek dink ook so, en dan soos half om spesifieke videos voor te skryf, gaan beter wees, en dan half as die kind dit nie verstaan nie, en hy op sy eie ‘n video gaan soek, moet hy dan half die “link” klas toe bring, of so iets. Dat as dit dan dalk opkom in ‘n vraag, of hy sê okay, maar ek het dit ook nie verstaan nie… hierdie video het dit verduidelik wat hy gedink het, kan hy dit dan met die klas deel.

Interviewer: Definitief. Daai ruimte vir dit, né? Maar vir so ‘n ruimte, voel dit vir my, daar moet ‘n werdersydse tussen die dosent en die studente moet daar: ek sien julle wil leer, van die dosent se kant af, so ek wil die ekstra myl vir julle gaan, en van die studente se kant af : ek sien hierdie dosent gaan die ekstra myl vir my, en om mekaar dan daar in die middel te kry, en om rêrig te wil leer. Hmmm… so ek dink as julle dalk ‘n oulike video gekry het, sou julle dit vir dosent gesê het: jis, hierdie was ‘n oulike video in hierdie area. Dink julle, het julle al oorweeg om dit te doen of het julle dit al gedoen?

Michelle: Ek het dit nie gedoen nie, maar ek sou verseker. Soos ons het mekaar so gehelp met, met hmmm…Chemie in die eerste semester. Toe’t ons oulike videos gekry om die stappe van die goed te onthou, wat hulle, dis daai videos met die, dis super-irriterend, maar die tune is so catchy, jy onthou dit… daai videos. Toe het ons mekaar so gehelp het met so aangestuur het, en so aan. So ja… dit werk.

Interviewer: Hmmm… en het vir julle gevra of julle die videos en goeters op eFundi opgespoor het. Dit voel vir my van julle het darem redelik al van dit gesien as dit nodig was, maar ons het gesê dat dit dalk belangrik is waar ‘n mens dit gaan indeel onder die leereenhede… dat jy spesifiek kan weet, en dat jy dalk ‘n reminder kry in die vorm van ‘n notification van: vir volgende week is dit dan nou, met ander woorde, hierdie en hierdie, en dit maak vir my sin. Julle het ook al klaar goeie voorstelle gemaak vir eFundi. Is daar nog voorstelle vir eFundi? Hoe julle voel ‘n mens kan eFundi nog beter benut. Ek bedoek daar’s forums waar jy gesprekke kan hou op eFundi. Daar is ‘n plek waar jy vir die dosent obviously kan e-pos… al daai goed. Het julle nog dalk voorstelle vir eFundi?

Michelle: Ek dink dalk soos in plaas van, soos daai, die forums waar jy ‘n gesprek kan hou op eFundi waar van dan, sê nou maar, daai… daai som wat ons gekry het wat ons nie rêrig na terug toe gegaan het nie, half om daar te sê, hmmm… ‘n plek te kan hê, okay, wie verstaan nie hierso, of hmmm… wie’t ‘n idee waar om te begin, of… of die dosent kan dalk sê: okay, ek sien julle sukkel hiermee. Hierso is die eerste stap wat julle moet doen, of ‘n leidraad te gee, en dan half weer te probeer uitfigure van daar af, en dan te sê, okay ek het sover gekom. Waar trek julle? Ek haak vas hier, maar ook om dit half te beperk dat niemand half die antwoord of so iets gee voordat almal half nie tot daai punt gekom het nie. Dit sou lekker gewees het.

Vera: Dis ‘n baie cool idee. En nog ‘n ding. Soos ons het byvoorbeeld net leereenheid een en twee gedoen. Sy… die res. ek dink nog tot sewe is blykbaaar vir die derdejaars. So, hoekom split sy nie die modules nie, en sit net vir ons ons modules op? groep praat gelyk). Maar ek het begin stres, want ons het net so drie weke oor, en daar is… maar toe besef ek ons doen net een en twee…so om dit te split.

Interviewer: Okay, maak sin.

Michelle: Dit sou beter gewees het. Dan voel jy ook, jy, jy weet, jy leer nie iets ekstra nie, of …ja, dit wat daar is, is dit wat jy moet weet. So as jy als deurgewerk het, dan’s jy reg. Ja.

Interviewer: Okay, en dan, is daar een van julle… die twee videos wat ek gestuur het in my e-pos. Daar was een oor…Rachelle lag. Daar was een oor hmmm… Flipped Classroom… ek het ‘n korte probeer kry, maar wat ook goed is, en die metakognisie. Hmmm…Anet, het jy een van hulle gekyk?

Anet: Ongelukkig nie. Ek het nie gekyk nie.

Interviewer: Okay, het jy een van hulle gekyk?

Michelle: Ek het die een oor die Flipped Classroom gekyk. Ek het gedink dis baie oulik, en ek het beter verstaan. Dis nie dat ek nie verstaan het nie, maar ek het nou duidelik ‘n idee.

Interviewer: Verduidelik vir my die flipped classroom in jou eie woorde.

Michelle: Soos in ander woorde, hmmm… in plaas van om in die klas sukkel, en te verstaan wat aangaan, gaan berei jy voor op jou eie tyd met die Internet of met videos of met jy whatsapp jou vriende en sê ek verstaan nie hierdie nie, of, jy weet, so aan. En dan berei jy voor, sodat as jy in die klas kom, dan sê jy soos juffrou, okay, ek haak hier vas, die werk verstaan ek nie, hierdie werk verstaan ek. Hmmm… ons kan… dan kan jy half begin by half

‘n gemeenskaplike… dit hoef nie noodwendig ‘n gemeenskaplike punt te wees nie, maar dat jy weet op watter vlak van denke die kinders is… dat jy nie onnodig tyd spandeer aan werk wat hulle alreeds verstaan nie. So, ja…

Interviewer: En ek dink in daai video was ook die hierargie van die vlakke… kognitiewe vlakke… dink ek.

Michelle: Ek het die kognitiewe vlak-video het ek net aan die begin gekyk, toe … het ek nooit gaan klaar kyk nie.

Interviewer: So dit was nie in die Flipped Classroom se ene nie, né? (Nee) O, okay, askies, dan is dit in die ander een, okay. Rachelle, het jy een van die videos gekyk?

Rachelle: Ja.

Interviewer: Watse een?

Rachelle: Altwee (lag verleë).

Interviewer: En…?

Rachelle: Die tweede een was vir my bietjie soos…

Interviewer: Die metakognisie?

Rachelle: Ja… hy was vir my moeilik gewees, omdat soos Engels… ek’s nie goed met Engels nie, maar van die woorde was vir my ‘n bietjie te hoog. En omdat die video ook lank was, het dit my verveel. Maar die eerste een was ‘n goeie video, want ek het half beter ‘n idee gekry van die Flipped Classroom, en dat leerders ook… okay, dit het ek geweet, dat leerders ook op verskillende vlakke is. Maar daar’t ek nou net gesien dat … soos ‘n leerder is wat hmmm… goed is, en sy, sê nou maar sy weet al wat aangaan, so dit verveel haar, en dan’s daar weer leerder wat glad nie weet wat aangaan nie. En dan… met die Flipped Classroom, soos wat hulle dan gaan voorberei, is daar ook tegnologie wat hulle kan gebruik om mekaar te help, en dan so kan jy ook leer. So daar is vir my interessant, daar…

Interviewer: En daai kind wat verveeld is, kan nou ‘n uitdaging gebied word om jou te extend, né, of te verryk soos ons sê. Dat jy nie heel tyd sit en verveeld is in die klas, en vir die juffrou moet luister nie. Maar dat jy kan uitgedaag word, en dat die ander kan ondersteun word.

Michelle: Ja, ek dink dit het gehelp om dit actually fisies te sien, soos wat dit nou geteken het. Dit was interessant om te sien hoe hulle die, die, soos sê nou maar, die banke omgedraai het.

Em toe was dit nou die rekenaars en so aan. Dit was lekker om … dit nou lekker gemaak om…jy wil aanhou kyk, want jy wil nou half… wat gebeur nou volgende. Waar die kognisie ene… het ek nie klaar gekyk nie, want hy sit daar met die artikel, en dan haal hy …. Dan's ek soos…

Interviewer: Dis meer akademies.

Michelle: Ek kon dit ook gaan Google en lees. So…

Interviewer: Hmmm… hoekom lag jy, Rachelle? Is dit omdat jy vir Vera gesê het dit is vervelig, of wat is die storie? (Gelag)

Vera: Laat ek vertel wat het gebeur. Ons het mos netnou ietsie gaan drink. Toe vra sy vir my het ek al die videos gekyk… toe sê ek vir haar nee. Toe sê ek vir haar: okay, ons het hierdie… ek gaan haar nou presies sê hoekom het ek nie die videos gekyk nie. Toe sê ek sy moet ons vertel waaroor die videos gaan. So, dis eintlik hoekom sy lag… sy gee ons so 'n bietjie weg.

Interviewer: Okay. Nou maar Vera, so, jy het nie gaan kyk nie. Kan ek vir julle vra die rede dat julle nie iets ekstra gaan kyk nie. Is dit omdat julle voel: ek hou nie daarvan nie, ek gaan eerder op Youtube dan iets gaan kyk wat my interesseer, soos wat daar dan ook al is, of dit 'n movie is, en of is dit 'n topic oor Global Warming, of wat ook al. Iets wat jou interesseer? Is dit net… was dit net soos: aag ek het nie gedink dis nodig nie, of wat?

Vera: Ek het 'n baie slegte maand gehad. Soos letterlik alles het half skeef geloop. So, ek het net nie daarby uitgekom nie. Maar ek wou rêrig, soos ek wou rêrig ook dit gekyk het …

Interviewer: Okay. So dit is nie 'n data issue…? of so iets nie?

Vera: Nee, glad nie. Eintlik … ja. (groep lag)

Rachelle: Ek is weer soos vas met tyd gewees. Ek het soos… ek het letterlik gesit. Die videos was besig om te upload, en alles. En toe, ja, raak ek distracted, so…toe begin die vaak. Toe doen myne, sommer my nuwe een sommer updates, toe's my data… sal 'n ander dag, ek belowe. So dis rêrig net half als… maar ek belowe. (lag verleë)

Interviewer: Nee, nee, ek vra, want ek wil weet. Ek wil weet, want onthou die hele studie gaan ook oor die gebruik van videos, en hoe om mense te kry om dit te kyk. So, dis net vir my interessant om te hoor wat julle sê. Hmmm… klastyd se gedagteproses…klastyd se gedagteproses. Wat gaan in jou kop aan vandat jy in die klas instap totdat jy min of meer daar uitgaan. *Highlite* asseblief. Moet nou nie vir my elke gedagte sê nie. Dit gaan 'n… (groep lag

effens) Ja, enige iemand wat dit wil ‘n probeer gee? Of jy uitgedaag voel, of jy voel jy leer, of het jy al ooit gedink: jis, dis hoe hierdie klas dalk beter kan wees, of jis, ek hou nie hiervan nie, of jis, ek hou baie hiervan in die klas, of hmmm… net daai… wat dan nou daai metakognisie-deel van my…

Michelle: Hmmm… as ek in die klas inkom, dan is dit soos half die eerste ding dan probeer ek onthou van dit wat ek voorberei het. Hmmm… soos waarmee het ek gesukkel, jy weet. Hmmm… om half dan nou vrae te rig, of, of beter die werk te verstaan, of dalk om…ja…so… en dan as ek nie vrae het nie, dan sit jy maar eintlik en wag dat iemand anders ‘n vraag vra. En as dit nie gebeur nie, hmmm… dan is dit ‘n bietjie awkward. Maar (verleë lag) ja, soos eerstens dink ek waarmee het ek gesukkel, of waarmee… oor twyfel ek. Wat ek dan nou weer wil vra, en dan as dit nie gebeur nie, dan luister ek maar wat ander mense vra wat ek nie aan gedink het nie, of hulle verder gedink het, en dan… daarna sit ek net en knik…

Interviewer: Voel jy, jis, ek sien uit om te hoor wat gaan ons vandag doen?

Michelle: Nee.

Interviewer: Nie?

Michelle: Om eerlik te wees, nee. Ja, dit voel asof jy… jy weet klaar wat in die klas gaan gebeur. So dis nie half van … wat gaan ons vandag doen nie. Dis so half van… okay, ons doen dit vandag.

Interviewer: Okay, en julle gaan maar vir die deelname deels ook. (groep beaam) Okay, nog iemand wat hulle gedagteproses…

Vera: Ek gaan rêrig eerlik wees. Soos, my groepie hou van chat.

Interviewer: Okay, sit julle daar voor.

Vera: Ja (groep lag lekker) daai ene. Ek sou nie sê ek’s die hoof een daarvan nie, maar blykbaar is ek. Elk geval… hmmm… soos ek dink omdat die klas partykeer… soos as sy, sê nou maar, die werkskaart weer gaan verduidelik of ietsie of sy soos vra… dan raak ons verveeld. En dan begin ons, sê nou maar, oor ander goed praat. En dan is dit maat heeltyd wat gebeur.

Rachelle: Ja, ‘n mens raak eintlik net opgewonde om te sien watse moeilike vrae gaan sy vra. (Groep praat gelyk) Sy vrae die ander vrae. Verder is dit net herhaling.

Vera: Soos ek wil antwoorde hê van dit. Ek wil hê, soos in Mr X se klas, ons behandel dit. Soos jy gee jou opinie, en ek sou kon sê ek stem nie saam nie. Hoekom doen jy dit.

Interviewer: ‘n Mens wil voel ‘n mens leer iets nuuts, né?

Michelle: Soos, soos as jy in die klas kom … ek like dit om voor te berei, want dan weet jy half, jy weet, waarnatoe dit gaan, en als, maar soos as ek in die klas kom, wil ek ‘n challenge hê. Soos, okay, ons het nou die vrae beantwoord het van dit waarmee die mense gesukkel het, wat hulle nie verstaan nie – wat ook al. Kom ons pak nou ‘n challenge aan. Almal sit lekker klaar in groepe. Almal kry dieselfde som. Of jy werk individueel of in groep... almal verskil seker maar. Maar dan kan jy sê, o okay, hene julle ek haak vas. Ek het tot hier gekom. Ek het nie eens daaraan gedink nie. En dan van daar af kan ons verder gaan, en half so leer. Want as jy by die huis sit, dan kan ek ook die somme doen, maar ek gaan ook maar net so ver kom. So dis wat jy vir my in die klas kan wees… dat jy van mekaar kan leer. As jy vashaak, dan kan jy sê: juffrou, wat nou? Dan gee sy vir jou half ‘n leidraad en sê: onthou, die radius is die helfte van die sirkel (Groep lag) byvoorbeeld. Dis nou simpel, maar sy gee nie die antwoord weg nie, maar sy gee vir jou genoeg inligting dat jy… o ja!... jy weet… jaa.

Interviewer: So, dit sluit aan by wat ons by gaan kom van die rol van die dosent. So dit klink vir my die dosent is bietjie… daai rol van fasiliteerder en so. Maar wat julle ook netnou gesê het van daai som wat julle na gekyk het, daai een met die blokkie en die sirkel. So, het julle besef, sjoe, mens kan in hierdie area rêrig nogal lekker uitdagings kry. Al hierdie goed is nie eenvoudig nie. Dit kan regtig jou nogal stretch.

Rachelle: Maar soos dit byvoorbeeld soos met Mr X byvoorbeeld. As ons nou sit en ons sukkel met ‘n som en Vera sê okay, sy sukkel, sy kom tot daarsô toe, dan sê ek, okay, wat jy van daaraf doen, doen jy so. Dan nooi hy ons na die bord toe. Dan skryf ons almal verder tot waar ons gekom het, en dan as ‘n klas saam, bespreek ons, okay, hoe gaan ons verder ... Dis wat ek *like*…

Interviewer: Okay. Rachelle, wil jy nog iets bylas by jou gedagteprosesse in die klas? (Nee). Reg. Okay.

Vera: Kan ek nog iets vra? Sorry. Dis nou soos een van my vriendinne… sy het laas semester, ek dink sy was soos maar soos by een klas. Soos, dis vir haar, sy verstaan die werk, en sy het deurgekom. Sy het goeie punte. Ek dink sy het omtrent ‘n onderskeiding gekry. So dit sê wat die level van die klas is.

Interviewer: Ja, ek hoor wat jy sê. Hmmm… en ek wou hier vir julle gevra het of julle hierdie week die prep-werkkaart gekry het. Want ek wou vir julle gevra het, want ek het nie ‘n notification gekry wat gekom het nie. So, julle het dit ook nie gekry nie. Dit was nie daar nie. Maar julle sê julle het dit eintlik maar gou behandel voordat julle die toets geskryf het. (groep beaam) Okay, hmmm…hoe was die toets? Anet, kom ons begin sommer hier by jou.

Anet: Daar was eintlik… as jy in die klas redelik opgelet het, en jy weet min of meer waaroor die werk gaan, was dit actually nie moeilik nie. Wat wel baie mense verwar het, is hmmm… Ons het … sy het vir ons gesê ons het ‘n piramide, en een is ‘n prisma. Teken die een bo-op die ander waar hulle een vlak deel…die basisvlak deel. So dan het daai bewoording nie lekker deurgekom nie… moet jy hulle inmekaar teken nie, moet jy A teken en B teken… en so mors jy tyd. (Groep gee kommentaar) Maar daar is eers later, sy het die A en B omgeruil. Want ek het vir haar ‘n prentjie geteken… toe vra ek is dit so…toe sê sy ja. So jy moes basies soos ‘n huisie… (Groep praat deurmekaar) en toe later toe sê sy vir ons die een vlak was tien sentimeter en die ander vlak was vyf sentimeter en die loodregte hoogte was sewe sentimeter. So, nou met die prisma het dit mooi uitgewerk, maar met die piramide… is dit nou die middelste lengte of is dit nou die skuinslyn? So, eers toe baie mense kla… ek was al klaar met daai vraag, maar ek het dit net so aangeneem… so, toe sê sy vir ons, okay, nee die skuinsvlak is nou die sewe. Om dan by die volgende vraag, wat 2.2.2 is, sê sy vir ons, okay, nou vat dit asof daai middelpunt sewe was. So, dit het baie mense verwar.

Michelle: Dit was vir my maklik… ek het… nou nie maklik nie, maar ek het rêrig gevoel ek het goed gedoen, geweet wat ek moet doen en als. Tot daai vraag… ek het hom beantwoord soos ek moet, en toe kom sy met daai inligting, toe’s ek soos…

Interviewer: Stop gou. Was daar toe tyd om terug te gaan toe julle daai regstelling gemaak het? (Groep bevestig)

Interviewer: Okay…okay…

Anet: Dit was so in die middel van… helfte van die tyd.

Michelle: Ja, so in die helfte van die tyd. So, jy het nog genoeg tyd gehad. Soos ek het omtrent net begin met die som, maar toe’t ek nie rêrig meer spasie nie. So, maar toe… toe sy daai inligting gee, toe’s ek so half van wat gaan nou aan. Toe’t ek vir ‘n… soos vyf minute daar gesit net om te besef wat ek eintlik nou moet doen, want toe’s ek verlore, want… want sy sê iets, en dan probeer jy nog uitfigure wat sy nou net gesê het… en dan verduidelik sy half vir die kinders wat nie verstaan nie, en dan’s ek soos… wag net gou…(Michelle lag verleë).

Interviewer: En toe kon jy dit uitfigure?

Michelle: Ek het gedoen wat ek gedink het ek moet… (Michelle lag verleë). Ek weet nie, ek … ek weet nie want…

Rachelle: Ek het die formules ingeskryf… die hoogtes… dit het vir my sin gemaak, maar ek kon sien die ander was totaal en al verward, want… as ek na haar geluister het… hoe sy dit verduidelik het, (Iemand: dit was nie reg nie) dan sou ek ook baie verdwaald gewees het.

Interviewer: Hmmm… nog iets oor hoe was die toets? Nog iets wat iemand dalk…

Rachelle: Verder was daar ‘n tabel wat ons in die klas gedoen het ‘n paar weke terug… (Groep beaam) en presies dieselfde… en toe vandag se werk, en dis dit.

Michelle: Sy het die kolomme verander en net ander bygesit.

Interviewer: As julle ‘n vraag in die toets verwag het soos daai een met die vierkant en die sirkel, dink julle julle sou ‘n bietjie meer effort ingesit het, en dalk na julle dosent toe gegaan het.… hey, hoe doen mens dit nou? As julle so ‘n tipe vraag… dalk een so tipe vraag in julle toets verwag het? (groep beaam)

Vera: So word ons ander Wiskunde… daar’s altyd een moeilike vraag. Groep beaam) Hy sê vir ons… daar’s een wat jy nie gaan kan… miskien nie kan doen nie. Kinders wat werk rêrig goed verstaan, gaan dit kan doen.

Interviewer: Okay.

Anet: Ja, soos byvoorbeeld nou met hierdie eksamen wat nou kom, het hy gesê hy gee nie vir ons ‘n diagram nie. Hy gee vir ons ‘n statement… ‘n sin. Dan moet ons die diagram gaan teken, en dan van daar af moet ons die bewyse doen. So hy gee… hy sê vir jou jy gaan ‘n moeilike vraag kry. Soos dan byvoorbeeld met ‘module Y’ voel ek… aag ‘mathematics module’ is… dis maklike werk, so… soos byvoorbeeld ek het glad nie geleer vir ‘mathematics module’ vandag soos wat ek vir Wiskunde sou nie… glad nie. (groep lag) Ek… ek het glad nie geleer om eerlik te wees vir vandag se toets …

Vera: Wat van vrae soos formules…. ek het haar gevra… sy het gesê ons moet formules leer, en toe moes ons nie eens die simpel goed leer nie. Sy het glad nie dit eers vir ons gesê nie… so frustrerend…

Anet: So, dit kom basies voor dat ‘mathematics module’ vir my baie makliker is as ‘module Y’. So, ek sit nie so baie moeite in ‘mathematics module’ in soos wat ek gewoonlik sou nie, omdat dit op ‘n laer vlak is.

Michelle: Ek voel nou weer soos ‘mathematics module’ kan eintlik so lekker wees soos… die goed wat ons doen, is eenvoudig en is die basiese goed van Wiskunde, maar kan eintlik so challenging gevra word, (groep beaam) en ek dink ons moet net soos… ons moet net actually daai challenge kry. Soos, ja, doen die basiese met ons deeglik, sodat ons dit verstaan en als, en dis half wat jy self by die huis kan voorberei. So, as jy klaar weet wat gaan aan, dan hoef jy dalk nie so erg voor te berei soos iemand anders nie, want iets wat jy nou weer voel, is moeilik, is dalk vir iemand anders maklik. Maar dan… as jy in die klas kom, om daai challenge te kry om te weet… okay… hoor hier, ons moet rêrig dink, en dan as jy nog steeds nie verstaan… as jy sien… hoor hier, ek ken eintlik nie die goed so goed soos wat ek gedink het ek doen nie. Dan kan jy weer gaan voorberei of teruggaan na die videos toe of ander videos gaan soek. So, ek dink dit gaan baie meer help as wat jy half net… want vir my voel dit op die oomblik ons doen net die minimum.

Anet: Dit pla jou meer as wat dit jou challenge.

Michelle: Ja, so dit kan eintlik so challenging gevra word, en lekker wees, maar ons doen net die minimum.

Interviewer: En het hierdie vak julle enigsins gehelp hoe julle dalk eendag hierdie gaan aanbied as julle gaan Wiskunde gee?

Vera: Soos ek dink sy moet dit doen. Sy moet vir ons tips gee oor daai herleiding. Dit pla my nog steeds. Soos, moenie dit net vir my sê nie (lag met ongeduld). Dis waarvoor die videos is. Gee vir my ‘n oulike manier om vir ‘n kind te kan verduidelik, want ek sukkel even daarmee… so hoe moet ek ‘n kind help as ek self daarmee sukkel.

Michelle: Soos byvoorbeeld om dit huiswerk half te maak wat dan as deelname kan tel of wat ook al. Soos gaan dink in ‘n kreatiewe manier in twee minute hoe jy dit kan hoe jy dit kan voorberei of aanbied vir ‘n klas. Hoe hulle dit gaan onthou. En dan kom jy nou in die klas die volgende dag, en dan in julle groep besluit julle wie se idee is die beste ene, en dan elke groep se een in die klas sê dan net gou vinnig wat’s hulle idee. En dan leer jy so.

Paticipant 2: Ons kry nie regtig sulke goed nie. Dis minimaal.

Interviewer: Met ander woorde om meer didaktiek in te bring. (groep beaam) Hoe jy dit aanbied eendag.

Michelle: Dit sal lekker wees

Rachelle: Soos byvoorbeeld as dit jou klas was wat voor jou was, wat se leidrade of konneksies sal jy vir hulle gee…

Vera: Omdat dit basies goed is… om daai basis reg te kry. Want dit is alles waarmee kinders sukkel.

Anet: As jy dit ontleed, dan is dit eenvoudig, maar om tot by daai punt te kom waar jy dit so kan ontleed dat dit eenvoudig voorkom, is ook ‘n ander uitdaging.

Michelle: Of dis half om te sê, soos byvoorbeeld hmmm… ons doen nou volumes en oppervlakte en wat als. En dit gaan… op die ou einde… kan jy dit deurtrek na hierdie area toe ook in Wiskunde… sien jy hoe dit bymeaar uitkom… jy weet half daai konneksie te maak, om dit soos fisies vir jou te sê. Want baie keer dan dink jy, o okay, ek is eintlik nou besig met Algebra, om hierdie volume uit te figure… maar jy besef dit nie eintlik eers nie, of, of sodat jy daai konneksie vir jou kan gee… en dan raak Wiskunde se prentjie dan half ‘n geheel …eintlik ‘n prentjie hê, en nie soos boksies met …

Vera: Waar jy dit dan in die regte lewe kan gebruik. Ek dink kinders sukkel ook met dit. Hulle dink net Wiskunde is Wiskunde, maar waar kom dit in die lewe…

Michelle: En dit gaan kinders ook soos motiveer soos: ek moet eintlik hierdie goed leer, want ek gaan dit gebruik… dis eintlik nie net Wiskunde nie. Dis eintlik, dis eintlik in die lewe…

Interviewer: Ja, want dis eintlik wat Wiskunde doen. Dit ontwikkel jou brein. Gaan jy dalk ooit daai direk in jou lewe gebruik? Ons weet nie… dalk…dalk nie, maar dit leer jou dink op ‘n sekere manier wat jy op plekke toepas wat jy dalk nie eens nou weet: hey, dis Wiskunde wat my brein so ontwikkel het nie. Maar in elk geval. Wat sien jy jou rol, as jou verantwoordelikheid in die Flipped Classroom? As ons bietjie meer kyk na die einde van die semester. Hoe sal jy sê wat moes jy doen, wat het… wat was jou rol in die Flipped Classroom? As jy nou dink aan ‘mathematics module’ ook net oor die Flipped Classroom in die algemeen? Wat dink jy is jou verantwoordelikheid?

Michelle: Jou verantwoordelikheid is om voor te berei vir klas… om seker te maak jy weet wat jy verstaan en wat jy nie verstaan nie, want as jy dit nie doen nie, dan kan jou dosent jou ook nie help nie, want dan… as jy dit nie doen nie, moet sy eintlik vir jou hele klas aanbied, en daar is nie tyd vir dit nie.

Interviewer: En as jy nou by die huis voorberei het, en jy kom agter vet, ek het nie ‘n clue wat hier aangaan nie, wat sou jy dan gedoen het?

Michelle: Ek sou vir haar gesê het ek het nie ‘n clue wat daar aangaan nie.

Interviewer: Sou jy haar ge-e-pos het?

Michelle: Nee, ek sou gewag het tot in klas.

Rachelle: Ja, want daar’s mos’n tyd wat sy vrae vra. As niemand iets vra nie, dan gaan sy net aan.

Michelle: Dan sou ek soos gesê het: hoor hier, ek verstaan glad nie die videos wat ons moes kyk nie. Hmmm… ek het net verstaan dat hulle dit in vervang, maar dis dit. (Michelle lag verleë)

Interviewer: So, jy sou nie voor klas dit met haar opgeneem het... noodwendig nie.

Michelle: Nee…

Rachelle: Tensy dit rêrig soos nou was.

Michelle: Tensy dit, tensy dit… sê nou maar…jy skryf… jy skryf nou in die volgende klas skryf jy toets oor hierdie werk, en… hmmm…soos nou het ons klas gehad, en dan toets geskryf. Sê nou maar dit sou nie gebeur het, waar jy net soos vinnig, okay, een of twee goedjies wat jy net oor wil seker maak… dan is dit okay. Dan sal ek wag tot in klas. Maar as dit soos als is wat ek nie verstaan nie, dan sal ek voor die tyd na haar toe gegaan het en sê: hoor hier mevrou, dis… dis nou panic times.

Vera: Dan moet jy kan sê: hoor hier, ek het my deel gedoen. Ja… my navorsing… dit en dit, maar ek verstaan nog steeds nie dit nie.

Michelle: Maar ek dink ook om eerlik te wees sou ek eers na ‘n vriend toe gegaan het.

Interviewer: Hmmm… wat heeltemal reg is. Maak nie saak wat jou bron van kennis is nie. Solank jy net seker maak jy kry dit. Want op die ou ent… jy moet verantwoordelikheid neem van wat jy weet, né? Rachelle, wat dink jy?

Rachelle: (Verleë lag) Sorry, wat is die vraag? (Almal lag)

Interviewer: Jou verantwoordelikheid? Wat dink jy gaan ‘n Flipped Classroom laat werk of watter modules werk nie van die studente se kant af nie. Jou verantwoordelikheid?

Rachelle: Ek stem saam met haar dat jy die verantwoordeliheid het om self voor die tyd te gaan, en voor te berei en seker te maak dat jy verstaan wat die onderwerp als behels, en dat jy die basiese kennis kan kry, en ook dalk dieper ingaan om seker te maak dat jy wel verstaan as jy in ‘n situasie kom wat jy nou ‘n moeiliker som moet doen, en dalk iemand moet help daarmee. Maar verder stem ek saam met haar.

Interviewer: Okay. En dan, hmmm… jy het bietjie… ons het netnou al gepraat oor die rol van die dosent, soos, hmmm… om vir julle uitdagings te gee, en hmmm… jy het gepraat van dan in die klas… fasilitering. Kan julle dink aan nog iets wat julle dink ‘n belangrike rol is van die dosent om hierdie Flipped Classroom baie suksesvol te kan laat uitrol?

Anet: Beskikbaarheid van bronne. Addisionele bronne.

Interviewer: Okay.

Michelle: Ek dink nou weer soos die dosent moet ook voorberei van sy of haar kant af. Byvoorbeeld, ook die videos kyk wat ons moet kyk, en soos ook dieselfde werk voorberei wat ons moet voorberei, dan sal…

Interviewer: Askies tog dat ek vra. Met ander woorde een video sal dalk beter wees wat jy weet almal het dit gekyk. Die dosent het dit gekyk…julle het dit gekyk. Okay, julle almal stem saam. Okay.

Michelle: Ja, want soos dan as ek sê: okay mevrou… die som oor die koppie wat op sy bal staan… die volume, en dan die deursnee (iemand lag saggies) en wat ook al gevra word… ek het nie ‘n idee hoe om te begin nie. Ek het, soos, hulle het my nou vir my gewys hoe om daar te begin, maar hoe gaan ek moet dink om dit te kon aflei of wat ook al.

Anet: En dan dink ek ook om al jou kinders uit te daag, soos daai wat op ‘n laer vlak is, daai wat op ‘n medium vlak is, en daai wat op ‘n hoër vlak is. Dat almal op die ou einde van die dag nie daar sit soos kiepie en verveeld is die hele dag nie. So, jy gaan natuurlik die eerste paar somme gaan jy vining dit doen as die res as jy op hoër vlak is. Maar dan ook gaan jy uitgedaag wees, en jy sal bereid wees om daai ekstra bietjie te doen teen die einde van die dag.

Michelle: Ek sou sê wat sal help dink ek daar is… in plaas van om soos twee of drie somme op die bord te skryf, en dit dan nou te doen… soos gee vir elkeen sy eie blaai. So, sê nou maar tien somme wat jy voorberei het. So, as jy in die klas deur al die tien somme kom, is dit fantasties. Dan’s jou werk klaar vir volgende week of wat ook al die beplanning is. Maar as jy nie, dan kan jy half op jou eie gaan en sê okay, maar kom ek gaan kyk daarna of gaan kyk waarmee jy gesukkel het of waar jy vasgehaak het waar iemand anders jou gehelp het. Dan

kan jy beter onthou as wat jy… die som staan op die bord en jy skryf dit op ‘n blaai. So, dan kan jy nie altyd onthou wat die inligting was wat vir jou gegee was en so nie. En dan ook die kinders wat vinniger werk, kan soos aangaan. Waar die kinders wat stadiger werk nog steeds teen hul eie pas kan werk en nie gedruk voel nie.

Vera: En soos ek dink sy moet verskillende vlakke van vrae op die werkskaart sit… dat ons dit merk in die klas, en soos letterlik fisies die antwoorde gee… hoe sal mens dit doen, en dan dalk nog ekstra moeiliker somme en maklike somme doen. Soos vir hom gee, okay, doen hom gou… dan merk ons hom. Dat ons so ook kan oefen. Soos sy gee nou net maklike goed. En dan is ons soos… maar dis vervelig. Soos actually challenging goed gee, maar ook dan te sê: kom ons merk dit, en kom ons… dat ek dit saam met julle doen.

Interviewer: Okay, so dit op te volg as daar dan ‘n challenge is.

Michelle: Ja, want ek dink om op te volg, gaan nogals baie help, want op die oomblik voel dit net half vir my as jy nie self die antwoord uitgefigure het nie, dan…

Interviewer: En hoop dis reg.

Michelle: Ja, dan hoop jy nou maar net dis reg, en kom nie in die eksamen nie.

Interviewer: Kan julle dink aan nog iets. Die rol van die dosent… julle kan ‘n oomblik vat, bietjie dink as daar nog iets is. Wat kon ek beter gemaak het van die dosent se kant af.

Michelle: Kommunikasie…

Interviewer: Kommunikasie?

Michelle: Ja.

Interviewer: Brei uit.

Michelle: Soos in hmmm… om… hoe wil ek sê, soos byvoorbeeld om te sê: okay, die toets waaroor gaan is volumes, en dit en dit en dit gaan, maar die werk is beperk… sê nou maar in sirkels of in prismas, want om net te sê volumes, en jy gaan kyk enige video op Youtube, dan kan jy…

Interviewer: Stop gou daar. So dit kom terug na dalk moet daar spesifieke videos wees wat ons weet almal gekyk het.

Michelle: Ja, want, byvoorbeeld as ek net gaan Youtube “volumes”, dan gaan ek op baie verskillende goeters uitkom as iemand anders. So, ja…

M: En dalk soos goed op eFundi te sit soos ‘n group create en sê hier’s feedback van daai moeilike som. Ja, as sy dit kan doen…. As daar dan nie tyd is in die klas om dit te kan doen nie, darem net terugkom om te sê: hoor hier, het julle die moeilike som se terugvoer gesien, verstaan julle dit, is daar iets waarmee julle sukkel?

Michelle: Of, soos ek het die memorandum op eFundi nou gesit. As jy nog steeds nie verstaan nie, kom sien my dan in ekstra ure as, as daar dan nou nie tyd in die klas is of so nie, maar om dit net te los…

Interviewer: Sou julle dit gedoen het? (Stemme beaam)

Michelle: Ja, as ek geweet het ek gaan terugvoer kry, (stemme beaam) dan sou ek meer moeite in die ekstra somme ingesit het.

Interviewer: Okay.

Vera: Maar ons moet die vak meer interessant maak, en moeiliker… dat jy dit wil bywoon, en wil ekstra vrae vra. Soos nou wil ons nie…

Interviewer: Dat jy voel jy leer iets nuuts (Stemme beaam). Julle het gepraat van ‘n avo-som netnou (Lekker lag). So… (Lekker lag) hoekom lag julle?

Michelle: Want dit… dis snaaks.

Interviewer: Okay, het julle hom probeer? Het julle hom reggekry?

(Almal praat gelyk)

Vera: Ons het niks van daai som gedoen nie. Sy’t gesê daai meisie doen dit. Toe praat die meisie. Niemand kon haar hoor nie, soos ek kon haar nie hoor nie, en toe begin hulle twee so ‘n bietjie stry, en toe sê ek net soos okay…

Michelle: O, wat ek ook nog wou gesê het met die kommunikasie is, sê nou maar, as sy ‘n som verduidelik aan een leerder, en sy kom agter, hmmm… maar hoor hier, iemand anders het nou net ook vir my gevra of so iets, verduidelik dit dan aan die hele klas in plaas van om net te sê: o julle, onthou nou net so en so en so. Verduidelik dit dan aan die hele klas. Laat almal dan daardie twee minute luister… al is daar kinders wat dit reeds verstaan… hmmm…

want nou vra sy iets, maar ek het dit ook gedink, maar het dit nie eintlik gevra nie… tipe van ding. So…of nou vra vyf mense dieselfde vrae, en…

Vera: Ja, soos daai som… sy soos: ek kon dit nie regkry nie. So, hoekom kon jy eerstens ‘n som vir ons gee as jy hom nie eers self kon regkry nie. Dis net vir my… sy moes hom self gedoen het om te sien okay, hier is ‘n goeie vraag, ek weet darem al wat die antwoord is. So as die kind hom doen, dat ek kan weet, okay, dis reg.

Anet: Ek dink die miskonmmunikasie was van die prentjie en die woorde het nie oreengestem nie.

Vera: So, dan moes sy die woorde gaan verander het, laat dit wel sin maak.

Michelle: Soos byvoorbeeld, hulle het gesê jy sit die pit van die avokado in die water. En dan suig die water, dan moet jy die volume van die pit uitwerk. Hmmm… maar dit was eintlik die hele avokado, want hulle gee nie vir jou genoeg inligting net om die pit se berekeninge te kan doen nie.

Vera: Ja, hulle gee die advokado se afmeting.

Rachelle: Hulle gee die avokado se afmeting, maar hulle sê ook nie soos die pit is ‘n derde van die lengte of so iets nie. Hulle gee net …

Vera: Soos ek dink net sy moes voor sy die ding vir ons geprint het, self die bewoording dan verander het, laat dit was…of sy het dan die somme gedoen… sy dan gesê sy kon dit nie regkry nie.

Michelle: Of dan nou net uitgeprint en gesê het die pit moet eintlik avokado wees, en dan sou jy dit kan regkry, of so iets.

Interviewer: Ja, die regstelling maak.

Vera: Sy moes die call gemaak het.

Interviewer: Ja, en dan miskien sê wanneer dit moet klaar wees, want sê nou maar net julle het nog volgende week klas gehad, sou julle dit gaan… doen het?

Michelle: Ja, ek sou dit gaan doen het. (Ander beaam ook)

Interviewer: Is dit nog steeds… is dit ‘n maklike vraag?

Vera: Daai goed lyk vir my nogal ingewikkeld. Soos ek het net so vinnig, so nie presies gelees nie… want die prentjies lyk nogal ingewikkeld, en ek doen nie baie goed met soos…

Interviewer: Maar as julle no nie rêrig gesit het nie, hoe weet jy dat al die inligting wat jy nodig het, is nie dalk daar nie? As jy nog nie rêrig….

(Stemme gelyk)

Michelle: Ek het dit actually… ek het dit actually deurgelees. Ek het dit nog nie gaan self doen nie, want ek het nog klas gehad tot nou toe. So, hmmm… ek het dit deurgelees en toe, ek het gedink soos, okay, ek dink ek weet min of meer wat om te doen, maar ek weet nie lekker wat is die formules en so aan nie. So, ek dink dis hoekom ek ook in die toets gesukkel het, want ek het half… ek verstaan wat in die werk aangaan, maar ek het nog nie al die inligting om … soos inligting, bedoelende formules of hoe om dit stap vir stap te doen… of so nie. So ek dink dis… raak nogal uitdagend.

Anet: Ja, want ons het ook al gevra vir ‘n formuleblad, of so, of ons in die eksamen gaan kry. En toe ons nou die toets en goed kry, was daar die formule van die piramides wat ek weet ek nie byvoorbeeld geleer het nie. So, toe vra ons vir haar gaan sy vir ons moeiliker formules gee op ‘n formuleblad, toe sê sy ja. So as dit op eksamen van toepassing is, hoekom is dit nie op toetse en goed nie.

Interviewer: Okay. Het julle vir haar gevra?

Vera: Nee, want toe’t sygesê sy sal dit gee, maar toe vra ‘n kind haar… ek’s nie seker wie dit was nie, toe sê hy net dan moet sy dit vir ons email… dat ons die ander kan weet.

Interviewer: Weet watse formules, want dalk verwag jy jy kry almal, en dan kry jy niks nie. Hmmm… okay, nog iets by die dosent se rol? Is julle redelik gelukkig nou tot… enige laaste aanmerkings. Enige iets wat julle nou aan kan dink? Vat gou ‘n oomblik.

Anet: Ek onthou ons het in die begin voorstelle vir haar gegee, soos waar sy kan verbeter en so. En dit was ook net dit… sy het die vir twee of drie weke gevolg, en toe daarna, toe gaan dit… toe begin dit weer teruggaan.

Michelle: Sodra sy besig geraak het, dan het sy teruggeval, en …

Interviewer: Okay. So julle voel… terug na die vraag toe wat julle netnou gesê het van verandering… julle voel aan die begin was daar ‘n bietjie verandering, maar toe’t dit weer geval na wat dit was.

Michelle: Nie met alles nie, maar met hier en daar se goedjies, ja. Soos byvoorbeeld, hmmm… ons… sy het nie weer die klasse begin aanbied wat ons voorberei het nie. Sy het nou gewerk vanaf die vrae wat ons gestel het… van wat ons nie hmmm… geweet het nie. En dit het dit half vir my beter gemaak, want die klas het half gevoel, jy weet, okay, ons beweeg vinniger, ons kan aangaan na dit wat ons nie verstaan nie. Hmmm… so dit, dit het beter geraak, maar soos goed soos om die goed betyds op eFundi te sit, het slegter geraak.

Interviewer: Okay. Ek verstaan. En dan, as julle nou… julle praat met mense in die klas… obviouslys almal wat nou nie hier is nie. Is almal redelik op dieselfde bladsy as julle? Voel julle almal is by met die kursus? Daar is nou niemand in die klas wat gaan druip nie… wat julle van weet nie.

Michelle: Daar's nie mense wat ek van weet nie, nee. Daar's eintlik mense wat wegbly, want hulle voel… (Michelle lag verleë)

Interviewer: O, okay. Nog enige laaste gedagtes. Okay. Dankie julle.

Micro-cycle 6

Focus-group interview 4

Interviewer: Okay, dankie dat julle hier is Angela… Jade. Hmmm… eerstens kan julle vir my vertel… gister het julle toets geskryf. Hoe was die toets?

Jade: Dit was okay. Dit was weereens… dit was soos… ons het… die dosent het nooit gespesifiseer waaroor ons skryf …

Interviewer: Stop gou daar. Het jy haar toe gevra toe jy onseker was? Het jy dalk vir haar ‘n e-pos gestuur of iets?

Jade: Ek wou, en toe’t sy… toe het my vriendin my gevra wat ons oor skryf. Toe sê ek ek neem aan omtrent alles… van laas keer tot waar ons laas geskryf het… van daar af. Ek neem aan ons moet van daar af begin leer. En toe sê sy, okay, sy is nie seker nie, maar sy gaan die dosent sien… en dan… en toe besef die dosent, o julle… ‘n dag voor die toets… ek het vergeet om die vraestel op te laai… wat ons moet leer.

Interviewer: Het julle dalk iets gehad wat julle kon help voorberei?

Jade: Hmmm… ja, maar net die goed op eFundi. Sy gee maar net vir ons links van Maths is Fun, en sê watter paragrawe ons in die handboek moet bestudeer.

Angela: Wat vir my verwarrend in die toets was, was … sy het van die hmmm… op die sketse het sy… of die bewoording het sy op die sketse verander… op die prentjie wat… hoeveel eenhede was, of dit was loodregte lyne of dit was iets anders.

Jade: Ja, daar was ‘n fout op die vraestel. Dit was bietjie verwarrend gewees.

Interviewer: Okay.

Jade: Maar toe sê sy hmmm… jy weet mos om die wydte, om die buite-oppervlakte van ‘n piramide uit te werk, moet jy die skuinshoogte hê, en nie loodregte hoogte nie. En toe sê sy… toe’t sy vergeet om te bewoord dat… die … want jy het ‘n reghoekige prisma en ‘n reghoekige piramide bo-opmekaar gesit om ‘n huisie te maak. Toe sê… toe sê sy net die loodregte hoogte is sewe van altwee figure… toe sê sy, nee, die prisma se loodregte hoogte is sewe, maar die piramide se skuinshoogte is sewe, want ander sou ons …

Interviewer: O, okay. So julle het nie genoeg inligting gehad om dalk Pythagoras te gebruik nie.

Jade: Ja, ja, ons het, maar sy wou net nie hê ons moes nie. Ons het… frankly… het ons nie geweet ons moes nie. Ons het gedink ons moet die loodregte hoogte gebruik.

Interviewer: O, so dit was die bewoording, en nie… ek hoor jou.

Angela: Ja, dis die bewoording. Ons het eintlik geweet wat die vraag vra, maar die bewoording was nie reg nie. Toe is dit ‘n deurmekaarspul.

Interviewer: Okay. En hoor hier, Jade, was jy goed voorbereid vir die toets sal jy sê?

Jade: Ek was redelik voorberei. Ek was net onseker oor my hmmm… al my formules… my volume en buite-oppervlakte en dit het my so ‘n bietjie deurmekaar gemaak, maar verder was ek voorbereid vir die toets.

Interviewer: Okay. Hmmm… en in die vorige fokusgroep het dit uitgekom dat… van die mense gesê het hulle berei nie eintlik voor nie, want hulle gaan klas toe, en dit word anyway in die klas gedoen of wat ook al. En toe wil ek net by julle hmmm... gehoor het: Berei julle nog steeds voor? Hoekom berei jy nog steeds voor as as jy weet goed gaan eintlik in die klas weer vir jou geteach word?

Jade: Dis half makliker om dit self uit te pluis en te ontdek, want baie keer kan mense soos hmmm… dosente het dalk op ‘n ander manier van dit te verduidelik. So dis maar net makliker om dit vir jouself uit te figure as wat dit is nou ‘n nuwe persoon se verduideliking daarvan te probeer verstaan, en sin maak. Ja, verstaan, en baie keer voel ek sy gaan te in diepte, soos dan mense vra onnodige vrae wat basiese kennis is wat jy al in graad 9 moes weet het.

Interviewer: So, daai mense het nie gaan voorberei nie.

Jade: Nee… ja, dan’s dit bietjie irriterend as die mense wat nie voorberei het het… dan vra hulle nou ‘n stupid vraag in die klas, en dan weet… dan is die hele klas… uhhh… jy kan freaken hoor hoe sug almal, want hierdie… dit was letterlik… dit het net so op die web site gestaan.

Interviewer: Okay.

Angela: Maar selfvoorbereiding wat my baie help, is as sy daai… daai vooraf groepopdrag doen, want dan sien ek wat eintlik van my vereis word… en hmmm… dit is vir my asof ek in die handboek uit die hoofstuk uit gaan werk… Dis net vir my baie meer volledig, en ek hou

van bietjie meer orde, en dat ek sien wat daar aangaan. Want… klas as ons nie aan alles raak nie. Ons raak net aan party goed.

Jade: En spring rond.

Angela: Ja, en dan maak dit my deurmekaar. So vir my om voor te berei en eintlik te weet wat daar aangaan, maak vir my maar ‘n groot verskil.

Interviewer: So, jy sê as die werkkaarte kom, dan weet jy eintlik al wat word van jou verwag. So, voor die werkkaart was jy half onseker, okay.

Angela: Ja, nee, absoluut. En dan wat vir my baie lekker is, waarvan ek hou…dis net standaardvrae wat sy daar vra… maar dan doen ons klaswerk in die klas wat sy moeiliker vrae vra… wat die vir my … **baie** beter maak.

Interviewer: Okay, so julle sal sê daar is ‘n verskil in die standaard vir die vrae in die werkkaart en die vrae in die klas.

Angela: Ja, en ek hou baie daarvan, want ek haat dit as mense jou net werk vra, en dan is dit so maklik, en dan in die eksamen vra hulle jou vas. Ek hou nie daarvan nie. So, vra vir my moeilike vra dat ek dit voor die tyd probeer uitfigure en sien hoe jy dit kan doen … die standaard wat gestel is.

Jade: Dit… dit ook… dit was ook ‘n probleem… met verlede semester se module ook. Ek voel ons het die elementêr… die mees elementêre goed gedoen. En dan kom ons in die eksamen, en dan is sê jy net: wat gaan hier aan.

Angela: Ja, absoluut.

Jade: En dan pluk mense soos vlieë, en ja…

Interviewer: So julle voel nou dat die standard wat julle in die klas doen… die toets is baie dieselfde, (beide sê ja), maar is dit nog steeds vir julle uitdagend genoeg? Dink julle nie dit kan meer uitdagend wees nie? Voel jy jy het bietjie iets ekstra geleer as wat jy op skool geweet het, of is dit maar dieselfde?

Angela: Is maar dieselfde, rêrig… vir my. Daar’s vir my so hier en daar iets wat jy nie soos in detail sou ingegaan het nie… wat jy ook maar bietjie uitfigure, en so. Maar, omdat ons dit in groepe doen, is dit nie **so** uitdagend nie.

Jade: Ja, want daar ‘s baie opinies om jou te help, en soos hierdie persoon… jy verstaan dalk nie, maar iemand by jou tafel doen.

Angela: Ja, en iemand anders sien iets raak wat jy nie raaksien nie.

Interviewer: So, julle voel die groepwerk is definitief goed, (beide beaam) en dit help julle? (beaam).

Interviewer: Okay. Dan… Jade, hoe begin jou voorbereidingstyd? En wanneer begin jy voorberei?

Jade: Verleë lag.

Interviewer: Vat my deur dit.

Jade: Okay, afgesien net die aand voor die tyd, hmmm… dan sal ek gaan kyk wat sy op eFundi gesit het vir ons. Ek gaan kyk nie baie by die leer… ek self gaan kyk nie baie by die leereenhede wat daar aangaan nie. Ek vat daai toetsie wat sy vir ons vra, en dan sal ek net gaan kyk by watse hoofstuk in die boek is dit. En dan gaan ek na daai hoofstuk in die boek toe, en ek som die hoofstuk vir my op, en ek scan deur so paar somme, en kyk of kan ek dit handle by… in die handboek se werk. En ek kyk wat sy vir ons gevra het daarso, en dan gaaan doen ek dit net, en dis my voorbereiding.

Interviewer: As jy ‘n vak gedoen het. Okay ‘mathematics module’ is nou… jy het al hierdie kennis, né? So, as jy nou ‘n vak gedoen het wat heeltemal nuwe goed was, sou jy nog steeds die aand voor die tyd voorberei het?

Jade: Ja, ek is ‘n baie nippertjie-mens oor die algemeen oor als. So, Biologie wat ook vir my baie nuwe werk is en goed, doen ek ook die aand voor die tyd… meeste van die tyd… of ‘n dag voor die tyd. Ja, ek een week hierdie werk wat sy opgesit het, het ek daai week voor die tyd gedoen, maar teen die tyd wat ek dan klas het, het ek als vergeet. So… ja…

Interviewer: Okay, en kyk jy enige videos?

Jade: Vir Wiskunde, nee, nie rêrig nie. Ek sal by Biologie… maar by Wiskunde, veral ‘mathematics module’ is darem nog eenvoudig genoeg dat ek nie ‘n video hoef te kyk nie. Ja, en omdat die werk dalk verduidelik word nogal in die klas ook, waar by Biologie ons juffrou dit nie verduidelik nie. So jy moet dit self gaan uitfigure, en dan help ‘n video my, want ek kan nie net gaan lees nie.

Interviewer: Okay. Hmmm… ek wonder nou met die goed wat vir julle opgelaai word, want jy maak baie staat op daai werkkaart voor die tyd… om dit solank te gaan kyk. So… so julle dink dis nie eintlik nodig dat dit vroeër opgelaai hoef te gewees het nie, want julle berei anyway die aand voor die tyd, of dink julle dit moes vroeër vir die wat sou wou?

Angela: Nee, ek dink absoluut dit moet voor die tyd… lank voor die tyd opgelaai word, want daar is kinders wat hulle beplanning vooruit doen en goed…

Jade: En wat moeilker… wat ook ander challenges het

Angela: Ja, of soos ander mense het op ‘n Dinsdag baie werk, en Dinsdagaand het hy ‘n aksie by die koshuis byvoorbeeld. Waar ek op ‘n Dinsdagaand meeste van die tyd niks aan het nie, so ek kan Dinsdagaand my werk doen. So, ek dink dit moet absoluut voor die tyd opgelaai word.

Interviewer: Okay, ek hoor wat jy sê vir die beplanning, né?

Jade: Dit sal maklik wees, as sy soos voor die tyd by elke … hmmm… soos die begin van die jaar by elke afdeling al klaar die groepsopdrag daar in het, of die oefening daar in het. Dan’s dit minder moeite. Dan hoef jy nie elke week… oe hene, ek het vergeet om dit op te laai… ja…

Interviewer: Okay, ek wil jou vra oor dit. So, jy dink dis ‘n goeie idee as al die bronne vir die hele module reeds aan die begin op is?

Jade: Ja

Interviewer: Okay, so… maar dink jy dan vir elke week moet daar ‘n reminder wees, byvoorbeeld soos ‘n announcement op eFundi wat sê: Onthou, vir volgende week… ons trek nou hier…Dan doen ons dit…dis hierie en hierie. (Beide: Ja,ja, dit sal baie help…) So, die met ander woorde, wat wil vooruit werk, maar ook, dat jy spesifiek weet wat gaan aan, so vir volgende week… hierie. In plaas van ‘n lys met ‘n klomp goed wat jy moet gaan soek vir die goed wat op toepassing is van jou, né?

Angela: Ek dink, soos baie keer sal die juffrou sê: Ja, die kinders wat nie kom nie, dan… hmmm… sal hulle sê: ek gaan hierdie goed net in die klas sê, nie op eFundi sit nie… hmmm… laat julle weet wat aangaan, maar dat die wat nie klas toe kom nie, dat hulle nie weet nie. Dit gaan reflekteer op hulle punte, en as hulle ‘mathematics module’ verstaan, wat is… dan’s dit nie vir my die einde van die wêreld as hulle nie klas toe kom nie. As hulle kom vir hulle toetse en so… Waar vir my dit baie tot die voordeel vir die dosent ook is, as sy elke week ‘n reminder

op eFundi sit dat almal dit sien… want dan gaan dit wees: o ja, ek moet dit nou weer doen… laat ek dit gaan doen, waar baie mense net sal vergeet.

Jade: Ek het al baie keer vergeet… dan stel ek soos reminders op my foon. Ek wil voorberei, ek wil voorberei, en dan iets val altyd voor. En dan vergeet ek. En dan skrik ek die oggend wakker wat ek klas het, dan is dit van: o hene, jy moet dalk voorberei vir klas.

Interviewer: Hmmm… ons het laas keer, met die vorige fokusgroep, het dit uitgekom dat baie van die mense het nie gesien daar's ekstra bronne op eFundi nie. Hulle het nie die links gesien van videos en allerhande goed nie. Ek wil net weet of het julle dit nou al opgespoor? Het julle gesien daar is bronne op eFundi, of nog nie eintlik nie?

Jade: Daar is bronne, maar nie videos sover… ek het nog nie die videos gekry nie.

Angela: Ek weet nie van videos nie. Ek het ook een keer gesien daar's bronne op. Ek het dit gesien.

Interviewer: Het jy op van dit gekliek?

Jade: Ja, dit was soos games… daarso's… met die… wat het ons gedoen, ek dink met die tessolasies of so iets… daar was speletjies wat jy kon doen… jou kon help

Angela: Ja… dit…dis nogal… die bronne wat daar is, is heel eenvoudige bronne. Dis baie basiese werk. Dis nie goed wat bietjie jou challenge nie. Soos ek sal dit baie meer baat vind daarby as hulle moeilike goed daar opsit… al berei ek dit nie nou voor vir klas nie, sal dit vir my lekker wees om dit te doen vir eksamen… vir oefening.

Jade: Ja, want ek kyk… al het ek deur die bronne gegaan, voel ek nog steeds, okay, maar wat soek hulle van my, en dan moet ek in elk geval self gaan soek of self videos gaan opspoor. Soos met die hmmm… met die binnehoek van 'n figuur… dat ons dan… die sentrale binnehoek wat ons so lanklaas… wat ons nie geweet het ons moet dit leer nie. Ons het ook nie geweet hoe om dit te kry nie, en dit was nie op die inligting aangeheg nie. So, toe moes ons maar self dit gaan soek het en probeer uitpuzzle, en baie van die bronne is verkeerd.

Interviewer: So, ek wil vir julle vra oor dit. So daar's 'n bietjie verwarring rondom presies wat jy moet weet. So, dink julle dit sal help as die dosent vir jou 'n video maak, en dit vir jou oplaai, en vir jou sê wat ons in… hierdie deel gaan wees, x, y en z. Dan weet jy presies wat jy moet weet, en dan doen mens 'n ietsie. So, as jy dan in die klas kom, whenever dan nou, die volgende dag of die week daarna, dan kan 'n mens vra: okay, het julle my video gekyk? Wat verstaan julle nie? Dat daai een kan sê daai voorbeeld oor die maan… ek het dit nie verstaan

nie. Anders… the sky is the limit. Dis so wyd oor wat mense kon gaan kyk het. En jy weet nie eintlik… daar's soveel strooi ook op die Internet, nê?

Angela: Presies. En letterlik dit sê as jy op eFundi… as jy op eFundi ingaan, dan's dit die hoofopskrifte… wat jy moet doen, en dan onder dit sê dit: okay, gaan kyk na… gaan kyk na buitehoeke… gaan kyk na volume van figure, gaan kyk na dit. Maar nie spesifiek hmmm… dit was die een ding wat my gepla het… was net… ons moes… ja, ons moes gaan kyk na die… as ons nie in Wiskunde geweet het van hoe om… wat die formule is van buitehoeke van enige veelhoek, of hoe om die binnehoek hmmm… van 'n reëlmatige veelhoek gekry het nie, dan sou ons dit nie kon doen nie… dink ek.

Angela: Maar… dit was so, maar ons het toe… daai keer het sy vir ons daai groepsopdrag opgesit. En toe daarna kon ek dit doen. Ek het ook vir die een weet ek… ek kan nie meer onthou watse een nie, het ek 'n verkeerde formule gehad. En toe ons dit in die klas behandel het, toe weet ek wat daar aangaan.

Interviewer: Ja, okay. So, dit klink vir my of jy 'n voorstel maak vir eFundi. Dat dit spesifiek gaan… vir jou gaan uitlê…

Jade: Ja, module-uitkomste sal great wees.

Jade: En ook, verstaan dit… ons het nie… op hierdie stadium het ons nie dit, en dit freak my so 'n bietjie uit vir eksamen, want ek is 'n persoon wat hou daarvan om te leer… spesifiek… soos …sê… jy moet die buitehoek van 'n figuur… jy moet die binnehoek… jy moet die sentrale binnehoek kan uitwerk van reëlmatig of onreëlmatig. Nou staan daar… nou's dit buitehoeke van figure… okay, reëlmatig of onreëlmatig? Watter figure alles? Tot hoeveel hoeke moet ons kan gaan?

Interviewer: Okay.So, oor my vraag van die video van die dosent spesifiek wat dan sê wat jy moet doen vir die volgende ding. Ja of nee?

Angela: Ek dink dit kan nogal werk. (Jade: Ja)

Jade: Ja, dit hoef nie noodwendig ook 'n video te wees nie. Dit kan letterlik… soos 'n opsomming… 'n puntgewyste…

Angela: Of 'n video nie langer as twee minute nie.

Jade: Ja, want dan… mense sien soos … aag nee…

Interviewer: Maar sê nou maar jy het geweet van die begin af. Luister… vir hierdie module gaan ek elke liewe week ‘n video kry. En al die belangrike inligting wat ek nodig het om te weet, **is** in hierdie video… sekerlik gaan jy hom tog kyk, al is hy nou biejtie langer as twee minute… tien minute, of hoe?

Angela: Tien minute is baie lank, maar ja…

Interviewer: Maar as jy weet daai tien minute word nooit gemors nie. As jy weet die video is tien minute, maar daar is als wat ek moet in weet, ek weet presies wat word van my verwag.

Angela: Ja, nee dit sal werk.

Jade: Ja.

Interviewer: Dan, julle het nou al klaar voorstelle gegee vir eFundi, soos wat dit uitgekom het. Het julle nog voorstelle vir eFundi, want eFundi is eintlik so ‘n fantastiese tool om te gebruik, en dit kan so lekker gebruik word. Het julle nog voorstelle hoe ‘n mens dit beter kan gebruik… of die uitleg of wat ook al… vir ‘mathematics module’ spesifiek?

Jade: Ek het gedink of… gewonder of die dosent ook track kan hou met ons vordering en alles… is in plaas van die groepsopdraggies, kan sy vir ons ‘n weeklikse toetsie aan die einde… soos aan die einde van ’n leereenheid… laat ons soos ‘n eFundi-toets doen, verstaan.

Angela: Ja, al tel hy soos een van jou deelname.

Jade: Ja, hy hoef nie eers deelname te tel nie. Die groepsopdragte wat ons doen, tel nie rêrig veel nie.

Interviewer: En dis ‘n manier om te kyk of mense voorberei.

Jade: Presies, want dan sien sy hoeveel submit het.

Angela: Ja, dit gaan vir haar ‘n voordeel wees… en vir ons… want ook daai toetsie gaan ons dalk ‘n vraag of twee oor hê.

Jade: En dit laat… en dit forseer ons om actually die werk te leer, of voor te berei voordat ons klas toe gaan. Verstaan, as jy vir die… as jy vir die studente sê: dit…hierdie toetsies… dis jou deelname. Presensie tel so persentasie. Hierdie toetsies… dit is jou deelname. Take it or leave it. Skryf dit. Skryf dit nie… dan gaan jy nie eksamen skryf nie.

Interviewer: Okay, hmmm… en dan… my e-pos… het julle dalk een van die videos gekyk van Flipped Classroom of metakognisie?

Interviewer: Okay. (studente lag verleë) En dan… okay die klastoetse… ek wil eintlik dit by julle weet. Hmmm… hoe het die klas verander oor die semester? En ek praat van hoe dit aangebied word… nie van die inhoud nie. Ek praat van hoe dit aangebied, en die… en die inhoud eintlik… askies. Hmmm… het dit begin op ‘n sekere manier en toe bietjie verander of iets, of het dit maar heeltyd half dieselfde gebly?

Angela: Maar die heel tyd dieselfde gebly. Is vir my baie vervelig.

Jade: Ja. (Jade lag ongemaklik)

Angela: Ongelooflik, en as ek klas toe gaan… omdat ek moet klas toe gaan… nie omdat ek wil klas toe gaan nie.

Interviewer: Ja, okay. So jy voel nie jy was ooit uitgedaag in die klas nie. Julle het tog gesê netnou dat die werk in die klas so raps moeiliker was?

Angela: Dit was so een of twee somme, maar…

Interviewer: Nog steeds nie uitdagend nie?

Angela: Dit was nie… vir twee somme om ‘n hele uur en ‘n kwart daar te sit, voel ek nie dis die moeite werd nie.

Interviewer: Okay.

Angela: Ja. Ek… ja…

Interviewer: Sou dit vir julle die moeite werd gewees het as julle daai som wat julle moes doen daai dag, wat so gelyk het. Onthou julle daai een? Sê nou maar jy’t nou gesê, okay, jy kan daai som oplos… jy kan gaan as jy hom opgelos het. Jy kan vir my verduidelik hoe het jy hom gedoen. Sou dit vir jou die moeite werd gewees het?

Angela: Ja, as ek vyf challenging somme gekry het… sy vra aan die begin is daar iets wat julle nie verstaan nie, en dan praat ons vinnig daaroor wat ons nie verstaan nie. Jy’t vyf somme. As jy dit klaar gedoen het, jou antwoorde is reg, dan kan jy gaan. Dan kan sy even daai somme maak… twee is groepsomme wat julle moet doen, en drie is die individuele somme. Dit sal ook my dan nie pla nie.

Jade: Ja, want wat gebeur ook baie keer in die groepe… mense het persoonlike lewens. Party gaan ‘n halfdag hê, en dan gaan hulle nie wil deelneem nie, verstaan. Dan het jy omtrent drie uit ‘n groep van vyf wat dalk werk en aandag gee. En die res is net van: aaag, hoekom moet ek hier wees… hierie is useless?

Interviewer: Maar op die ou end van die dag gaan dit oor jou, en jou leer né? Hmmm… en ek vra dit nou sommer, want sê nou maar daar was ‘n moeilike som… sê nou maar soos hierdie… hierdie som is moeilik. Maar dis ‘n goeie uitdaging. As jy iets soortgelyk in die toekoms sien, dan… dan gaan dit jou opgewonde maak… dan dink jy, jis , ek het al eenkeer so iets opgelos. So, sê nou maar jy het net met hierdie som daar vir ‘n uur gesit, sou julle dit gedoen het? Sou jy vir ‘n uur gesit het totdat jy hierdie ding oplos?

Jade: Ja, ek dink nie dit sou ons ‘n uur gevat het om dit op te los nie, maar…

Interviewer: Dit het iemand in my klas drie ure gevat om hom op te los, maar toe het hy hom gekry. So, jy sou maar net opgegee het?

Jade: Ek weet nie.

Angela: Ek sou opgegee het tot hulle vir my net so… dan sou ek gehou het… ek, persoonlik sou daarvan gehou het as die juffrou vir my ‘n soortgelyke som verduidelik op die bord, maar hy is nog steeds klein bietjie makliker. Jy gaan nog steeds die diepte van hierdie som moet insien.

Interviewer: Ja. Okay.

Angela: Dan gaan ek bietjie meer hoop hê, en dit gaan nog steeds challenging wees, maar ek gaan darem ‘n idee hê waarnatoe ek gaan.

Interviewer: Of miskien, soos rondloop en sien wat jy doen, en jy kan vrae vra en sê: maar het jy daaraaan gedink dat daai hoek dalk 90 grade is, onthou jy jou sirkelmeetkunde in graad 11? So, om te fasiliteer.

Angela: Of sy loop rond en sê: jy’s op die regte pad, of nee, jy is op die verkeeerde metode. Of wat, wat, wat…

Jade: En toe’t sy gesê sy sal daai som met ons behandel, en toe… was nooit vir ons die antwoord gegee nie.

Interviewer: Het julle ooit vir haar gaan vra?

Jade: Ja, ons het op ‘n stadium… ek en my vriendin Lynette, en toe sê sy net: ja, ek sal in die volgende klas vir julle verduidelik.

Interviewer: En toe nie)

Jade: Toe nie.

Interviewer: O, okay. Net gou kyk… by die vraag kom. Skies ek het nou myself hier deurmekaar gemaak.

Angela: Ja, ek … dit voel vir my die dosent spesifiek… is partykeer so bietjie… ek dink as dit by Wiskunde kom, is baie kinders so… hulle is so agtermekaar-kinders. En sy’s ook agtermekaar, maar deur die weer. So, dan sal ek voorstel dat sy ‘n spesifieke lysie maak van hierdie kinders het hierdie die vorige keer vir my gevra… skryf net vinnig neer in die klas. Volgende keer as jy in die klas kom, weet jy hierdie een, twee, drie moet ek gou-gou, vinnig behandel, en dan kan ek aangaan met my normale roetine van die klas.

Jade: En dis baie kinders, en dit begin… dissipline begin soos ‘n groot probleem word, want die kinders… die studente wil nie daar wees nie.

Angela: Want dis vervelig.

Jade: Want dis vervelig, en dan raas en skree die dosent op die res van ons wat wel stil is en wel werk… en dan is sy net… dan… want hulle raas. Dan is ek soos, okay, en dan is dit net ‘n onaangename atmosfeer vir die res van almal.

Interviewer: Okay. En dan het hierdie… hmmm… het hierdie module julle dalk ‘n bietjie gehelp met julle didaktiek? So, as jy nou gaan Wiskunde gee eendag, hoe jy dit dalk sal aanbied vir jou studente, want julle sit nou in ‘n klas waar hierdie vir julle verskriklik vervelig is. Hoe gaan jy seker maak dit gebeur nie met jou eendag as jy vir jou studente gaan leer nie?

Angela: Ek het baie al oor hierdie gedink. Soos, op skool leer hulle absoluut niks vir jou van selfstudie nie. Skool is nie selfstudie nie. Jy gaan doen net jou huiswerk van die werk wat die juffrou vandag vir jou in die klas verduidelik het. En sy het vir jou drie somme gegee wat presies dieselfde omtrent lyk wat jy nou moet gaan doen. Waar hierdie…

Interviewer: So sê jy dis nie eintlik goed nie.

Jade: Inoefening is goed.

Angela: Ja, inoefening is goed, maar….

Jade: Totale lack of self study.

Angela: Die kinders op Universiteit… jy't 'n keuse gemaak: ek wil kom swôt. Meeste kinders het bietjie ruggraat wat kom swôt. So hy het hierdie keuse gemaak. Hy weet as hy dit mors, dan's dit… Kinders gaan skool, omdat dit hulle moet skoolgaan. So, as jy nou vir hulle gaan sê: hoor hier, julle moet hierdie werkies vanaand deurgaan. Ons doen dit more in die klas. Die twee pliggies in die klas gaan dit doen. Die kinders gaan nie… so ek sien nie baie hoe hierie gaan werk in 'n klas nie. Ek sal eerder die werk wat ek in die week behandel het, sê nou maar as jy vir graad 10 tot 12 gee, en jy gaan gee vir hulle ekstra somme om te doen, en elke week met ekstra klas, dan implementeer jy dit so. Watse werk het julle nie verstaan nie… kom ons praat daaroor… kom ek verduidelik dan daai werk meer in detail vir julle. Kom ons gaan weer oor daai werk. So sal ek dit gebruik, maar in klas weet ek nie so mooi… ek het nog nie gedink hoe ek dit dan sal gebruik nie.

Interviewer: Ja, maar dit sou nogals nice gewees het as 'mathematics module' vir jou soos wat jy dink: whaoo, ek gaan dit eendag so vir my kinders aanbied, want hierdie was cool. Ek verstaan nou actually hoekom die volume van 'n kegel 'n derde van 'n silinder is, nadat ek gesien het hoe Archimedes dit bewys het.

Jade: Ja, 'mathematics module' het rêrig ons net gewys… het ons oë oopgemaak daarvoor… dat… hey, die goed wat ons teoreties leer, is actually in die regte lewe toepasbaar. So in daai opsig kan dit help.

Interviewer: Stop gou. So op skool het jy nooit daai konneksie gemaak nie.

Jade: Nee. Nooit. Niemand, ja… onderwysers… jy kom deur die teorie, want daar's nie tyd in die sillabus vir regte lewe. Jy leer wat jy leer, jy vra nie vrae daaroor nie. Jy gaan aan.

Interviewer: Ek's lus om te huil as jy dit sê, maar in elk geval, okay. Daar's twee vrae wat ek nog vir julle wil vra, maar ek wil net gou terugkom, want dis baie interessant wat jy nou sê van op skool, en universiteit, en die verskil. Maar is dit nie nou juis 'n probleem nie? Hoekom doen ons hoërskool op een manier, waar jy geen verantwoordelikheid neem vir jou werk nie, en jy blameer die juffrou as jy nie goed doen nie. En nou kom jy op universiteit, en nou is alles heeltemal anders. Moet ons nie dan verander hoe dit gedoen word op skool nie, en nou sê julle maar iemand gaan nie voor die tyd verantwoordelikheid vat nie, maar as jy druip op hoërskool, want jy bring nie jou kant nie. Seker op 'n stadium gaan jy darem besef hmmm… dis my verantwoordelikheid om hierdie deur te kom. Ek weet my juffrou reteach nie als in die klas nie. As sy van my verwag het om voor te berei, en ek is nie voorberei nie, is ek agter… klaar. Gaan daar nie op 'n stadium 'n mindshift kom nie? Ek wonder sommer.

Jade: Ek dink dit moet dan al in vroeë stadium van ontwikkeling… dit moet al in graad 3…4…5. Daai, dit moet daai 'crucial'… tussen, tussen die ouderdom van van 7 en 14 moet dit al klaar implementeer word. Teen die ouderdom van 14 … dan het jy hulle half verloor. Dan's hulle set in hulle ways. Teen die ouderdom van 14 moet 'n kind sy leerstappe gee, en alles al uitgesorteer hê om hoërskool te kan aantakel, en om universiteit aan te takel.

Angela: Ja, teen daai tyd al weet dit is sy verantwoordelikheid om selfstudie te doen.

Interviewer: Hmmm… ja.

Jade: Dan is mense van nee, die kinders is te klein. Hulle gaan dit nie kan doen nie.

Angela: Ek dink op 'n manier sal dalk wees om dit in die skool bietjie toe te pas… vir 'n begin. Nou is dalk… ek dink nou net vinnig… maar as jy dalk sê met graad 10-leerders… ons doen môre vorms, en ons doen buite-oppervlakte, warra, warra, warra. Hierso is julle werk wat julle moet deurgaan… hier's drie bladsye, en hier's vyf somme wat julle moet doen. Dan, more, as hulle in die klas kom, dan skryf hulle vinnig 'n toetsie van vyf minute, en jy kan sien wie't voorberei, en jy laat daai punte tel. Jy moet die punte laat tel.

Jade: Dis… dis wat ek wou sê… jy gaan hulle moet dreig met: dit tel punte.

Angela: Ja, dan kan die … dan kan jy ook sommer vinnig in die klas ook, voor jy die les begin, identifiseer waar lê die probleem al klaar… wat die kinders rêrig nie verstaan nie, en watse werk hulle nie meer wil doen nie, want dis vir hulle vervelig. Hulle het hierdie klaar… So, dalk is dit 'n manier van dit begin eksperimenteer. Dalk nie so baie van hulle vereis nie, maar tog van hulle vereis om voorbereeiding te doen.

Interviewer: Hulle nog steeds lei. Nie hulle in die donker te laat nie, maar te lei om self reg… En ook wat jy gesê het, okay, soos byvoorbeeld in Wiskunde op hoërskool het jy 'n paar somme… so, jy't drie somme in die klas gedoen, en dan doen jy soortgelyke somme by die huis… (Stem beaam) drie van byvoorbeeld. So, dit leer jou nie dalk om baie selfgerig te wees nie, en dit leer jou ook nie eintlik om vir jouself te dink nie.

Angela: Ek het myself… Wiskunde vir myself… lekker… maar ek hou baie… ek hou baie van Wiskunde, maar om vir myself goed te doen in Wiskunde, het ek elke Saterdag 'n ou vraestel uitgewerk en dit is wat my gechallenge het, en ook ons het elke week by ons juffrou 'n Wiskundeklas gehad, en… 'n ekstra klas gehad, en in ekstra klas het ons moeilike probleme gehanteer. Ons het nie net die vervelige werk gedoen nie. Ons het moeilike probleme gekry.

Jade: En ja, in die ekstra klas doen jy goed wat actually in die eksamen gaan kom. En dit is vir my hartseer, want baie kinders kan nie ekstra klas toe kom as gevolg van vervoerreëlings, of buitemuurse akwitwiteite… nie almal kan altyd by ekstra klas wees nie. Wat dit vir my hartseer maak dat ons nie die moeilike eksamengoed in die klas behandel nie, maar net by die ekstra klas. Dit voel vir my jy sluit ander uit.

Angela: Maar dit is ook… alles hang af van die grootte skool wat jy is. Want as jy ‘n klein skool is, gaan redelik almal kan hmmm… ekstra klas toe kom. Maar ook, as jy ‘n klein skool is, kan jy dalk daai drie moeiliker somme doen in die klas, want jy’t baie minder kinders. Jy kan almal… sê nou maar hierdie een sukkel met daai som, kan ek hom individueel gaan help. Soos ek het gedink in my klas sal ek eendag toepas. Ek gaan altyd ekstra moeilike somme hê vir die werk… Waar, as die kinders wat hierdie werk nie verstaan nie… die kinders, sê nou maar, tussen dertig en vyftig present kry, laat ek hulle help met die eenvoudige werk, maar vir Fransie wat goed doen, druk ek daai papiertjie in haar hand, en sy sal gedrewe wees, want sy wil 90% hê of 100%... daai een wat goed doen. So, sy sal daai ekstra somme so waardeer wat ek vir haar gee wat moeilik is, maar kan ek met hierdie een aangaan. Maar daai een wat op daai vlak wil wees, soos hierdie een wil dalk net deurkom.

Interviewer: Maar as ons dit nou terugbring na ‘mathematics module’, en wat ons nou sê die hele idee met die Flipped Classroom. Die hele Flipped Classroom is om julle te kry om vir julleself te dink, want jy moet gaan voorberei by die huis, maar as jy klas toe kom, moet daar uitdagings wees wat maak dat jy actually na die volgende vlak toe gaan van die werk.

Jade: En dis wat ek voel gaan help as die kinders self die… hmmm… sommige van die teorie kan voorberei. Dan is daar tyd in die klas vir hierdie moeilike vrae, en vir kinders om actually vrae te vra. Daar’s nie rêrig tyd as jy al die… as jy wil die hele periode gaan chalk and talk, dan gaan daar nie tyd wees vir die moeilke vrae om gevra te word nie. Dan gaan jy sê: kom sien my na skool, of so… Wat my ma altyd gesê het, is ‘n goeie voorbeeld van hoe ‘n swak Wiskunde-onderwyser of hoe ‘n swak onderwyser is… onderwysers is soos kom sien my tussen klasse. Waar… wat… hulle verstaan nie… kinders wissel ook. Hulle het ook ‘n skedule en goed… (E: Hulle wil ook badkamer toe gaan) Verstaan, en dan sê die onderwyser: kom sien my tussen klasse as jy vrae het. Hier’s die werk… daar’s die huiswerk… gaan voort.

Angela: Of kom vra my pouse.

Jade: Nee, ek wil nie.

Interviewer: Maar okay, watse tyd dink julle is dan gepas?

Angela: Ekke… wat vir my lekker was, wat ek by my laerskool geleer het. Ek weet nie rêrig of ek dit sal… of ek dit so sal toepas nie. Ek het daarvan gehou. Ons het ‘n ekstra Wiskundeklas gehad. Jy het geweet… van graad 10 af tot matriek. Jy het op ‘n Maandagaand as jy in Matriek is twee ure Wiskundeklas. Jy reël jou goed om dit… jy weet dit. Waar… by my graad 7-juffrou het so… ons skool het half twee uitgekom… of twintig voor twee. Tot twee uur is sy in haar klas. Daar’s geen ekstra klas nie, maar as jy die somme gedoen het, en jy het ekstra vrae… ek is tot twee uur hier. En die kinders wat by die koshuis moet gaan eet, reël maar. En as jy rêrig wil, sal jy pouse kom. Daar is daai kinders wat rêrig wil kom. Hulle sal kom. Die wat nie rêrig wil kom nie, gaan nie kom nie.

Interviewer: Hmmm… Okay, so dan nou by die Flipped Classroom. Jy is veronderstel om die beginsel van die Flipped Classroom… gaan kyk ‘n video by die huis wat vir jou die kennisgoed gee. Daai goed wat ‘n onderwyser net vir jou kan sê wat jy self kan lees. Maar waar die onderwyser daar vir jou moet wees om jou te help vir die moeiliker goed… so dan moet die Flipped Classroom kom, doen die moeiliker in die klas. Wat dink julle is jou rol as student om so ‘n Flipped Classroom baie suksesvol te laat hardloop, en ook, wat dink julle is die rol van die dosent om so ‘n Flipped Classroom suksesvol te laat rol?

Jade: Die student moet natuurlik gaan… jy moet jou voorbereiding gaan doen. Jy moet jou inhoud ken, jy moet die basiese goed kan ken om dit toe te kan pas op die moeiliker goed. En die dosent se rol is om te reël as fasiliteeerder vir hierdie moeiliker probleme, vir die mense wat die probleme ervaar het met sommige van die basiese goed, en dit gou-gou te recap… nie onnodig uit te brei, en van onderwerp te verander, en oor ander dinge te begin praat nie… maar kort bondig… beantwoord die vraag. En dan gaan jy aan na die moeiliker probleme toe wat in die eksamen kan voorkom. Omdat die kennis redelik baie van ons hoërskoolwerk hmmm… bevat, so, jy moes dit al geleer het. So, dit is rêrig hersiening van hoërskool.

Angela: Hmmm… ja, ek sou ook sê hmmm… as die videos, sê nou maar, die oulike video’tjie nou opgelaai word, laat die student dit gaan… kyk. En dan, sê nou maar, vrae doen… of die vrae self of opdraggie wat daar is om te doen. En dan in die klas te sorg dat sy so voorberei is… ek weet nie… dalk soos in die voorbereiding dalk een of twee somme insit wat rêrig moeilik is. Laat, as ons in die klas kom, laat dit nie net hierdie dom, eenvoudige goedjies is nie. Laat die kinders wat bietjie op ‘n hoër vlak is… want dis altyd so in ‘n klas… daar’s die wat op ‘n laer vlak is, en die wat op ‘n hoër vlak is. Laat die kinders wat op ‘n hoër vlak is rêrig ‘n challenge gevoel het deur daai een of twee somme. Al kon daai wat op ‘n laer vlak is, dit gladnie doen nie. Maar laat daai wat op ‘n hoër vlak is, ook wil klas toe kom, en ook wil hoor: wat gaan nou by hierdie som aan, want ek kry hom nie uitgefigure nie. Ek wil hom uitgefigure kry. So, laat hy ook voel, want die kinders wat op ‘n hoër vlak is, voel net so aaaggg, wat moet

ek by die klas gaan doen. Ek verstaan al hierdie werk. Nou moet ek nog gaan sit vir drie sommer om te doen. Laat hulle van die begin af, ook gechallenge word.

Interviewer: So, die dosent is ‘n fasiliteerder, en ook obviously die content writer. Daar moet goeie content… is obviously die dosent se verantwoordelikheid. Wat van eFundi? Dis ook die dosent se verantwoordelikheid?

Jade: Ja

Angela: Absoluut

Interviewer: Okay. En die student dan verantwoordelikheid neem vir sy eie werk? Hy kan nie net terugdraai, en as al daai goed in plek is van die dosent se kant af … dan hmmm… het jy dan mos geen verskonings nie.

Angela: Ja, nee… dan kan… dan’s dit… dan kan… soos die kind kan nie kom kla oor deelnamepunte of iets nie. Daar is klas… geleentheid in die klas… as jy die werk nie verstaan het nie… en ek het spesifiek in elke video gesê wat is die leeruitkomstes, wat ek van julle verwag. So, wat verstaan jy rêrig nie?

Jade: Ja, op hierdie stadium is dit, voel, die vrae wat in die klas gevra word, is nie goed wat hulle rêrig nie verstaan nie. Dis goed, want hulle het nie gaan voorberei nie.

Interviewer: Ja, ja. So, dit mors almal se tyd. So, die dosent se rol ook om iets in plek te stel… om te gaan toets… berei hulle voor. Soos jy netnou genoem het… van dalk ‘n toetsie op eFundi.

Angela: Ja, dit kan baie goed werk.

Interviewer: En ook om te gaan… en om dalk te gaan vassstel wat verstaan hulle nie. So, sit gou na die video ‘n refleksie op. Wat het jy nie verstaan nie… dan voor die dosent klas toe kom, dan weet hy klaar: daai persoon het vir my laat weet hy verstaan nie dit nie. So, ek gaan nou met hom sit, en daaroor werk. Gaan julle solank aan, of iets soos dit.

Angela: Of vraag drie was moeilik of maklik. Dis eintlik iets eenvoudig, maar net 25% het hierdie vraag reggekry nie. Ek moet daaraan… vinnig… al behandel ek dit vir drie sekondes, maar dit moet behandel word. Dit kan baie… veral vir die Flipped Classroo, dink ek, dis ‘n baie oulike idee.

Jade: Want dit… onthou jy ons EDXX-dosent, Ms M? Sy’t altyd…sy’t elke week het ons ‘n eFundi-toets gehad oor die werk wat ons daai week geleer het. En dit het so baie gehelp. Jy’t

jou werk geken! Teen die einde van… teen die einde van die tyd wat dit opgekom het vir eksamen… (Angela: het jy presies geweet wat daar aangaan) Presies.

Interviewer: Jy't nie gewonder wat is nou …

Jade: En jy het geweet wat aangaan. Jy't nie rêrig vrae gehad oor wat om te leer, en hoe presies moet ek hierdie aanpak, want jy't die toetsies gehad. Jy't die toetse gehad om jou weekliks te toets of jy jou inhoud ken… of jy werklik aandag gegee het in die klas. Moet jy dalk weer na hierdie slide gaan kyk. Gaan kyk na hierdie in die handbook.

Interviewer: Ja, ja. So julle het nooit… askies nou laastens, ek dink sommer nou daaraan, en dan's ons klaar as julle nie nog comments het nie. Hmmm… so daar… jy't nooit gevoel as jy 'n som kry of wat ook al: sjoe… hierdie lyk nogals vir my rof. Ek sal dalk 'n bietjie moet gaan oplees. Ek sal dalk 'n bietjie moet Google… oe… ek ken dalk nie hierdie so goed soos wat ek gedink het nie. Dit was vir my altyd net half eentonig… okay… ek het al so iets gesien… okay, ek weet eintlik dadelik wat om te doen. Daar was nooit dat jy gevoel het jy moet jou strategie om te leer, en om 'n probleem oplos, aan te pas nie?

Angela: Ek sou sê: vir my … as ek nie… ja… as ek sien, okay, maar ek ken nou nie hierdie formules nie, dan's ek soos okay, maar ek gaan dit leer vir die eksamen, ek sal…

Interviewer: So jy praat van formules? Nie noodwendig… sjoe… hoe benader ek hierdie som nie?

Angela: Nee, soos daar sal soos letterlik die werk… leerwerk… sal ek nie op datum presies wees nie. Maar ek sal weet ek gebruik hierdie formule vir dit, maar ek kan nie die formule onthou nie. Maar dis… dit was vervelig… baie. Daai som is die enigeste som dink ek…

Interviewer: Die een met die sirkel en die vierkant.

Angela: Ja, wat nogal challenging was. Verder was…

Interviewer: En tog het julle hom nooit gaan oplos nie. Hoekom nie? Hoekom het julle nooit met hom gaan sit by die huis en hom klaargemaak nie? Is julle nie so geïnteresseerd in dit nie of voel jy… aaggg… of wat sal julle sê?

Angela: Ek weet nie… sy het aan die begin van die klas vir ons gesê… sy gaan ons nie vasvra in die toets nie…sy gaan ons nie probeer vasvra nie. Dan's ek soos sy gaan nie die weer vra nie, want hier probeer sy ons vasvra.

Interviewer: So, as jy weet daai gaan nie in die toets wees nie, gaan jy nie bother nie, né? So, dit gaan meer oor die punt… om net om hierdie vak agter die rug te kry, as wat jy nou dink jy gaan iets nuuts leer… noodwendig?

Angela: Ja… nee. Ja.

Interviewer: Okay. Enige iets nog.

Angela: Dis nie… soos… dis…met hierdie vak… omdat dit so ‘n makliker vak is, dink ek kort dit baie meer motivering om dit lekker te maak, en goed. Want almal sê net soos: uuuhh, kyk hierdie ekstra vak, en dit vat tyd in my dag, en ek’s nie lus vir dit nie. Dis nie… ek belowe… dis nie net ek wat so voel en dink nie. Dis rêrig, almal dink so en dan moet ek nog voorberei vir die klas, en ek sit net daar in die klas. Ek het klaar voorberei. Ek weet wat daar aangaan. Nou gaan sit ek in die klas. Vir wat moet ek in die klas gaan sit?

Interviewer: Ja, ja.

Angela: Waar, as jy dalk aan die begin van die klas daai lekker moeilike som, en almal probeer hom uitfigure in die klas en so… wat dan ‘n lekker challenge is vir die klas… dink ek dit sal…

Interviewer: En dan is dit lekker, want mens kan vir mekaar wys. Kyk, wat het ons gedoen. Kyk, wat het ons gedoen. ‘n Mens kan dalk op verskillende maniere en bymekaar leer wat jou ook gaan help as jy eendag ‘n onderwyser is, en iets moet gaan aanwend.

Angela: Ja, en dan… ja, ‘n bietjie tydgebonde daar insit. Nie net as sy na die tyd wil reflekteer oor die som, laat sy nie net… sê… okay… as julle klaar is… sê, dan merk ons dit nie. Sê: jy’t 15 minute. Figure die ding uit. Julle moet dit uitgefigure kry. Laat dit nie so langdradige storie is nie, want dan begin die kinders gesels voor hulle die som doen. En hulle praat nou eers almal oor die naweek voordat hulle die som doen. En dan doen ons die som. Dan kan ons nie eintlik klaar kry nie, en moet ons maar huistoe gaan.

Interviewer: So, dit was ook nie eintlik ‘n akademiese kultuur van hier leer ons… hier werk ons nie?

Angela: Nope. Dit was my lekkerste geselsklas.

Interviewer: Is daar nog enige aanmerkings… enige iets wat julle wou sê of bydra?

Angela: Nee, ek dink net as dit ‘n bietjie meer… baie meer gestruktureerd, ja… en ‘n challenge… ‘n bietjie meer challenging wees, sal lekker wees.

Jade: En…en die dosent sal self sê: ek weet nie hoe om eFundi te gebruik nie. So, jammer julle. Ek is ook nog besig om dit uit te figure. Sê ek maar, maar jy's die dosent hier. Ons… ons hang af van eFundi om ons inligting te kry of voor te berei, sodat ons hierdie module kan slaag. So, nou sê jy vir ons die enigste manier hoe ons gaan… hoe ons kan slaag, weet jy nie hoe om te gebruik nie. Dan is jy net….

Angela: Ja, ek voel ook absoluut… as dit… dit was ook vir my: soos wat de hel, wat…

Jade: Wat soek jy hier… wat doen jy hier?

Angela: Doen dan 'n kursus as jy moet. Skryf dan nou maar vir jou in 'n boekie al die stappe wat jy moet doen. Maar moenie elke keer as jy daar kom, ek gaan volgende jaar, aan die einde van die jaar, dit op eFundi reg hê nie. Nee. Kry dit reg. Dis wat jy moet doen. Jy moet net eFundi doen, en net daai bietjie werk wat nie eens vir ons moeilik is nie… hoe maklik is dit vir jou … voorberei vir die klas. So, jy kan net die eFundi regkry. Want dis soos 'n manier van kommunikasie, en daarom, as dit nie reg is …

Jade: Dan's dit soos: hoe moet ek hierdie doen? Verstaan?

Angela: Dit maak jou… net sulke klein goedjies, soos daai tyd jy sit en gesels, en nie produktief werk nie, en eFundi wat sy nie regkry nie, en die goed wat nie challenging is nie. Al daai goedjies dra by tot "ek's nie lus vir dit nie".

Interviewer: Lae motivering. (Al twee: Ja) Ek verstaan. Okay.

Angela: So, as jy weet jy kom in die klas, dis werkgedrewe, ons gaan nou werk, ek gaan iets leer… al vat dit nie die hele tyd nie, maar vandag het dit my gechallenge, ons het die werk geleer, en ek het dit reggekry, dan …

Jade: Dit voel asof… dan praat sy oor ander goed net om die tyd verby te kry, en dan is ons almal in elk geval so verveeld …

Angela: Dis rêrige 'n vervelige klas. (Jade: Uhhh, my genade) Ek's eerlik, dis super vervelig. Ek hoop nie sy luister nie. (Jade lag verleë)

Interviewer: Is daar nog ietsie?

Angela: Dis net… dit… daai klein goedjies sal al baie verbeter as dit… daai toetsie voor die tyd en die video. Dink dit gaan al 'n baie groot verskil maak.

Interviewer: Okay. In die Flipped Classroom en om dit beter te maak. En dalk ‘n bietjie meer motivering. Net dat ‘n mens darem nie voel dis ‘n mors van tyd nie. Okay, dankie julle.

Angela: Ja, of ook daai, sorry, daai hmmm… Kahoot.

Interviewer: O ja, iemand anders het dit ook voorgestel.

Angela: Dis baie lekker. Dis fine as almal sien wat aangaan. Dis soos rêrig baie fun.

Jade: Ja, en hierdie is maklik genoeg om dit te kan doen op Kahoot. Verstaan. Hierdie is makliker genoeg… die inhoud om dit te kan doen.

Angela: Jy kan vinnig die som in jou kop doen en…

Jade: Ja.

Angela: Ja, dis maklik genoeg… jy kan rêrig sulke goed implementeer.

Interviewer: Okay. Dankie julle.

Reflection interview

Petra – current lecturer semi-structured interview

Interviewer: Ek wonder sommer mevrou Dreyer hulle het nou ‘n paar toetse geskyf en mevrou weet hoe lyk hulle punte. Hoe lyk hulle punte oot die algemeen vir hierdie groep?

Petra: Kyk daar is altyd en spesifiek in hier die groep ok weer ouens wat rerig goed doen en natuurlik ouens wat nie so goed doen nie. Ek het nou nog glad nie gemiddledes en dinge uitgewerk nie, maar ek sou dink uhm ek wil dit nou probeer vergelyk maar ek het nou net verlede jaar se groep waarmee ek dit kan vergelyk mos. Ek wil dink hulle het ‘n bietjie swakker gedoen, ja. Maar vir my was die groep mos dalk moet ek meer na die eksamen na toe kyk. Want verlede jaar se groep was ek mos so beindruk mee omdat hulle almal geslaag het. Drie het nie geslaag nie en toe met die tweede geleentheid wel. So ek sal kyk met die eksamen maar ek dink die deelname was vir my ook mos bietjie minder as verlede jaar, maar daar is ook wel kinders wat weer goed gedoen het. Ek is nou jammer ek kan nie vir jou se van ‘n gemiddeld nie.

Interviewer: Nee dis reg. Kon mevrou ‘n patroon optel in die tipe goeters wat hulle verkeerd gedoen het? Is daar sekere afdelings waarmee hulle gesukkel het of is dit maar net half ‘n mengel.

Petra: Ja, ek dink dis maar ‘n mengsel. Ek dink uh dit voel vir my partykeer juis of hulle juis ‘real life’ goed of hulle dit amper beter insien. Weet? En ek dink so as ek nou volgende jaar nou weer vir die volgendes dan sal ek eintlik meer ‘real life’ goed wil insit ook. Dit voel vir my asof hulle daarmee.

Interviewer: In die toetse?

Petra: In die toetse ja.

Interviewer: En dan voel mevrou se verwagting van die klas van die begin af en nou sal mevrou sê mevrou se verwagting is oortref of nie?

Petra: Nee, my verwagtinge is nie oortref nie. Ek dink omdat ek verlede jaar so opgewonde was oor daai klas my verwagtinge half oortref en ek het rerig gedink hierdie jaar gaan dit weer so wees. Maar miskien is dit dalk juis miskien is dit dieselfde as verlede jaar maar omdat ek verlede jaar nie verwag het dat dit goed gaan wees nie jy weet, ek het dit ervaar. Ek dalk moet eke k is nie negatief oor die klas nie glad nie jy weet glad nie. En ek is ook glad nie

negatief oor die flip idee nie ek gaan verseker dit net so aangaan volgende jaar. Uh so eintlik moet ek sê kom ek se my verwagtinge is dalk net dis nie oortref nie maar ook nie onderskat nie dis omtrent so net dieselfde. Want ek dink nogsteeds die flip het vir hulle gewerk. En ook aan die hand van wat hulle vir my terugvoer gegee het.

Interviewer: En dan as mevrou volgende jaar daarmee aangaan wat sal mevrou dieselfde hou en wat sal mevrou anders doen vir die flip?

Petra: Twee goed spesiefiek. Ek sal, onthou dis ‘n tweede semester module ne, so dis nou eerstejaars wat in kom aan die begin van die jaar. Hulle doen al in die eerste semester hierdie Module 111, dis bietjie ‘n meer ingewikkelde module as hierdie 121. So hulle dink, so hulle tref dit nogal hard daai module waar hulle in kom en uhm soos wat ek nou met die twee jare gedoen het ook. Ek gaan sien graag die klas voordat ek met die module begin. So aan die einde van die erste semester vra ek daai dosent of ek net so 10 min met hulle kan gesels dat ek net vir hulle kan vertel hoe ons gaan werk die twede semester. En dat ek dan vir hulle mos se ek gee reeds vir hulle ‘n taak op Efundi, want hulle gaan proef mos direk na die vakansie as hulle terug kom moet hulle al vir my iets ingee. Nou ek gaan daai ding ook nog baie mooi deur dink, want hierdie module is nie baie moeilik nie dis mos maar oor die vorme en dis baie verstaanbaar en baie van die goed weet hulle of wil ek sê dink hulle weet hulle. En dit voel vir hulle asof dit bietjie maklike goed is maar omdat dit makliker is as die eerste semester se ding, of meer bekend is. So ek sal vir hulle wil ek wil amper sê meer uitdagende goed in daai eerste ding gee. Ek wil hulle eintlik ‘n groter ‘challenge’ gee, in daai eerste taak wat hulle gaan doen, dat dit nie vir hulle te maklik voel nie. Ek wil ‘n paar goetertjies daar in sit wat hulle kan trigger en dan die ander ding wat ek wil anders doen en dit het meer uitgekom in wat hulle vir my gese het is en dis ek het nou hierdie jaar weer vir al daai klasse wat ons gehad het net die links op efundi gehad en vir hulle ook gesê hulle moet nou self nog verder goed gaan soek. Dit het ek nie vreeslik hierdie jaar by hulle ervaar dat van hulle vir my kom sê jis kyk hierdie oulike link wat ons ook gekry het maar verlede jaar het ek, maar hulle het gevra ook dat ek moet self vir hulle videos opsit en ek het nogal gedink dit gaan ek defnitief doen. Ek het ook in die literatuur ook gelees dat uhm dis baie goed in ‘n flipped classroom dat ‘n mens ook kort afdelingkies gee nou ek is nou 2 jaar deur hierdie module daar is vir my eintlik dis lekker afgebaken wil ek amper sê in 10 klasse. Lekker eerste net veelhoeke of wat okal. Nee dis tipe driehoeke en dan die vierhoeke en dan vir elke konsep wil ek amper sê is daar, kan mens ‘n lekker klas oor doen en ek het gedink ek wil 15 min klasse dan maximin. 10 na 15 min klassies videotjies maak en dit vir hulle opsit sodat hulle met elke klas dit dan kry hulle dit dan eers om te kyk.

Interviewer: Het hulle ook gesê dat hulle sal daarvan hou.

Petra: Hulle het gesê ja, hulle het pertinent vir my gesê elke keer, hulle dink ek moet videos van die klasse opsit wat ek dan nou in die klas verduidelik want onthou ek verduidelik eintlik nie in die klas nie behalwe as hulle vir my vra. Vra op wat hulle gekyk het. En dan seker maar die tipiese onderwyser wat ek dan is dan sê ek okay kom ek gee nou vir julle klas hieroor. Dan brei ek dalk bietjie meer uit as wat hulle dalk selfs gevra het en dis hoekom ek gedink ek dat ek eintlik, want ek weet mos nou wat wil ek eintlik vir hulle laat leer in daai ding dat die links en alles eintlik bonus en ekstra is, hulle moet daarna gaan kyk maar ek gee vir hulle ‘n basiese klas oor dit wat ek voel wat hulle nodig het in daai klas. En dan rerig ‘challenging’ goed doen, want dit het ek deur jou agtergekom onthou jy, jy het dit eintlik agter gekom hulle wil uhm meer komplekse dinge doen in die klas.

Interviewer: Nog iets vir dieselfde of anders of is dit nou min of meer dit?

Petra: Ek dink dis min of meer wat ek vir hulle sal.

Interviewer: En dan, dink mevrou hierdie klas is waardevol vir hulle en dink mevrou dit is ‘n waardevolle klas. So vir hulle en vir mevrou. As mevrou nou dink in lig van wie hulle is waarnatoe hulle opad is. Is hierdie klas waardevol?

Petra: Absoluut. Dis weer vir my een van daai deeltjies van wiskunde wat almal eintlik altyd voel ag ons weet hoe werk ‘n driehoek ons weet hoe lyk ‘n vierhoek en daai goeters. Maar gaan doen bietjie rerig of vra vrae daaroor of merk hierdie toetse van hulle en sien hoe verkeerd skryf hulle dit en die waardevolheid wat ek sal dink veral vir hulle ook is het ek spesifiek gesien in die begin dan kon hulle net so 5 uit 10 of 3 uit 10 kry vir die ding. Dan sê ek weet jy as ek nou vir julle hier is nou ‘n saamgestelde figuur en ek vra nou oppervlaktes en dinge dan kan jy nie vir my hier ‘n klomp somme doen of wat okal nie. Jy moet vir my skryf jy los mos nou hierdie probleem vir my op. Jy moet vir my skryf kom ons sê dan nou maar as jy nou besig is met die dak se oppervlakte uit te werk of iets dan moet jy vir my kan skryf jy weet die dak is nou of pyramide of buite-oppervlakte of wat die problem dan okal is, maar dan moet jy kan sê wat jy doen. As jy net vir my daar skryf kom ons sê nou dis ‘n buite oppervlake van iets wat jy uitwerk. As jy nou op die ou einde mooi jou goodies skryf en en jy skryf op die ou end dis 140. 140 wat? Ek moet weet is dit vierkant ‘n meter is dit dit en ek meen dat jy daar kry en dis wat vir my altyd wys hulle baie keer dink hulle hulle weet meer as wat hulle weet. Want dit voel vir my so half of ‘n ou onthou hulle het wiskunde in matriek gehad. Hulle doen wiskunde hoofvak. Hulle gaan wiskundeonderwysrers wees. Dan dink ek op eertsejaarsvlak behoort jy al reeds te weet maak nie saak watter oppervlake jy uitwerk nie, oppervlakte is

vierkant ‘n meter. Jy kan nie by ‘n oppervlakte vir my kom skryf dis meter of dis soveel kubieke meter nie. Dis daai ek voel mos daar is basiese goeters dis amper dis amper soos ek weet ons wil nie van ‘n toolboksie praat nie, maar ek glo daar is ’n toolboksie wat jy reeds moet weet. Dit moet jy weet, of ‘n laaikassie. So, en ek dink dis hoekom dit waardevol vir hulle is, want as hulle dit nie daaruit geleer het, want hulle het verseker al beter gegaan, want al is dit net omdat hulle weet nou ek het dit verwag so ek hoop hulle doen dit later so en ek dink hulle moet dit ook van hulle student verwag.

Interviewer: Presies, want hulle is veronderstel om hierdie al reg te kan doen van hoërskool af doen want dit is ‘n herhaling so mens hoop dat hulle wel hulle studente eendag dan nou van hoërskool af al beter sal onderrig. Dink mevrou die module in daai opsig dat dit hulle beter in staat gaan stel om hierdie inhoud beter aan te bied as ondewysers.

Petra: Ek hoop so, defnitief. Want soos ek sê want hulle dink hulle weet dit maar ek dink nie hulle weet so baie as wat hulle dink hulle weet nie.

Interviewer: So, interessant. Soos kan mevrou aan enige uhm metakognisie wat na vore gekom het soos uhm metakognisie so the ability to know what you know and the ability to know what you don’t know. Ja, so is daar enige iets wat mevrou daar kan sê?

Petra: Weet jy elke keer as ek vir hulle aan die einde van die periode mos hierdie vraeslysie gevra het sou hulle altyd gesê het iets van uhm jy sal dit sien op die papiere ook altyd sal hulle iets gesê het van dit hulle hou van die flip idee want dit help hulle om te agter te kom wat hulle nie weet nie. Hulle het dit spesiefiek genoem. En dit is vir my metakognisie. So hulle kom agter wat hulle toe nie weet nie. En dat hulle dit dan nou op ‘n ander manier of weet dan nou weer gaan kyk of iets.

Interviewer: En dan is dit moeilik om agter die kap van die byl te kom by van hulle wat dan nou rerig swak doen in hulle toetse is dit omdat hulle rerig net nie gaan werk nie of hulle gee nie om nie of is hulle metakognisie swak dat hulle nie kon agterkom wat hulle nie eintlik weet nie.

Petra: Ja, ek dink dis ‘n moeilke vraag. My persoonlike gevoel is daar is baie student wat ek amper wil sê wat ek dink nie hulle kant bring nie ek dink dis ‘n metakognisie probleem nie. Ek dink rerig waar. Dis seker ‘n aanpassing van skool na universiteit toe niemand hou jou dop nie, en dit lyk eintlik ‘n maklike ding ag ons sal in die eksamen leer weer? Ek dink rerig nogal daar is vir my nogal ‘n…

Interviewer: Lae motivering?

Petra: Lae motivering dalk selfs ja.

Interviewer: En dan Efundi. Het dit mevrou goed gewerk en het mevrou gevoel mevrou raak beter met Efundi en hoe kan mens Efundi beter gebruik dalk selfs.

Petra: Okay. Ek beplan om Efundi baie beter te gebruik. En ek moet eerlik sê ek het bietjie verbeter, maar selfs eers weer na die einde toe en jy weet dit self toe ek agterkom ek het vandag weer vir iemand vertel van Efundi is nie die mees gebruikersvriendlike stelsel lyk vir my hier rond nie, want ek sien dit met die ADT waar ek dis NGOS waar ek mos program koordineerdes is soveel studente kry nie hulle goed opgelaai nie toe kom ek agter maar dis presies die fout wat ek gemaak het want ek sit dit op announcement dan tik ek die hele dingetjie mooi en die mense is soos jy wat ook lid weet of member daar was dan gaan ek af dan moet ek kies gaan jy nou vir watter groepe dit moet wees dan moet ek kies moet julle genotify word en dan kom ek agter dan sê dit continue dan druk ek continue dan dink ek mos nou is ons klaar dan gaan hy weer na boontoe dan is dit net dieselfde ding weer en dan het ek altyd gedink ek is klaar en dan gaan ek uit en dan kom dit nie by hulle uit nie en al die tyd moet ek net weer deur die ding gaan ek hoef niks weer te doen nie ek gaan net weer deur die hele ding en dan staan dan heel onder weer want dit was nog nie of my skerm nie, want na continue spring hy eers weer boontoe, maar dan staan daar ‘n post announcement. Nou sien ek het dit nooit geweet nie. Ek weet dit nou. So nou die laaste klomp goed het ek elke keer seker gemaak ek is tot daar. So ek weet ek gaan verseker beter wees met Efundi en dis hoekom ek ook hierdie videotjies wat ek maak op efundi vir hulle sit. En jy weet ek gee mos vir die afstand ook. Vir die afstand gaan ek al daai videotjies reg aan die begin al gee dat hulle op hulle tyd kan werk want ek gaan twee maal met hulle in ‘n semester praat volgende jaar. So dan voel ek hulle kan ook meer kry wat ek hier gee, maar so Efundi defnitief dink ek kan ‘n mens baie beter gebruik en ek gaan dit verseker beter gebruik en ek weet ek weet nou meer en ek gaan sorg dat ek nog meer weet. En uhm vir hulle weet ek nie of hulle efundi spesifiek beter gaan gebruik nie want hulle ken al eintlik al Efundi teen die tyd wat hulle by my uitkom.

Interviewer: Is daar dalk nog enige funksies van Efundi wat mevrou bygeleer het wat mens dalk kan.

Petra: Ek het nie nou nie, maar ek het gehoor van verskeie funksies. Want ons gaan ook by Uni prep, waar ek is, ons gaan nou selfs daar ook doen en ek gaan daar vir hulle toetsies opsit. En wat ek wel bygeleer het is onthou hulle die afkampus gee vir my hulle take elektronies. En ek kan dalk nou selfs vir hierdie student ek dink ek moet dit dalk doen nou dat ek dink wanneer hulle vir my dalk daai taak wanneer hulle begin weet taak doen. Moet hulle

vir my elektronies ingee voor ek hulle self sien. En dan kan ek dit dan al vir hulle terug gee en ek kan dit dan elektronies merk ook. Ja, so ek het dit en ek weet ook by die Uni prep het hulle ook gesê hulle gaan vir ons ‘n opleiding reël vir dis ook een of ander dis ook soos ‘n toets ding wat hulle op Efundi kan skryf en dan merk Efundi sommer. Neem aan dan is dit soos ‘n ‘monkey puzzle’ tipe van ding. Maar ek het gedink ek sal gaan kyk wat ek daarmee ook kan doen.

Interviewer: En dan as mevrou nou hoor iemand in hierdie gang wil vir ‘n semester ook ‘n klas flip doen. Wat sal mevrou vir hulle aanbeveel?

Petra: In kort sal ek sê eerste ding is ek dink jy moet die student voor die tyd vertel wat jy gaan doen. Dis baie belangrik dink ek. Jy moenie daai dag as jy in die klas kom eintlik nie want dit nou in die begin van die jaar is, is dit nou anders. Maar jy moet vir hulle reg aan die begin moet jy vir hulle baie mooi vertel hoe dit gaan werk en wat jy van hulle verwag wat jy van hulle verwag om te doen. Dis vir my belangrik. En ek dink jy moet vir hulle so bietjie vertel dat dit werk jy het dit al gedoen en dit werk en okay kom ons kyk hoe werk dit met hulle en so maar jy moet hulle inkoop kry want as hulle nie inkoop nie gaan dit nie werk nie so jy met die student en ek dink ‘n mens moet deergans meer motiveer jy weet. Ek dink ek moet een of ander motiveringstrategie of ietsie ook met hulle in die ding kry. En so dit sal ek vir mense sê jy moet dit defnitief doen en dan moet jy, ek sal vir hulle ook aanraai dalk om van die begin af videos self te maak. Ek sal dit wat ek nou al gelees het oor flipped claasroom en dit wat ek weer nou nog gaan lees voor ek met iemand praat.

Interviewer: Videos self maak. Uhm enige nog iets daar vir ‘n dosent?

Petra: Ja, defnitief daai wat ons hierdie jaar gedoen het wat ek nie verlede jaar gedoen het nie was om reg aan die begin van as hulle inkom ‘n tipe van ‘n takie ons het dit nou klas taakies genoem. ‘n Klas taak te skryf, toetsie tipe van ding te skryf oor dit wat hulle voorberei het.

Interviewer: So dink mevrou dit het goed gewerk as mens dit dan eers vir hulle gee? Dink mevrou mevrou sal dit oorweeg om dit elektronies vroeër by hulle uit te kry dan kan mevrou in die klas alreeds sê ek het gesien julle sukkel met x,y en z in plaas van ‘damage control’ want dit kom nou eers uit.

Petra: Ja. Ek dink dis absoluut die antwoord maar dan sal jy ‘n ander ding implementer vir om klas by te woon. Maar in elk geval as jy hulle inkoop kry hulle moet eintlik bywoon, hulle moet daar wees, maar ek dink dis rerig iets wat ek sou sê probeer daai Efundi dingetjie want dis

hoe ek verstaan dit by BlackBoard, dis waar my seun hulle op kovsies, hulle het so hulle moet voor jy klas toe gaan moet jy daai toetsie klaar gedoen het.

Interviewer: En dan uhm is mevrou gekontak deur baie student soos per epos of met spreekure in die kantoor of so?

Petra: Ja. Uh nie baie nie, maar ek is wel.

Interviewer: Wat was hulle tipe, wat wou hulle weet?

Petra: Weet hulle sal ek dink hoekom hulle ook nie baie hier was nie, ek moet sê dis baie in die klas, want onthou die klas het oop die ou end ‘n werk klas geword. Ons het altyd in die klas gewerk aan die goed so hulle sou baie keer vra ek wil nie nie sê elemetere goed maar ek wil amper sê rerig basiese goed en dis hoekom ek nogsteeds voel ook hulle dink hulle weet baie meer hulle dink. Hulle dink as hulle vorms ken hulle kan hierdie goeters alles doen, maar dit is nie so nie. So hulle sou vir my meeste maar in die klas vra van dit wat hulle nou gaan kyk het op die links en dan wat hulle vir my hier sou om vra het baie keer is as hulle nou die toets terug gekry het weet in die klas en hulle wonder dan maar hoekom het hulle nie hierdie punte of dit nie. Hulle wil amper net kom seker maak hoekom kry hulle nie daai punte nie.

Interviewer: Okay, so dis weereens daai fokus op punte eerder as leer wat ons al voorheen oor gepraat het. So dit was min wat hulle met mevrou ontak gemaak het buite klastye oor inhoud wat hulle oor onseker is?

Petra: Ja, nee dit het hulle vir my in die klas meestal gevra.

Interviewer: Okay. En dan uhm watter ander tegnologie uhm ek probeer nou my eie vraag hier verstaan wat ek neergeskryf het. So mens het van Efundi gebruik gemaak en dan het mevrou van powerpoint gebruik gemaak. Is daar nog enige tegnologie wat mevrou nou al deur die loop van hierdie jaar uitgevind het of agtergekom het wat dalk goed kan werk om ‘n flipped classroom nog beter te maak.

Petra: Wel defnitief die internet. Ek meen al hierdie ‘links’ wat jy vir hulle opsit meen dis tegnologie wat jy gebruik en daar is die sky eintlik die limit. So daar kan hulle, ek het niks anders in die klas vreeslik nie. Ek sal baie graag wil amper meer ek wil sê praktiese goed in die klas ook doen. Ek het al gedink om in elk geval volgende jaar meer noem dit nou maar modelle omdat hierdie goed is vorms en vaste liggame en goed.

Interviewer: So fisies dit vir hulle te wys.

Petra: En selfs amper dat hulle dit bou in die klas.

Interviewer: Ja, dis is so.

Petra: Want dit dink ek kan ook vir hulle help wanneer hulle dit nou weer gee in klasse. Weet wanneer hulle skool hou.

Interviewer: Natuurlik. En vir die flipped classroom, om dit mens probeer meer aktiewe leer, groepwerk bevorder so laat hulle by mekaar kan leer en as jy uitgedaag word dat jy saam kan werk daaraan. Sal mevrou sê daar was goeie groepwerk? Het hulle goed saamgewerk en aktief saamgewerk?

Petra: Ek dink so. Kyk jy kry altyd ook in daai klas ouens wat iewers sit en nou eers weer iets anders moet doen of so, maar oor die algemeen sal ek sê hulle het vir my as ek dink al die tafels, groepe het vir my baie lekker saamgewerk. En die tye wanneer hulle nou werk daaraan en ek is daar rond en ek akn help dan uhm weet hulle vra my ook dan as ek daar is en hoekom is dit hier en ek kan agterkom hoe werk hulle in die groepe. Nee, ek dink dis defnitief ‘n lekker idee vir groepwerk.

Interviewer: En dan terug by metakognisie. Is daar enige iets nog wat mevrou kan aan dink wat mevrou bewus geraak het van of ‘n tekort aan metakognitiewe vaardighede of dalk waar jy kan dink sho hierdie kind of student het dit dalk.

Petra: Ek dink wat vir hulle op ‘n metakognisie vlak tipe van kan help is die feit dat hulle eintlik moet besef wat hulle nie nou in die klas verstaan of gehoor het of iets nie. Sê nou mar nie daar was nie of selfs net as hulle nie nou verstaan het nog nie en hulle het nie nou al het ons verduidleik of wat okal en hulle het nog nie gevoel jis ek is nou baas van hierdie ding nie. Dink ek behoort hulle nou agter te gekom het, oh maar ek kan nog weer op die links ook gaan kyk. Al het dit hulle net so bietjie aangewakker om te weet eintlik is daar so baie open resources beskikbaar. En ek dink dit is wat al die onderwysers en al die kinders ook moet agterkom. Daar is amper nie ‘n rede meer vir jou, of dit nou ‘n flip class of ‘n gewone klas was dat jy by die huis sit of as jy internet toegang het en jis en ek verstaan nou glad nie hoe hierdie ding werk nie dat jy nie iewers ander hulp kan kry nie. Jy hoef nie eers more in die klas te vra amper nie. So ek, dit is vir my metakognisie dat jy self agterkom ek kan nou ek moet net ietsie anders gaan kyk dan kan ek dit dalk agter kom. So ek sal dink op dit. En uhm, maar miskien sal ek nou eers in die eksamen agterkom. Jy weet, dat ‘n mens nou sien.

Interviewer: En in die klas partykeer goeie vrae uitgekom nie net die basiese wat mens dink hulle het nie voorberei of wat mens dink jis jy moet hierdie weet. Het daar goeie vrae uitgekom,

ek weet nie, ek kan nie nou aan ‘n voorbeeld dink nie, maar ‘n goeie vraag wat aandui sjoe jy het rerig in diepte hier ingegaan of enige goeie vraag dalk net soos sjoe hierdie vraag wat ons nou gekry het, ek dink dit kan nogal op twee verskillende maniere opgelos word of iets soos dit wat bietjie ‘n hoë kognitiewe vlak aandui.

Petra: Ek dink, weet jy waar het hulle nogal wat ek agtergekom het wat hulle party ouens het rerig nie, ons moes mooi kyk tot almal nou verstaan eintlik is toe ons nou, wat noem jy dit, piramide goed gedoen het hierdie vaste liggame. Nou gaan dit oor die volumes daar of die buite-oppervlake of wat ons in daai geval gedoen het. Nou daar is mos ‘n skynshoogte en dan is daar ‘n vertikale hoogte van hierdie ding. Nou daai goed is vir hulle verwarrend. Jy weet, so hulle sou daar oor vra maar hoekom is dit nou hierdie hoogte en nie daai hoogte nie en ek dink nogal as jy die prentjie sien jy, want jy moet daai prentjie verstaan eers dan gaan jy agterkom wat is die skynshoogte en hoekom is die skynshoogte so en hierdie regte hoogte en waarvan praat ek nou eintlik as ek van iets praat, wat ek nou moet uitwerk. As jy oppervlaktes moet uitwerk dan is dit eintlik hierdie driehoeke se oppervlaktes so dan is dit daai skynshoogte wat die hoogte van daai driehoek is, want dan teken hulle baie mooi hierdie hoogte in, want dit is dan daai driehoek se hoogte. Maar dan sê ek dis nie hierdie driehoek, ek dink rerig dis jy moet verstaan jy is besig met die buite-oppervlakte, dis ‘n vlak eintlik wat jy ‘n oppervlakte kry, weet dis nie nou die hoogte van die piramide nie. Ek onthou daai dag het hulle nogal, daar was baie wat baie deurmekaar daarmee geraak het.

Interviewer: En het van hulle maats dalk ook ingeklim om te probeer verduidelik?

Petra: Ja, want hulle verduidelik eers aan die tafel vir mekaar en as ek dan verby is.

Interviewer: En hoe het dit gegaan, het dit geklink asof hulle goed verstaan? Kon hulle dit goed vir mekaar oordra?

